'n Oorinvordering van R109.297 m of 5.76 persent is op departementele ontvangste vir die 2020/21-boekjaar gerealiseer. In die vorige boekjaar het die oorinvordering van ontvangste R240.683 m of 13.93 persent beloop. Die afname in oorinvordering in vergelyking met die vorige jaar beloop R131.386 m of 54.59 persent. Die afname kan hoofsaaklik toegeskryf word aan COVID-19 en die gevoglike nasionale rampstoestand wat geleid het tot 'n onderverhaling op huurkontrakte weens huurvakansies wat aan huurders verskaf is, asook stadiger groei in die aantal voertuie.

Die inkomste uit motorvoertuiglisensies oorheers steeds departementele eie ontvangste (93.5 persent) met die res wat hoofsaaklik uit abnormale vragsensies, bedryfslisensies, spesiale motorvoertuig-nommerplate, kursusgelde, huur van kantoorgeboue en boetes en verbeurings bestaan. Die inskrywing in die item "verkoop van kapitaalbates" sluit in ontvangste van die verkoop van die Woodstock-hospitaal, erf 690 Piketberg en gedeelte 34 van plaas nr. 918, en die verkoop van padbou- en instandhoudingsaanlegtoerusting (geel vloot). Die aantal geregistreerde voertuie het afgeneem van 2 067 700 op 31 Maart 2020 tot 2 054 945 op 31 Maart 2021 'n netto afname van 12 755 motorvoertuie of 0.61 persent.

Daar was 'n netto afname in die aantal spesiale nommerplate van 4 821 of 51.48 persent van 9 364 soos op 31 Maart 2020 tot 4 543 soos op 31 Maart 2021. Die aantal abnormale vragsensies wat in die oorsigjaar uitgereik is, het met 1 766 of 18.39 persent afgeneem van 9 603 op 31 Maart 2020 tot 7 837 soos op 31 Maart 2021.

Die toename in die item "transaksies in finansiële bates en laste" hou hoofsaaklik verband met ontvangste wat verband hou met die vorige finansiële jaar vir agterstallige huur van eiendom, ongeluk- en ander eise, en terugbetalings van oordragbetalings van munisipaliteite.

Afskrywings ter waarde van R2.712 m is vir die verslagjaar gedoen, hoofsaaklik as gevolg van skade aan staatsmotorvoertuie (SMV), konstruksie van paaie en toerusting vir instandhouding.

### Besonderhede oor tariewe gehef deur die DVOW

Tariewe wat op provinsiale vlak bepaal word, word hieronder beskryf.

- Motorvoertuiglisensiegelde: Hierdie fooie word deur die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996) (NRTA) beheer. In ooreenstemming met die Provinciale Tesourie het die Provinciale Minister van Vervoer en Openbare Werke vanaf 1 April 2020 'n gemiddelde tariefverhoging van 4.5 persent ingestel.
- Skutgelde: Hierdie fooie word deur die "National Land Transport Act, 2009" (Wet 5 van 2009) (NLTA)(nasionale wet op landvervoer) en NRTA beheer. Daar is 'n voorgestelde ooreenkoms op nasionale vlak om een skuttarief in alle provinsies ter tafel te lê wat afgehandel moet word en daarom bly die bestaande goedgekeurde tariewe dieselfde.
- Gene Louw Verkeerskollege (GLTC) kursusgelde: Hierdie fooie word deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) (PFMA) beheer. 'n Gemiddelde tariefverhoging van 5.1 persent is vanaf 1 April 2020 geïmplementeer.
- Huur van staatsbehuising: Die voorgeskrewe tariewe word toegepas soos in die PFMA beoog.
- Huur van staatsgeboue: Soos beoog in die PFMA, word ooreenkomste aangegaan teen markverwante tariewe of soos anders deur die Provinciale Tesourie goedgekeur word.

Tariewe wat op nasionale vlak bepaal word, word hieronder beskryf.

- Koste vir vrystellingspermitte: Hierdie gelde word deur die NRTA beheer.
- Diskrete motorvoertuig- en persoonlike nommerplaatgelde: Hierdie gelde word deur die NRTA beheer. Die tariewe wat die Minister van Vervoer bepaal en op 1 Februarie 2003 in werking getree het, het onveranderd gebly.
- Diverse gelde: Hierdie gelde word deur die Wes-Kaapse Padverkeerswet, 1998, en die NRTA beheer. Die tariewe wat deur die Minister van Vervoer bepaal is en op 1 April 2010 in werking getree het, het onveranderd gebly.
- Bedryfslisensiegelde: Hierdie gelde word deur die NLTA beheer. Die tariewe wat die Minister van Vervoer bepaal en op 17 Desember 2009 in werking getree het, het onveranderd gebly.
- Koste vir provinsiale verkeersbegeleiding (abnormale vragte): Hierdie gelde word deur die NRTA beheer.

### Programbesteding

Tabel 3 verskaf besonderhede oor programbesteding.

Tabel 3: Besteding per program

Naam van program	2020/21			2019/20		
	Finale begroting <b>R'000</b>	Werklike besteding <b>R'000</b>	(Oor) / onder besteding <b>R'000</b>	Finale begroting <b>R'000</b>	Werklike besteding <b>R'000</b>	(Oor) / onder besteding <b>R'000</b>
Administrasie	366 407	361 187	5 220	305 611	305 611	-
Openbare Werke-infrastruktuur	2 353 093	2 309 446	43 647	2 152 964	2 146 723	6 241
Vervoerinfrastruktuur	3 131 485	3 071 150	60 335	3 639 441	3 635 613	3 828
Vervoerbedrywe	1 706 254	1 704 253	2 001	1 518 321	1 517 921	400
Vervoerregulering	962 343	945 643	16 700	884 319	884 319	-
Gemeenskapsgebaseerde Programme	55 552	51 518	4 034	56 932	56 932	-
Totaal	8 575 134	8 443 197	131 937	8 557 588	8 547 119	10 469

Die DVOW het 98.5 persent van sy begrotingstoewysing vir die boekjaar bestee. In die vorige boekjaar was die besteding 99.9 persent van die begrotingstoewysing. Die afname in werklike besteding, in vergelyking met die vorige jaar se uitgawes, is ..2 persent.

### Program 1: Administrasie

Die vul van poste was stadiger as wat beplan is as gevolg van die impak van COVID-19 en die gevogllike nasionale ramptoestand wat ook geleei het tot verminderde uitgawes aan verwante rekenaartoerusting.

### Program 2: Openbare Werke-infrastruktur

Laer besettingsvlakte van staatsgeboue wat lei tot 'n afname in munisipale dienskoste as gevolg van COVID-19 en die daaropvolgende nasionale ramptoestand, onderbesteding op munisipale eiendomsbelastingrekeninge met uitstaande saldo's wat nie voor finansiële jaareinde van municipaliteite ontvang is nie, en 'n memorandum van ooreenkoms met Saldanha Municipaliteit om die ontwerp en konstruksie van die toegangspad wat die Louwville-gemeenskap met die Gemeenskapsdagsentrum verbind, te finansier, is nie voor finansiële jaareinde afgehandel nie.

### Program 3: Vervoerinfrastruktuur

Die impak van COVID-19 op die konstruksie-omgewing het geleei tot onderbesteding aan infrastruktuurprojekte en 'n aantal municipaliteite het nie hul infrastruktuurprojekte soos beplan gefinaliseer nie en kon dus nie hul subsidies vir die konstruksie en instandhouding van vervoerinfrastruktuur tydens die 2020/21 finansiële jaar eis nie.

### Program 4: Vervoerbedrywighede

'n Oordragbetaling aan die Stad Kaapstad (CoCT) vir die verbetering van openbare vervoer is nie gemaak nie omdat 'n wysiging aan die raamwerk vereis word.

### Program 5: Vervoerregulasies

Die vul van poste was stadiger as wat beplan is as gevolg van die impak van COVID-19 en die gevogllike nasionale ramptoestand.

### Program 6: Gemeenskaps-gebaseerde Programme

Vaardigheidsontwikkelingsprogramme soos die Nasionale Jeugdiens (NJD Fase 12) en Ambagsprogram is vertraag weens die impak van COVID-19 en die gevogllike nasionale ramptoestand.

## 4.4 Viremente en oorgedraagde fondse

### Viremente

Tabel 4 verskaf besonderhede oor viremente wat vir die boekjaar aangebring is.

Tabel 4: Viremente vir 2020/2021

Hoofverdeling vanaf	Aan	R'000	Rede
2. Openbare werke-infrastruktur	1. Administrasie	669	Om voorsiening te maak vir die Masakh'iSizwe-beursprogram.

Hoofverdeling vanaf	Aan	R'000	Rede
	4. Vervoerbedrywighede	3 335	Om voorsiening te maak vir die ontwikkeling en verbetering van finansiële en voorsieningsketting-bestuursinstrumente.
	4. Vervoerbedrywighede	22 124	Om voorsiening te maak vir die Red Dot-diens om openbare sektor gesondheidsorgwerkers en die publiek na en van kwarantyn- en isolasiefasiliteite te vervoer.
	5. Vervoerregulering	12 304	Om voorsiening te maak vir die Safely Home padveiligheids-bemarkingsveldtog.
3. Vervoerinfrastruktuur	5. Vervoerregulering	52 898	Om voorsiening te maak vir die aankoop van tegnologie om in verkeersvoertuie gebruik te word.
5. Vervoerregulering	4. Vervoerbedrywighede	434	Om voorsiening te maak vir vergoeding van werknemers.
6. Gemeenskaps-gebaseerde Programme	1. Administrasie	2 597	Om voorsiening te maak vir advertensies en inligting wat met COVID-19 verband hou.

## Oorgedraagde fondse

Tabel 5 verskaf besonderhede oor versoek vir die oordra van fondse vanaf 2019/20 tot 2020/21.

Tabel 5: Versoek vir oordra van fondse vanaf 2019/20 tot 2020/21

Programme	R'000	Doel
Program 2: Openbare Werke Infrastruktuur	2 533	Om voorsiening te maak vir die opknapping van kantoorakkommodasie vir die Departement van Onderwys.
	5 725	Om die ontwerp en konstruksie van die toegangspad wat die Louwville-gemeenskap met die Gemeenskapsdagsentrum in Saldanha verbind, te finansier.
Program 3: Vervoerinfrastruktuur	1 879	Om die rehabilitasie en rekonstruksie van Lang- en Stasiestraat, Groot Brakrivier, Mosselbaai te finansier.
	332	Om die rehabilitasie en rekonstruksie van Van Bredabrug B2575, Ceres, te finansier.
Totaal	10 469	

## 4.5 Behoud van inkomste

Tabel 6 verskaf details oor inkomste wat van 2019/20 tot 2020/21 behou is.

Tabel 6: Inkomste behou van 2019/20 tot 2020/21

Program	R'000	Doel
n.v.t.	-	n.v.t.

## 4.6 Ongemagtigde, onreëlmataige en vrugtelose en verkwistende uitgawes

Die redes vir ongemagtigde, onreëlmataige en vrugtelose en verkwistende uitgawes wat in 2020/21 geïdentifiseer is, die bedrae betrokke en stappe wat geneem is om herhaling te voorkom, word hieronder uiteengesit.

### Ongemagtigde uitgawes

Lêernommer	Beskrywing	Bedrag	Korrektiewe stappe
-	-	Nul	-

### Vrugtelose en verkwistende uitgawes

Lêernommer	Beskrywing	Bedrag	Korrektiewe stappe
FC 3/6/1/4/159	Diefstal van diesel	R15 089.00	Skuld is gemaak om die uitgawes te verhaal. Die amptenaar het die diens van die Wes-Kaapse Regering (WKR) verlaat. Die amptenaar se profiel is op PERSAL met 'n vlaggie gemerk.

### Onreëlmataige uitgawes

Die tabel hieronder wys die sake wat in 2020/21 na vore gekom het.

Lêernommer	Beskrywing	Bedrag	Korrektiewe stappe
FC 3/6/1/4/158	Paragraaf 8.1 en 8.2 van Nasionale Tesourie VKB* Instruksienota 3 van 2016/2017 en VKB-delegasie-items.	R16 810.00	Werknemerverhoudinge om progressiewe dissiplinêre stappe in te stel.
FC 3/6/1/4/160	Onakkurate assessering en toekenning van kwotasies as gevolg van botsende voorsieningskettingvoorskrifte.	R8 014 528.87	VKB-instruksie uitgereik.

\* Voorsieningskettingbestuur.

## 4.7 Strategiese fokus oor die kort tot mediumtermyn tydperk

Die volgende wetgewende en beleidsake sal onderneem word:

- Wes-Kaapse Wet op die Bestuur van Onroerende Bates en regulasies word opgestel om die Wes-Kaapse Wet op Grondadministrasie te vervang;
- Wes-Kaapse Proviniale Padverkeerswet word gewysig om die Proviniale Minister in staat te stel om regulasies, met inbegrip van skutting, uit te vaardig; en
- Die finale konsep van die Wes-Kaapse Wetsontwerp op Vervoerinfrastruktuur is deur die Kabinet goedgekeur en vir openbare kommentaar geadverteer. Daar word gewerk aan die wysiging van die konsepregulasies.

Verder sal die DVOW:

- Voortgaan om die breër stryd teen COVID-19 te ondersteun deur die deurlopende bestuur van die Red Dot-taxiprojek, die bestuur van K&I-fasilitete en ander inisiatiewe;

- Die Blue Dot-taxiloodsprojek implementeer;
- Vordering maak met die stigting van die Wes-Kaapse Vervoerowerheid;
- Saam met die Passasierspooragentskap van Suid-Afrika (PRASA) werk om die spoorstelsel reg te maak;
- Binne die infrastruktuurleweringsruimte, bates prioritiseer wat dienslewering aan burgers sal maksimeer;
- Voortgaan met die ontwikkeling van die Meesterakkommodesieplan;
- Voortgaan om 'n Geïntegreerde batebestuursbestuurstelsel te ontwikkel om batebestuur in die provinsie te verbeter;
- Voortgaan met die implementering van die provinsiale program vir volhoubare vervoer wat daarop gemik is om aan mobiliteitsbehoeftes in geprioritiseerde munisipaliteite te voldoen;
- Voortgaan om vernuwing en nuwe tegnologie op die gebied van vervoer, ITIH, sowel as onroerende bates te gebruik om doeltreffendheid te verbeter en om vinnig meer bestuursinligting te versamel; en
- Voortgaan om die interne tegniese kapasiteit en bekwaamheid binne die Departement te bevorder.

### **Openbare-private-vennootskappe (OPV'e)**

OPV'e ondersteun die openbare en private sektore om saam daaraan te werk om infrastruktuur te befonds en te bou. OPV'e word deur Tesourieregulasie 16 en die PFMA gereguleer. Die OPV-projeksiklus omvat vier stadiums en goedkeuring vanaf die Nasionale Tesourie (NT) moet in elke stadium verkry word.

Goedkeuringsfase	Beskrywing
TA I	NT-goedkeuring vir die projekuitvoerbaarheidstudie.
TA II A	NT-goedkeuring vir die verkrygingsdokumentasie, insluitend die konsep OPV-ooreenkoms
TA II B	NT-goedkeuring van die verslag wat wys hoe die drie OPV-kriteria toegepas is in die evaluering van die tenders, hoe die voorkeurtender daaraan voldoen het, en enige ander inligting wat die NT mag verlang.
TA III	NT-goedkeuring van die OPV-ooreenkoms wat sertificeer dat die projek aan al die vereistes van Tesourieregulasie 16 voldoen.

Let wel: Skedule van NT-goedkeurings vir openbare-private-vennootskappe

Projek	Stadium van Tesouriegoedkeuring				Opmerking
	TA I	TA IIA	TA II B	TAIII	
Chapmanspiek-rylaan				X	Chapmanspiek-rylaan word steeds as 'n tolpad bedryf ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Tolpaaie, 1999 (Wet 11 van 1999). Die konsessie-ooreenkoms duur tot 2033.

### **Eiendomsvennootskappe**

'n Bywerking oor die Founders' Garden/ Kunstekaap- projek en Conradie Better Living Model Exemplar Project word hieronder verskaf.

**Founders' Garden/ Kunstekaap-area** – Die doel van hierdie projek is om die stedelike herlewing van die Foreshore-gebied te begin om as 'n katalisator vir die ontwikkeling van 'n kuns- en kultuursektor in die Kaapstadse SSK te dien. Dit sluit in die ontwikkeling van 'n gebruikersvriendelike, aktiewe, buitelug-openbare ruimte, die uitbreiding van die Kunstekaap-teaterkompleks tot 'n wêreldklas kultuurgebied en kampus, en die ontwikkeling van 'n woongebied vir gemengde gebruik.

Nadat finansiële,regs- en tegniese spesialiste in Maart 2020 aangestel is om advies te gee oor die projek, is 'n aansienlike hoeveelheid werk suksesvol afgehandel deur virtuele tegnologie te gebruik as gevolg van die voortslepende pandemie. Werk wat tot dusver voltooi is, sluit 'n hersiening van die ontwikkelingskonsep in wat die beskikbare ontwikkelbare meerderheid verder verbeter, die berekening van 'n omvattende kosteberaming en geprojekteerde inkomste uit die ontwikkeling, suksesvolle wysiging van grondgebruiksvoorraades wat met die geoptimaliseerde ontwikkelingskonsep geassosieer word, en CoCT-goedkeuring van die gewysigde Ontwikkelingsraamwerk en Founders' Garden-gebiedsplan. Goedkeuring van die Kunstekaap-gebiedsplan is hangende. 'n Op maat gemaakte finansiële model is ontwikkel om die ontwikkeling se beraamde koste, geprojekteerde inkomste en tydsberekening te verwerk, wat uiteindelik die res van die grondwaarde bepaal (d.w.s. die waarde wat 'n ontwikkelaar bereid kan wees om vir die ontwikkelingsgeleentheid te betaal). Regsproses, omsigtigheidsondersoek en finansiële haalbaarheidsverslae is afgehandel en toon dat die projek lewensvatbaar genoeg is om na die volgende fase voort te gaan. 'n Voorlegging word voorberei om aan die Kabinet voor te lê om goed te keur dat die projek na die Ontwikkelaarverkrygingsfase vorder.

Conradie Better Living Model Exemplar Project – Die doel van die BLMEP is om bekostigbare, geïntegreerde behuisingsgeleenthede naby die Kaapstadse middestad te skep en die terrein te omskep in 'n geïntegreerde plek waar mense kan woon, werk, speel en leer. Die primêre BLMEP-doelwit is om 'n bekostigbare, residensieel geleei, gemengde-inkomste en gemengde-gebruik ontwikkeling op die terrein te skep wat stedelike grondgebruik optimaliseer en 'n reeks toelae-befondsde behuising insluit (hoofsaaklik maatskaplike behuising).

Die nasionale ramptoestand wat in Maart 2020 ingestel is, het beteken dat alle werk op die terrein moes stop, wat tot projekvertragings gelei het. Die verslapping tot waarskuwingsvlak 4 in Mei 2020 het toegelaat dat sekere aktiwiteite hervat word. Die fase 1 eksterne infrastruktuur-opgraderings is amper voltooi. Dit sluit in voetgangerbrûe oor die spoorlyn en kanaal, opgradering van padkruisings en, in sommige gevalle, padverbreding asook die voltooing van nie-gemotoriseerde vervoerroetes. Interne infrastruktuurwerke is ook byna voltooi. Dit sluit in alle interne paaie, interne dienste insluitend grootmaat water, stormwater, riool en elektriese, pompstasie en elektriese substasies, asook straatbeligting. Die dorpsplein en erfenisgebied is ook voltooi. Die bou van die eerste maatskaplike behuisingseenhede het in Oktober 2020 begin. In Desember 2020 het daar egter 'n dooi punt tussen die Instituut vir Maatskaplike Behuising (SHI) en die Regulerende Owerheid vir Maatskaplike Behuising (SHRA) ontstaan oor die verminderde hoeveelheid van die geotecnologie-toelaag wat betaal moes word. Dit het daartoe gelei dat die konstruksie tot stilstand gekom het totdat die kwessie opgelos kon word. Op 30 Maart 2021 het die SHI

die ontwikkelaar opdrag gegee om werk aan die maatskaplikebehuisingseenhede te hervat aangesien die kwessie opgelos is en finansiële sluiting bereik is.

#### 4.8 Gestaakte aktiwiteite

Daar is geen gestaakte aktiwiteite om te rapporteer nie.

#### 4.9 Nuwe of voorgestelde aktiwiteite

Daar is geen nuwe of voorgestelde aktiwiteite om te rapporteer nie.

#### 4.10 Voorsieningskettingbestuur (goedere en dienste)

Geen ongevraagde tenders is in die loop van die oorsigjaar aangegaan nie.

Die gestandaardiseerde kontrak vir goedere en dienste wat ontwikkel is, word wyd in die Departement gebruik. Die proses van onderzoek deur Regsdienste vir moontlike toepassing regdeur die Wes-Kaapse Regering met die goedkeuring van die provinsiale Tesourie, is reeds in 'n gevorderde stadium. Verbeteringe en verfynings word van tyd tot tyd aangebring om te verseker dat die jongste wetgewing, regulasies en instruksies nagekom word. Alhoewel die gestandaardiseerde kontrakdokument in alle opsigte aan die voorskrifte van die nasionale Tesourie voldoen, sal dit eers aan ander Departemente en staatsorgane beskikbaar gestel word sodra die goedkeuring van die regsdienste/provinsiale Tesourie verseker is.

Die RB se VKB-delegasies vir goedere en dienste is hersien en is met die nuwe provinsiale Tesourie instruksies belyn en sal in die 2021/22-boekjaar uitgereik word. Voorsieningskettingbestuur sal begin met die hersiening en belyning van die infrastruktuurverwante afvaardiging sodra die Provinciale Tesourie sy hersiening van die 16B Provinciale Tesourie-instruksies afgehandel het om die Provinciale Tesourie-instruksies (PTIs) in lyn te bring met die Raamwerk vir Infrastruktuurlewering en Verkrygingsbestuur wat deur die Nasionale Tesourie uitgereik is.

Die vernaamste uitdagings verwant aan VKB sluit in:

- Die feit dat die dwarsliggende geïntegreerde finansiële bestuurstelsel steeds onder ontwikkeling is;
- Die gebrek aan 'n funksionele gestandaardiseerde projekbestuurstelsel wat vir die Departement gekonfigureer is;
- Die feit dat die wetgewende raamwerk vir VKB tans hersien word en daar potensiële risiko's is wat met die veranderingsbestuursproses verband hou; en
- Die implementering van die Wes-Kaapse verskaffersbewysbank (WCSEB) as 'n dokumentbewaarplek, (wat die Wes-Kaapse verskaffersdatabasis vervang het), benewens die nasionale Tesourie se sentrale verskaffersdatabasis (CSD) en die implikasies daarvan vir verskaffers en kontrakteurs.

Hierdie uitdagings wek veral kommer gegewe die feit dat die Departement beide voorsieningskanaal- en projekintensief is. Hierdie uitdagings is intussen versag deur:

- Ontwerp van gestandaardiseerde werktuie en sjablone;
- Die gebruik van elektroniese toepassings en dienste;

- Die verdere ontplooiing in die lyncfunksie van 'n gebruikersvriendelike Ondernemingsbestuurstelsel gegrond op die vereistes van die Bestuursraamwerk vir Infrastruktuurlewering (IDMS); en
- Hanteer die uitdagings wat met die SVD en WCSEB ervaar word, van geval tot geval.

#### 4.11 Geskenke en donasies in natura wat van onverwante partye ontvang is

Geen geskenke en donasies in natura is van onverwante partye ontvang nie.

#### 4.12 Vrystellings en afwykings deur Nasionale Tesourie vergun

Die aangepaste kontantstandarde stel 'n Departement vry van die aantekening van oploping in belastinginkomste. By implikasie hoef 'n Departement nie enige ontvangbare of betaalbare rekeninge soos rente of ander veranderings wat regstreeks verband hou met die heffing of vordering van belastinginkomste in te reken nie.

#### 4.13 Gebeure na die verslagdatum

Daar is geen gebeure na die verslagdatum om aan te meld nie.

#### 4.14 Ander

Daar is geen ander sake om aan te meld nie.

#### 4.15 Erkennings

Die volgende amptenare het op 30 Oktober 2020 toekennings ontvang by die 2020 Nasionale Batho Pele-uitnemendheidstoekennings:

- Jacqueline Gooch het die silwer toekenning ontvang vir die Beste Hoof van 'n Proviniale Departement; en
- Jacqueline Gooch het die goue toekenning (gesamentlik) ontvang vir die beste funksioneerende provinsiale departement.

Ons jaarlike Langdiens-toekennings is die geleentheid om die fenomenale bydraes van ons jarelange en toegewyde personeel te erken en te vier. Die aanbieding van die Langdiens-toekenningseremonie vir amptenare wat 10, 20, 30 en 40 jaar aaneenlopende diens gelewer het vir die periode 1 April 2020 tot 31 Maart 2021, kon nie plaasvind nie weens die COVID-19 nasionale ramptoestand. Die Departement wil hierdie amptenare bedank vir hul harde werk en hul toegewyde diens. Hulle was van onskatbare waarde vir die voortgesette sukses van die DVOW en die Wes-Kaapse Regering as geheel.

Kategorieë	10 jaar	20 jaar	30 jaar	40 jaar	Totaal
Aantal ontvangers	60	34	38	9	141

Gedurende die oorsigtydperk het die Departement ongelukkig verskeie werknemers verloor, van wie sommige aan COVID-19 beswyk het. Die Departement vereer die volgende gewaardeerde personeellede wat oorlede is:

- Algemene Infrastruktuur: Sandile Mtshetsha, Hermanus Lemmer and Gloria Mabeta;
- Onderwysinfrastruktuur: Jonathan Carolissen;
- Padontwerp: Hermanus Williams;
- Pad departemente bedrywighede: Kenneth Baron, Gert Cloete, Sizakele Dlukwana, Justis Dlepu, Keith Stols, Jongile Boyana and Louis Ndinisa;
- Verkeersbestuur: Simon Pantzi, Siphokazi Fihla, Jan Willemse, Willis Smith and Mark Jansen; en
- Vervoerregulasie: Portia Mabope.

Ons wil graag elke werknemer bedank wat tot die suksesse van die Departement gedurende die jaar bygedra het, **diegene wat 'n hand gehad het in die DVOW-reaksie** op die unieke en ongekende impak van die COVID-19-pandemie, asook ons wetstoepassingsbeamtes.

Ek wil verder ons vorige Provinciale Minister Bonginkosi Madikizela bedank vir sy leierskap en leiding tydens sy ampstermy en wens hom sterkte toe in sy toekomstige ondernemings.

Die finansiële jaarstate, soos op bladsye 241 tot 347 uiteengesit, word hiermee goedgekeur.



JT Gooch  
Rekenpligtige Beämpte  
Departement van Vervoer en Openbare Werke

Datum: 11 Oktober 2021

## 5. Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van akkuraatheid van die jaarverslag

Na die beste van my wete en oortuiging bevestig ek die volgende:

- Dat alle inligting en bedrae wat deurlopend in hierdie jaarverslag openbaargemaak word, konsekwent is.
- Dat die jaarverslag volledig, akkuraat en vry van enige weglatings is.
- Dat die jaarverslag in ooreenstemming met **die riglyne vir só 'n verslag**, soos deur die NT uitgereik, voorberei is.
- Dat die finansiële jaarstate (Deel E) ooreenkomsdig met die aangepaste kontantstandarde en die tersaaklike raamwerke en riglyne, soos deur die NT uitgereik, voorberei is.
- Dat die RB verantwoordelik is vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die oordeel wat in hierdie inligting uitgespreek word.
- Dat die RB daarvoor verantwoordelik is om 'n stelsel van interne beheer daar te stel en te implementeer, welke stelsel ontwerp moet wees om redelike sekerheid ten opsigte van die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die finansiële jaarstate en, inlyn met 'n raamwerk vir bestuurstoesig waaroer met die Sentrum vir Korporatiewe Dienste (CSC) in die DvdP ooreengekom is, vir inligting oor Mensehulpbronbestuur (MH).
- Dat die eksterne ouditeure betrek is om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate uit te spreek.
- Dat hierdie jaarsverslag, na my mening, 'n redelike weerspieëeling van die bedrywighede, die prestasie-inligting, die MH-inligting en die finansiële aangeleenthede van die departement vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2021 is.

Die uwe



JT Gooch  
Rekenpligtige Beamppte

Departement van Vervoer en Openbare Werke

Datum: 11 Oktober 2021

## 6. Strategiese oorsig

### 6.1 Visie

Die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW) ondersteun die Wes-Kaapse Regering se visie, soos vervat in die provinsiale strategiese plan 2020–2025 ten volle:

“n Veilige Wes-Kaap waar almal floreer”.

Die DVOW se visie stem ooreen met die visie van die Wes-Kaapse Regering:

“Bemagtigde gemeenskappe wat waardige lewens lei. #JUSTdignity”.

### 6.2 Missie

Om onvermoed na die lewering van infrastruktuur en vervoerdienste te streef wat: inklusief, veilig en tegnologies relevant is, wat poog om elke burger in die Wes-Kaap te genees, met vaardighede toe te rus, te integreer, te verbind, te skakel en te bemagtig, wat deur passie, etiek en 'n standvastige toewyding aan die omgewing en ons mense as ons hoeksteen gedryf word.

### 6.3 Waardes

Die DVOW onderskraag die kernwaardes van die WKR ten volle:



Hierdie waardes word almal deur spanwerk onderskraag. Hier volg 'n verduideliking van die betekenis van elk van hierdie kernwaardes:

Tabel 7: Provinsiale waardes en verklarings oor gedrag

Waarde	Verklaring oor gedrag
Sorgsaamheid	<p>Ons sal poog om mense se behoeftes te verstaan en aandag daaraan te skenk. Ons sal respek teenoor ander betoon. Ons sal personeellede as meer as blote werkers behandel en hulle as mense na waarde ag. Ons sal empatie teenoor personeellede toon. Ons sal die positiewe kenmerke van die werkplek beklemtoon. Ons sal opbouende kritiek lewer wanneer nodig.</p>
Bevoegdheid	<p>Ons sal poog om te verseker dat personeellede altyd daartoe in staat is om die take te verrig waarvoor hulle aangestel is, dat hulle die DVOW se waardes internaliseer, en dat hulle altyd uitnemendheid nastreef. Ons sal met gehaltewerk, binne begroting en betyds ons gestelde uitkomste en teikens behaal. Ons sal daarna streef om die beste resultate tot diens van alle mense van die Wes-Kaap te behaal. Ons sal saam daaraan werk om ons konstitusionele verpligtinge sowel as die verpligtinge van ons verkose mandaat na te kom.</p>

Waarde	Verklaring oor gedrag
Aanspreeklikheid	<p>Ons verstaan ons doelwitte, rolle, delegasies en verantwoordelikhede ten volle.</p> <p>Ons is daartoe verbind om alle ooreengekome uitsette betyds te lewer.</p> <p>Ons hou mekaar aanspreeklik in die gees van onderlinge vertroue en gestanddoening van al ons verpligtinge.</p> <p>As individue sal ons verantwoordelikheid en eienaarskap aanvaar vir die resultate van ons werk en die gevolge dra wanneer ons nie hieraan voldoen nie.</p>
Integriteit	<p>Ons sal daarna streef om die ware toedrag van sake in elke situasie te verstaan en ten alle tye met integriteit optree.</p> <p>Ons sal eerlik wees, respek betoon en positiewe waardes beoefen.</p> <p>Ons sal ten alle tye betroubaar en vertroubaar wees deur te doen wat ons beloof het om te doen.</p> <p>Ons sal ten alle tye in alle gevalle met integriteit optree en sodoende verseker dat ons korupsie-vry bly.</p>
Vernuwing	<p>Ons streef daarna om nuwe idees te implementeer, dinamiese diensopsies te skep en dienste te verbeter.</p> <p>Ons streef daarna om kreatiewe denkers te skep wat uitdagings en geleenthede vanuit alle moontlike perspektiewe beskou.</p> <p>Ons is burgersentries en het die vermoë om alle opsies te oorweeg en 'n vindingryke oplossing te vind.</p> <p>Ons waardeer werknemers wat bestaande praktyke bevraagteken met die oog daarop om hulle te hersien, te vernuwe en te verbeter.</p> <p>Ons kweek 'n omgewing waarbinne innoverende idees aangemoedig en beloon word.</p> <p>Ons het begrip vir foute wat in goedertrou begaan is en laat toe dat werknemers daaruit leer.</p> <p>Ons werk saam daaraan om probleme op te los sodat ons strategiese organisatoriese doelwitte verwesenlik kan word.</p>
Responsiwiteit	<p>Ons neem die openbare mening ernstig op deur te luister na en die stem van die mense te hoor (luister meer en praat minder).</p> <p>Ons sal tydig op alle situasies reageer en onselfs altyd afvra of dit die regte antwoord is, waar dinge dalk skeef kan loop en hoe ons 'n beter diens kan lewer.</p> <p>Ons sal op 'n samewerkende wyse met mekaar, ons belanghebbers en die media in gesprek tree deur al die inligting te verskaf.</p> <p>Ons sal daarna streef om die beste resultate tot diens van alle mense van die Wes-Kaap te behaal en om op hulle terugvoer te reageer.</p>

## 7. Wetgewende en ander mandate

Die DVOW se mandaat word ontleen aan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (hierna verwys na as die Grondwet) en die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998). Sekere mandate is gelyklopende verantwoordelikhede, terwyl ander die uitsluitlike verantwoordelikheid van die provinsiale regeringsfeer is. Hierdie mandate, asook dié wat uit funksionele wetgewing en beleide ontleen is, word in hierdie afdeling uiteengesit.

Funksie	Wetgewing
Vervoer	<p>Wet op die Administratiewe Beregting van Padverkeermisdrywe, 1998 (Wet 46 van 1998) (AARTO)</p> <p>Bevorder gehalte van padverkeer deur bepalings neer te lê vir 'n skema om padverkeeroortredings te ontmoedig, om die beregtiging van padverkeeroortredings te faciliteer, om die vervolging van oortreders ingevolge nasionale en provinsiale wette verwant aan padverkeer te ondersteun, om 'n strafpuntstelsel te implementeer, om bepalings neer te lê vir die daarstelling van 'n agentskap om die skema te administreer, om bepalings neer te lê vir die daarstelling van 'n raad om die agentskap te verteenwoordig, en om bepalings neer te lê vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>
	<p>Wet op Adverteering Langs Paaie en Strookbeboning, 1940 (Wet 21 van 1940)</p> <p>Plaas die verantwoordelikheid op die DVOW om die vertoon van advertensies te reguleer in sekere buitestedelike gebiede waar hierdie liggings sigbaar is vanaf geproklameerde provinsiale paaie asook om die deponering of agterlating van ongebruikte masjinerie of afval en die oprigting, konstruksie of neerlê van strukture en ander dinge in die omstreke van sekere geproklameerde provinsiale paaie te beheer sowel as die toegang wat tot sekere grond via sodanige paaie verleen word.</p>
	<p>Nasionale wet op landvervoer, 2009 (Wet 5 van 2009)</p> <p>Bepaal die proses vir die transformering en herstrukturering van die nasionale landvervoerstelsel wat geïnisieer is deur die National Land Transport Transition Act, 2000 (Wet 22 van 2000) deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die formulering en implementering van provinsiale landvervoerbeleid en -strategie;</li> <li>• die beplanning, koördinering en fasilitering van landvervoerfunksies;</li> <li>• samewerking tussen munisipaliteite; en</li> <li>• skakeling met ander regeringsdepartemente.</li> </ul>
	<p>Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996)</p> <p>Die DVOW, met die LUR [Provinsiale Minister] as aangewese gesaghebber, moet verseker dat alle funksies verwant aan die registrasie en lisensiëring van motorvoertuie, die toetsing van bestuurders se bevoegdheid en die toetsing van voertuie se bevoegdheid uitgevoer word. Voorts is die DVOW ook daarvoor verantwoordelik om enige geleenthede te beheer wat op openbare paaie aangebied word.</p> <p>Die NRTA reguleer die registrasie en lisensiëring van motorvoertuie, vervaardigers, bouers en invoerders; bevoegdheid van bestuurders; operateurbevoegdheid; padveiligheid; padverkeerstekens; spoedgrense; ongelukke en ongelukverslae; roekeloze of nalatige bestuur; onbedagsame bestuur; bestuur onder die invloed van bedwelmende drank of 'n dwelm wat 'n narkotiese effek het; en diverse padverkeeroortredings.</p>
	<p>National Qualifications Framework Act, 2008 (Wet 67 van 2008)</p> <p>Lé bepalings neer vir die verdere ontwikkeling, organisering en beheer van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk.</p> <p>Van toepassing op: onderrigprogramme of leerprogramme wat lei tot kwalifikasies of gedeeltelike kwalifikasies wat binne die Republiek deur onderwysinstansies aangebied word; en op aanbieders van vaardigheidsontwikkeling.</p>
	<p>Wet op Nasionale Verkeersveiligheid, 1972 (Wet 9 van 1972)</p> <p>Om padveiligheid te bevorder; vir die doel om 'n nasionale padveiligheidsraad en 'n sentrale padveiligheidsfonds in te stel; tot intrekking van die Wet op die Suid-Afrikaanse Padveiligheidsraad, 1960; en om voorsiening te maak vir verwante aangeleenthede.</p>

Funksie	<b>Wetgewing</b>
	<p>Wet op die Padverkeerbestuurskorporasie, 1999 (Wet 20 van 1999)  Lê bepalings, in openbare belang, neer vir koöperatiewe en koördinerende strategiese beplanning, regulerig, fasilitering en wetstoepassing ten opsigte van padverkeeraangeleenthede deur die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere; reguleer die uitkontraktering van padverkeerdienste; lê bepalings neer vir die infasering van private belegging in padverkeer en, met die oog daarop, lê bepalings neer vir die vestiging van die Padverkeerbestuurskoöperasie en verwante aangeleenthede.</p>
	<p>Nasionale Padvervoerwet, 1997 (Wet 74 van 1977)  Lê bepalings neer vir die beheer van sekere tipes padvervoer en aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>
	<p>Wes-Kaapse Wet op Provinciale Padverkeeradministrasie, 2012 (Wet 6 van 2012)  Reguleer sekere padverkeeraangeleenthede in die provinsie.</p>
	<p>Wes-Kaapse Wysigingswet op die Wet op Padvervoer (Wet 8 van 1996)  Lê bepalings neer vir die daarstelling van 'n provinsiale vervoerregister en die registrasie van minibustaxiverenigings, -operatorus en -voertuie.</p>
	<p>Wes-Kaapse Wet op Tolpaaie, 1999 (Wet 11 van 1999)  Lê bepalings neer vir die heffing van tolgeld op provinsiale openbare paaie in die Wes-Kaap en vir die beplanning, ontwerp, verklaring, konstruksie, bedryf, bestuur, beheer, instandhouding en rehabilitering van provinsiale tolpaaie.</p>
	<p>Wes-Kaapse Wet op Vervoerinfrastruktuur, 2013 (Wet 1 van 2013)  Maak voorsiening vir die beplanning, ontwerp, verklaring, konstruksie, instandhouding, beheer, bestuur, regulerig, opgradering en rehabilitasie van paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur in die Wes-Kaap. Hierdie wet is nog nie in werking gestel nie.</p>
	<p>Wes-Kaapse Konsepwetsontwerp op Spoorvervoer, (2019)  Die konsepwetgewing reageer op die baie ernstige en dringende behoefté om die kwessies wat spoorvervoer in hierdie provinsie teister, aan te spreek. Die konsepwetsontwerp poog om spoorveiligheid en spoorwegdienstandaarde in die Wes-Kaap te verbeter en maak voorstelle oor hoe dit bereik kan word.</p>
	<p>Kaapse Ordonnansie op Paaie, 1976 (Ordonnansie 19 van 1976)  Bepaal dat die provinsie die uitsluitlike mag het om die statutêre boulyne synde 5.0 m en 95 m te verswak in soverre dit met die onderskeie provinsiaal geproklameerde paaie verband hou, en lê bepalings neer vir die wysiging/verandering van paaie se klassifikasie (artikel 4). Sodanige aansoek word gewoonlik vanaf die tersaaklike distriksmunisipaliteit via die distrikpadingenieur ontvang, maar hulle kan ook vanuit die DVOW se hoofkantoor ontstaan.</p>
	<p>Wet op Stedelike Vervoer, 1977 (Wet 78 van 1977)  Bevorder die beplanning en voorsiening van voldoende stedelike vervoerasiliteite. Maak voorsiening vir die vestiging van sekere vervoerfondse, metropolitaanse vervoergebiede en metropolitaanse vervoeradviesrade en vir die voorbereiding en implementering van stedelike vervoerplanne; en maak voorsiening vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>
Openbare Werke en Eiendomsbestuur	<p>Onteienningswet, 1975 (Wet 63 van 1975)  Voorsien die onteiening van grond en ander eiendom vir openbare en sekere ander doeleindes.</p>

Funksie	Wetgewing
	<p>Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, 1997 (Wet 62 van 1997)</p> <p>Om voorsiening te maak vir maatreëls met staatshulp om langtermynbeveiliging van grondbesit te vergemaklik; om die verblyfvooraardes op sekere grond te reguleer; om die voorwaardes en omstandighede waaronder die reg van persone om op grond te woon, te beëindig te reguleer; om die voorwaardes en omstandighede te reguleer waaronder persone wie se verblyfreg beëindig is, van grond uitgesit kan word; om die voorsiening van subsidies te vervang deur verblyftoeleae; om die regte van besetters verder te reguleer; om voorsiening te maak virregsverteenvoerdiging vir besetters; om die uitsetting van besetters verder te reguleer deur die toepassing van alternatiewe resolusiemeganismes soos bepaal in die Wet; om voorsiening te maak vir die instelling en bedryf van 'n Raad vir die bestuur van grondregte; en voorsiening te maak vir die instelling en werking van komitees vir die bestuur van grondregte om geskille oor grondregte te identifiseer, te monitor en te besleg.</p>
	<p>Wet op die Bestuur van Onroerende Regeringsbates, 2007 (Wet 19 van 2007)(GIAMA)</p> <p>Het ten doel om die behaling van die staat se diensleweringsoogmerke op te skerp deur behoorlike bestuur van die onroerende bates te verseker wat deur staatsinstansies benut en beheer word. GIAMA stipuleer die verantwoordelikhede van die gebruiker en dié van die opsiener wat, in die Wes-Kaap, die DVOW Proviniale Openbare Werke is.</p>
	<p>Nasionale Wet op Bouregulasies en Boustandarde, 1977 (Wet 103 van 1977)</p> <p><b>Vereis dat die DVOW, as 'n bewaarder en reguleerde van die beboude omgewing in die Wes-Kaap, moet verseker dat alle geboue en konstruksiewerk op staatseidendom aan wetgewing voldoen.</b></p>
	<p>Wet op Nasionale Erfenisshulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999)</p> <p><b>Stel 'n geïntegreerde en interaktiewe stelsel daar vir die bestuur van nasionale erfenisshulpbronne, lê algemene beginsels neer vir die beheer van erfenisshulpbronbestuur, stel 'n geïntegreerde stelsel in vir die identifisering, evaluering en bestuur van erfenisshulpbronne, en stel die provinsies in staat om erfenisowerhede in te stel wat magte moet aanvaar om sekere kategorieë van erfenisshulpbronne te beskerm en te bestuur. Vereis van die DVOW om sekere eiendomme wat vir ontwikkeling- of herlewingsaktiwiteite geïdentificeer is aan 'n omvattende erfenisimpaktevaluering- en goedkeuringsproses te onderwerp en om die erfenisaspekte van die ter sprake eiendomme te behou.</b></p>
	<p>Wet op Vervreemding van Staatsgrond, 1961 (Wet No. 48 van 1961)</p> <p>Maak voorsiening vir die vervreemding van sekere staatsgrond en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou, en verbied die verkryging van staatsgrond deur verjaring.</p>
	<p>Wes-Kaapse Wet op Grondadministrasie, 1998 (Wet 6 van 1998)</p> <p>Lê bepalings neer vir die verkryging van onroerende eiendom en die vervreemding van grond in besit van die WKR, en vir die bestuur van aangeleenthede wat hiermee verband hou. Derhalwe is die DVOW daarvoor verantwoordelik om die bate- en eiendomregister deurentyd by te werk, addisionele benodigde eiendomme te bekom en eiendomme wat in onbruik verval, af te staan of te herontwikkel.</p>
Transversale	<p>Wet op Basiese Diensvooraardes, 1997 (Wet 75 van 1997)</p> <p>Bring die reg tot billike arbeidspraktyke, soos na verwys in artikel 23(1) van die Grondwet, tot uitvoer en lê bepalings neer vir die regulering van basiese diensvooraardes, om sodoende aan die Republiek se verpligtinge as 'n lid van die Internasionale Arbeidsorganisasie te voldoen.</p>
	<p>Wet op Basiese Diensvooraardes, 1997 (Wet 75 van 1997) Ministeriële bepaling 4: UOWP, geproklameer 4 Mei 2012</p> <p>Bevat die standaardbepalings en voorwaardes vir werkers wat in elementêre beroepe in 'n UOWP-projek aangestel word.</p>

Funksie	Wetgewing
	<p>Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003)</p> <p>Stel 'n wetgewende raamwerk daar vir die bevordering van BBSEB; bemagtig die minister om kodes van goeie praktyk uit te reik en om transformasiemanifeste af te kondig; en rig die Adviesraad vir Swart Ekonomiese Bemagtiging op; bevorder die nakoming van staatsorgane en openbare entiteite aan die wet; versterk die evaluering en monitering van nakoming; sluit aansporingskemas in om ondernemings in swart besit en bestuur te ondersteun in die strategie vir BBSEB; maak voorsiening vir die kansellasie van 'n kontrak of magtiging; en stig die Kommissie vir Breëbasis vir Swart Ekonomiese Bemagtiging om die nakoming daarvan te hanteer.</p>
	<p>Wet op Mededinging, 1998 (Wet 89 van 1998)</p> <p>Lê bepalings neer vir die daarstelling van 'n Mededingingskommissie wat verantwoordelik is vir die ondersoek, beheer en evaluasie van beperkende praktyke, misbruik van dominante posisie, en samesmeltings; vir die daarstelling van 'n Mededingingstribunaal wat verantwoordelik is vir beregtiging in sulke aangeleenthede; vir die daarstelling van 'n Mededingingsappèlhof; en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>
	<p>Construction Industry Development Board Act, 2000 (Wet 38 van 2000)</p> <p>Stel die Ontwikkelingsraad vir die Konstruksiebedryf (CIDB) daar wat, onder ander, verantwoordelik is vir die ontwikkeling van die bedryf ter verbetering van die lewering van infrastruktuur aan die Suid-Afrikaanse publiek; om met alle belanghebbers saam te werk met die oog op die volhoubare groei van konstruksie-onderneemings en beste praktyke aan die kant van werkgewers, kontrakteurs en die beroepe; om beste praktyke te identifiseer en nasionale standaarde te bepaal; en om gemeenskaplike en etiese standaarde te bevorder vir die lewering van konstruksiewerke en kontrakte.</p>
	<p>Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008)</p> <p>Kom neer op 'n oorkoepelende raamwerk vir verbruikerbeskerming. Alle ander wette wat bepalings vir verbruikerbeskerming neerlê (gewoonlik binne 'n bepaalde sektor) moet tesame met die CPA gelees word ten einde 'n gemeenskaplike standaard van beskerming te verseker. Die wet is van toepassing op alle goedere en dienste.</p>
	<p>Wet op Beheer van Toegang tot Openbare Persele en Voertuie, 1985 (Wet 53 van 1985)</p> <p>Lê bepalings neer vir die beveiliging van sekere openbare persele en voertuie en vir die beskerming van mense daar op of daar in, en vir verwante aangeleenthede.</p>
	<p>Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977)</p> <p>Lê bepalings neer vir procedures en verwante aangeleenthede in strafake.</p>
	<p>Wet op Rampsbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002)</p> <p>Voorsien 'n geïntegreerde en gekoördineerde beleid vir rampbestuur wat daarop fokus om die risiko van rampe te voorkom of te verminder; die versagting van die erns van rampe; noodgereedheid; vinnige en effektiewe reaksie op rampe; en herstel na die ramp.</p>
	<p>Wet op die Verdeling van Inkomste (DORA) (Jaarliks)</p> <p>'n Jaarlikse wet uitgevaardig deur die parlement wat, onder ander, bepalings neerlê vir die billike verdeling van inkomste wat na verwagting nasionaal geëien sal word met die oog op verdeling tussen nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere en vir voorwaardelike toekennings ten einde die regering se beleidsdoelwitte te behaal. Voorts werk dit voorspelbaarheid in die hand asook die versekering dat alle toewysings aan provinsies en munisipaliteite benut sal word ten einde die regering in staat te stel om sy multi-jaar-begroting saam te stel.</p>

Funksie	Wetgewing
	<p>Wet op Diensbillikhed, 1998 (Wet 55 van 1998)</p> <p>Het ten doel om billikhed in die werkplek te bewerkstellig deur: 1) gelyke geleenthede te bevorder asook die billike behandeling van werknemers ten einde onbillike diskriminasie uit die weg te ruim; en 2) maatreëls ten opsigte van regstellende aksie te gebruik met die oog daarop om die ervarings van diegene wat voorheen ten opsigte van indiensneming te nagekom is, reg te stel sodat billike verteenwoordiging in alle beroepskategorieë en op alle vlakke binne die werksmag bewerkstellig kan word.</p>
	<p>Wet op die Beheer van Vuurwapens, 2000 (Wet 60 van 2000)</p> <p>Stel 'n omvattende, doeltreffende stelsel vir vuurwapenbeheer en verwante aangeleenthede saam.</p>
	<p>Intergovernmental Relations Framework Act, 2005 (Wet 13 van 2005)</p> <p>Lê bepalings neer vir die daarstelling van 'n raamwerk waarvolgens die nasionale regering, provinsiale regerings en plaaslike owerhede interregeringsverhoudinge kan bevorder; lê bepalings neer vir meganismes en procedures waarvolgens interregeringsgeskille opgelos kan word; en lê bepalings neer vir verwante aangeleenthede.</p>
	<p>Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995) (LRA)</p> <p>Stel die DVOW in staat om ekonomiese ontwikkeling, maatskaplike geregtigheid, arbeidsvrede en die demokratisering van die werkplek te bevorder deur uitvoering te gee aan die doel van die Wet insluitend: om 'n raamwerk te verskaf waarbinne werknemers en hul vakbonde, werkgewers en werkgewersorganisasies gesamentlik kan onderhandel om lone, diensvoorwaardes en ander sake van gemeenskaplike belang te bepaal; om arbeidsgeskille doeltreffend op te los en voorsiening te maak vir werknemers se deelname aan besluitneming in die werkplek.</p>
	<p>Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000)</p> <p>Lê bepalings neer vir kernbeginsels, -meganismes en -prosesse wat nodig is sodat munisipaliteit progressief kan werk aan die maatskaplike en ekonomiese opheffing van plaaslike gemeenskappe, en verseker dat universele toegang tot noodsaaklike dienste bekostigbaar is vir almal; omskryf die regsaard van 'n munisipaliteit as iets wat die plaaslike gemeenskap binne die munisipale area insluit, in vennootskap met die munisipaliteit se politieke en administratiewe strukture werk; lê bepalings neer vir die manier waarop munisipale magte en funksies beoefen en uitgevoer word; lê bepalings neer vir gemeenskapsdeelname; stel 'n eenvoudige en bemagtigende stelsel daar vir die kernprosesse van beplanning, prestasiebestuur, hulpbronmobilisering en organisatoriese verandering wat die nosie van ontwikkelingsgerigte plaaslike regering ten grondslag lê; lê bepalings neer vir 'n raamwerk vir openbare administrasie en mensehulpbronontwikkeling; om die armes te bemagtig en te verseker dat munisipaliteit se tariewe en kredietbeheerbeleide hulle in ag neem deur 'n raamwerk daar te stel vir die lewering van dienste, diensleweringssooreenkomste en munisipale distrikte; lê bepalings neer vir kredietbeheer en skuldvordering; en stel 'n raamwerk daar vir ondersteuning, monitering en standaardstelling deur ander regeringsfere ten einde plaaslike regering progressief uit te bou tot doeltreffende frontlinie-ontwikkelingsagentskappe wat in staat is om die aktiwiteitie van alle regeringsfere te integreer vir die algehele maatskaplike en ekonomiese opheffing van gemeenskappe in harmonie met hul natuurlike omgewing.</p>
	<p>Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998)</p> <p>Lê bepalings neer vir samewerkende bestuurstoesig oor omgewingskwessies deur beginsels neer te lê vir besluitneming oor aangeleenthede wat 'n impak op die omgewing het, instansies daar te stel wat samewerkende bestuurstoesig sal bevorder en procedures neer te lê om die omgewingsfunksies te koördineer wat deur staatsorgane uitgevoer word; en om bepalings neer te lê vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>

Funksie	Wetgewing
	<p>Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993)</p> <p>Vereis dat die DVOW, as <b>h bewaarder en reguleerde van die beboude omgewing</b>, verseker dat alle bou- en konstruksiewerk op staatseiendom, ongeag deur wie dit onderneem word, onderneem word in nakoming van hierdie wetgewing en dat die strukture vir die duur van hul leeftyd steeds hieraan sal voldoen.</p>
	<p>Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid, 2000 (Wet 5 van 2000)</p> <p>Lé bepalings neer dat <b>h staatsorgaan</b> sy voorkeurverkrygingsbeleid moet bepaal en <b>h voorkeurpuntestelsel</b> moet implementeer waarvan die oogmerke kan insluit dat kontrakte aangegaan word met persone, of kategorieë van persone, wat histories deur onbillike diskriminasie op grond van ras, geslag of gestremdheid benadeel is.</p>
	<p>Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet 12 van 2004)</p> <p>Lé bepalings neer ter versterking van maatreëls om korupsie en korrupte aktiwiteit te voorkom en te bestry</p>
	<p>Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000) (PAIA)</p> <p>Dié wet bevorder <b>h kultuur van deursigtigheid en aanspreeklikheid by openbare en private liggeme</b> deur die reg tot inligting te verwesenlik (soos bepaal in artikel 32 van die Grondwet) en aktief <b>h samelewing</b> te bevorder waarin mense doeltreffend toegang kan verkry tot inligting wat hulle in staat stel om hul regte meer doeltreffend uit te oefen en te beskerm.</p>
	<p>Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000) (PAJA)</p> <p>Verleen uitvoering aan artikel 33 van die Grondwet wat bepaal dat almal die reg het tot administratiewe optrede wat wettig, redelik en prosedureel billik is. Enigeen wie se regte negatief beïnvloed is deur administratiewe optrede het die reg om redes daarvoor gegee te word. PAJA het te make met algemene administratiewe reg en is derhalwe bindend vir administrasie in sy geheel op alle regeringsvlakke.</p>
	<p>Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013)</p> <p>Bevorder die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en private liggeme verwerk word; stel sekere voorwaardes ten einde minimumvereistes vir die verwerking van persoonlike inligting daar te stel; lé bepalings neer vir die daarstelling van <b>h Inligtingregulator</b> om sekere magte uit te oefen en sekere pligte en funksies ingevolge die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 te verrig; lé bepalings neer vir die uitreiking van gedragskodes; lé bepalings neer vir die regte van persone ten opsigte van ongevraagde elektroniese mededelings en geautomatiseerde besluitneming; reguleer die vloei van persoonlike inligting oor die grense van die Republiek heen; en lé bepalings vir verwante aangeleenthede neer.</p>
	<p>Wet op die Provinciale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005 (Wet 3 van 2005)</p> <p>Bewaar die argieferfenis vir gebruik deur die regering en mense van Suid-Afrika, en bevorder doeltreffende, aanspreeklike, deursigtige regering deur die behoorlike bestuur en versorging van staatsrekords.</p>
	<p>Wet op Openbare Oudit, 2004 (Wet 25 van 2004)</p> <p>Vestig en ken funksies toe aan die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA); maak voorsiening vir die ouditering van instellings in die openbare sektor; stel OGSA in staat om vermoedelike wesenlike onreëlmatiche as gevolg van 'n audit na 'n relevante openbare liggaaom te verwys vir ondersoek; bemagtig OGSA om gepaste regstellende stappe te neem, om 'n sertifikaat van skuld uit te reik waar 'n rekenpligtige nie die verliese van 'n verantwoordelike persoon verhaal nie, en om die betrokke uitvoerende gesag opdrag te gee om skuld in te vorder.</p>

Funksie	Wetgewing
	<p>Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999)</p> <p>Ondersteun deursigtigheid, aanspreeklikheid en gesonde bestuur ten opsigte van die DVOW se inkomste, uitgawes, bates en laste.</p>
	<p>Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 soos op 3 Junie 1994 in Staatskoerant 15791 gepubliseer)</p> <p>Hierdie is die vernaamste Wet wat openbare administrasie beheer. Dit bepaal die administratiewe en operasionele raamwerk vir staatsdepartemente deur riglyne neer te lê sover dit die indiensneming van en praktyke verwant aan mensehulpbronne betref, m.a.w. indiensnemingsvoorwaardes, ampstermyne, dissipline, aftrede en ontslag van lede van die staatsdiens en aangeleenthede wat hiermee verband hou.</p>
	<p>Wet op die Bestuur van Openbare Administrasie, 2014 (Wet 11 van 2014)</p> <p>Bevorder die basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer soos na verwys in artikel 195(1) van die Grondwet; lê bepalings neer vir die verplasing en sekondering van werknemers in openbare administrasie; reguleer die doen van sake met die staat; lê bepalings neer vir kapasiteitsontwikkeling en opleiding; lê bepalings neer vir die daarstelling van die Nasionale Regeringskool; lê bepalings neer vir die gebruik van inligting- en kommunikasietegnologie in openbare administrasie; en lê bepalings neer waarvolgens die minister minimumnorme en -standarde vir openbare administrasie kan stel.</p>
	<p>Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998)</p> <p>Lê bepalings neer vir 'n institutionele raamwerk om nasionale, sektor- en werkplekstrategieë te ontwikkel om die vaardighede van die Suid-Afrikaanse werksmag te ontwikkel en te verbeter, en om daardie strategieë by die Nasionale Kwalifikasieraamwerk te integreer. As toonaangewende werkgewer moet die DVOW nakoming van die werkgewer se verpligte verseker ten opsigte van die werkplekooreenkoms en verseker dat hierdie ooreenkoms in die werkplek geïmplementeer word. By wyse van die UOWP implementeer die DVOW leerlingskap- en vaardigheidsontwikkelingsprogramme vir deelnemers in vakmanverwante velde.</p>
	<p>Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuurst wet, 2013 (Wet 16 van 2013)</p> <p>Om 'n raamwerk vir ruimtelike- en grondgebruikbestuur in die Republiek te bied; om die verband tussen die ruimtelike beplanning en die grondgebruikbestuurstsel en ander soorte beplanning te spesifiseer; om voorsiening te maak vir inklusieve, ontwikkelings-, billike en doeltreffende ruimtelike beplanning in die verskillende regeringsfere; om 'n raamwerk te bied vir die monitoring, koördinering en hersiening van die ruimtelike beplanning en grondbestuurstsel; om 'n raamwerk te bied vir beleide, beginsels, norme en standarde vir ruimtelike en regulatoriese wanbalanse; om groter konsekwentheid en eenvormigheid in die aansoekprosedures en besluitneming deur owerhede wat verantwoordelik is vir grondgebruikbesluite en ontwikkelingsaansoeke te bevorder; om voorsiening te maak vir die instelling, funksies en werksaamhede van munisipale beplanningstribunale; en om voorsiening te maak vir die fasilitering en toepassing van grondgebruik- en ontwikkelingsmaatreëls.</p>
	<p>Radiowet, 1952 (Wet 3 van 1952)</p> <p>Beheer radio-aktiwiteite en verwante aangeleenthede.</p>

Funksie	Wetgewing
	<p>Wes-Kaapse Wet op Grondgebruiksbeplanning, 2014 (Wet 3 van 2014)</p> <p>Ten einde wetgewing in die Provincie met betrekking tot provinsiale beplanning, streeksbeplanning en -ontwikkeling, stedelike en landelike ontwikkeling, regulering, ondersteuning en monitering van munisipale beplanning en regulering van openbare plekke en munisipale paaie wat uit onderverdelingsvoortspruit, te konsolideer; om voorsiening te maak vir provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerke; om minimum standaarde vir, en die doelmatige koördinering van, ruimtelike ontwikkelingsraamwerke te bepaal; om minimum norme en standaarde vir doeltreffende munisipale ontwikkelingsbestuur te bepaal; om provinsiale ontwikkelingsbestuur te reguleer; om die uitwerking van grondontwikkeling op landbou te reguleer; om beginsels vir grondgebruikbeplanning te bepaal; en om sekere oubedeling-wette te herroep.</p>
	<p>Wes-Kaapse Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning (Wysigingswet), 2009 (Wet 1 van 2009)</p> <p>Reguleer grondgebruikbeplanning in die Wes-Kaap en verwante aangeleenthede.</p>
	<p>Wes-Kaapse Wet op Verkryging (Sakebelange van Werknemers), 2010 (Wet 8 van 2010)</p> <p>Om die sakebelange van werknemers van die Provinciale Regering en van provinsiale openbare instellings asook lede van die beheerliggame van sodanige instellings in instellings wat met die Provinciale Regering en met provinsiale openbare instellings sake doen, te beperk; om voorsiening te maak vir die bekendmaking van sulke belang; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.</p>
	<p>Wes-Kaapse Wet op die Monitering en Ondersteuning van Munisipaliteite, 2014 (Wet 4 van 2014)</p> <p>Bring artikels 154(1) en 155(6) van die Grondwet tot uitvoer deur verdere bepalings neer te lê vir maatreëls om munisipaliteite te ondersteun, munisipaliteite se kapasiteit te ontwikkel en te versterk en om hul prestasie te verbeter. Bring ook artikel 106(1) van die Wet op Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels tot uitvoer deur bepalings neer te lê vir monitering in gevalle waar gebrekkige prestasie en wanadministrasie in munisipaliteite vermoed word, en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>

Die nasionale en provinsiale beleide en strategieë wat hieronder beskryf word, begelei die DVOW in hoofsaak in die nakoming van sy verantwoordelikhede.

Funksie	Beleide
Vervoer	<p>Nasionale Strategie vir Vraglogistiek, 2005</p> <p>Verlaag binnelandse vragkoste deur laer stelselkoste wat voortspruit uit verhoogde doeltreffendheid, betroubaarheid en verlaagde vervoertye om sodoende haalbare modale opsies tussen pad- en spoorvervoer aan klante te bied.</p> <p>Nasionale Strategie vir Openbare Vervoer, 2007</p> <p>Twee hooftrekke is hier ter sprake, naamlik:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Versnelde modale upgradering, wat ten doel het om nuwe, doeltreffender, universeel toeganklike en veilige openbare vervoer en bedreve operateurs te verskaf; en</li> <li>• Geïntegreerde snelvervoernetwerke vir openbare vervoer, wat ten doel het om oplossings vir geïntegreerde openbare vervoer te ontwikkel en te optimaliseer.</li> </ul>

Funksie	Beleide
	<p>Nasionale Padveiligheidstrategie, 2011 – 2020  <b>Informeer 'n nasional gekoördineerde poging om opvoeding en wetstoepassing ten opsigte van swak padgebruikgedrag te verbeter in lyn met internasionale beste prakteke en aanbevelings van die Wêreldgesondheidsorganisasie vir ontwikkelende lande.</b></p>
	<p>Nasionale Strategie vir Landelike Vervoer, 2007  <b>Lê riglyne neer vir al drie regeringsfere om op 'n geïntegreerde, ooreenstemmende en gekoördineerde wyse werk te maak van die uitdagings verwant aan mobiliteit en toegang in landelike gebiede. Twee hoofstrome word in hierdie strategie uitgelig, naamlik die bevordering van gekoördineerde landelike nodale en koppelende ontwikkelings, en die ontwikkeling van vraag-responsiewe, gebalanseerde en volhoubare landelike vervoerstelsels.</b></p>
	<p>Witskrif oor Nasionale Vervoerbeleid, 1996  Handel oor veilige, betroubare, doeltreffende, doelmatige, ten volle geïntegreerde vervoerbedrywe en -infrastruktuur. Hierdie behoort aan die behoeftes van vrag- en passasierklante te voldoen op 'n wyse wat regeringstrategieë vir ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling sal ondersteun en omgewing- en ekonomiese volhoubaarheid in die hand sal werk.</p>
	<p>Witskrif oor Provinciale Vervoerbeleid, 1997  <b>Bou voort op die basis wat deur nasionale witskrif vir 'n vervoerbeleid daargestel is en verskaf meer detail oor spesifieke intervensies in reaksie op die behoeftes en geleenthede in die Wes-Kaap, met erkenning vir heersende en toekomstige bevoegdhede wat aan provinsies en ander regeringsfere ooreenkomsdig die Grondwet toegewys kan word.</b></p>
	<p>Riglyne vir Bestuur van Toegang, 2020  Voorsien riglyne om praktiese ingenieurs en beplanners, sowel as eiendomsontwikkelaars, te help om aanvaarbare padtoegangstandarde te ontwikkel.</p>
	<p>Suid-Afrika se Strategiese Raamwerk vir Padinfrastruktuur (RISFSA)  Lê riglyne neer vir herdefiniëring van die Suid-Afrikaanse paaie-netwerk, en help padowerhede om bestaande padnetwerke te herklassifiseer.</p>
	<p>Padveiligheidstrategie vir die Wes-Kaapse Provinsie, 2005  <b>Moedig 'n veiliger padomgewing aan deur padveiligheid oral in die provinsie te bevorder met 'n fokus op nasionale en provinsiale roetes; en is verantwoordelik vir die basiese opleiding van alle verkeersbeamptekrute in die provinsie ten einde eenvormigheid en professionaliteit te verseker.</b></p>
	<p>Wes-Kaapse beleidsverklaring ten opsigte van die vervoer van passasiers met spesiale behoeftes (SBPs), 2009  Plaas sekere verantwoordelikhede op die DVOW, met insluiting van:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Aanmoediging van die inkrementele toeganklikheid van spoorinfrastruktuur en verskaffing van opleiding aan operateurs en hul personeel om sensitiief op te tree teenoor persone met spesiale behoeftes;</li> <li>• Ondersteuning van die lewering van universeel toeganklike inligtingsdienste oor openbare vervoer;</li> <li>• Voorbereiding en publisering, in samehang met Nasionale Departement van Vervoer, van riglyne verwant aan vereistes rakende die toeganklikheid van openbare vervoertoeriste;</li> <li>• Versekerung dat alle nuwe fasiliteite vir openbare vervoer só beplan word dat dit toeganklik is vir persone met spesiale behoeftes; en</li> <li>• Versekerung dat alle toekomstige gekontrakteerde openbarevervoerdienste in die provinsie progressief die bedryf van toeganklike dienste insluit tot tyd en wyl alle gekontrakteerde dienste of toeganklik is en/of 'n alternatiewe vraag-responsiewe diens beskikbaar is.</li> </ul>

Funksie	Beleide
Openbare Werke en Eiendoms-bestuur	<p>Wes-Kaapse Provinciale Verkrygingsbeleid Ten doel om die bewaarder(s), onder ander, te begelei in die verkryging van onroerende bates en om eenvormige kriteria en prosesse te bevorder en te spesifiseer.</p>
	<p>Wes-Kaapse Provinciale Regering se witskrif oor die bestuur van provinsiale eiendom, 2004 <b>Lê h' raamwerk neer vir die begeleiding van aktiwiteite verwant aan vaste eiendom behorende aan die Wes-Kaapse Provinciale Regering en ander eiendom wat deur die provinsiale regering benut word; en dit dek ook koördinering met die eiendomsbestuuraktiwiteite van ander openbare/burgerlike rolspelers in die provinsie.</b></p>
	<p>Wes-Kaapse Raamwerk vir Infrastruktuur, 2013 Sorg dat die beplanning, lewering en bestuur van infrastruktuur wat aan alle belanghebbers (nasionale regering, provinsiale regering, plaaslike regering, semi-staatsorgane en die private sektor) verskaf word met die strategiese agenda en visie vir die provinsie ooreenstem.</p>
	<p>Wes-Kaapse Beleid op Vervreemding van Provinsiale Eiendom Lei ontwikkeling, dryf transformasie aan en wek vertroue in onderontwikkelde gebiede, veral om wanbalanse in die verlede reg te stel en ekonomiese aktiwiteite te bevorder.</p>
Uitgebreide-openbare werke-program	<p>Riglyne vir die implementering van die UOWP Die UOWP se oogmerk is om kort- en mediumtermyn-werksgeleenthede te skep vir die armes en werkloses, as deel van die regering se strategie om armoede te beveg. Hierdie werkgeleenthede word gekombineer met opleiding wat daarop gemik is om die laaggeskoold begunstigdes se vooruitsigte op indiensneming binne die formele indiensnemingsmark te verhoog. Die program is afgestem op geleenthede in die volgende sektore: infrastruktuur, omgewing, kultuur, en maatskaplike en nie-regering.</p>
	<p>Riglyne vir die implementering van die Nasionale Jeugdiens (NJD) Bepaal dat implementering van jeugprogramme die verantwoordelikheid van alle staatsinstansies is. Verantwoordelikheid vir beplanning, koördinering en inisiëring van doeltreffende en innoverende strategieë vir jeugontwikkeling berus dus eweneens by Nasionale Jeugkommissie en individuele staatsdepartemente op nasionale en provinsiale vlak.</p>
Transversale	<p>Provinsiale Strategiese Plan (PSP), 2019–2024 <b>h' Stel oorkopelende strategiese doelwitte vir die WKR vir die huidige verkose termyn waarin gewenste uitkomste vir die mediumtermyn (vyf jaar) uiteengesit word. Hierdie doelwitte weerspieël die behoeftes en prioriteit van die provinsiale regering en bevorder tesame geïntegreerde, verbeterde prestasie oor die openbare sektor in die Wes-Kaap heen.</b></p>
	<p>Departementele raamwerk en handleiding vir monitering en evaluering Beskryf die monitering- en evalueringstelsels en -werktuie wat daargestel is vir resultaatgedrewe bestuur in die staatsdiens.</p>
	<p>Hersiene Raamwerk vir Strategiese en Jaarlikse Prestasieplanne Het ten doel om regeringsbeplanningstelsels en -prosesse te verbeter en ontwikkelingsbeplanning in die regering te institusionaliseer.</p>
	<p>Departementele beleid oor die bestuur van rekords <b>Lê die grondslag vir h' korporatiewe kultuur van verantwoordelikheid vir die bestuur van inligting en rekords as h' noodsaaklike vereiste vir doeltreffende dienslewering..</b></p>

Funksie	Beleide
	<p>Wes-Kaapse beleid oor e-Mobiliteit</p> <p>Transversale beleid oor die gebruik van sellulêre datakaarte vir amptelike doeleindeste. Dit reguleer en standaardiseer die praktyke en procedures vir die verkryging, voorsiening en gebruik van datakaarte in die WKR en sy departemente en vir die doelmatige en kostedoeltreffende bestuur van hierdie noodsaaklike diens.</p>
	<p>Wes-Kaapse Regering se transversale bestuurstelsel</p> <p>Het ten doel om meetbare uitkomste te behaal deur die fasilitering van sektorale klusters wat transversaal van kwessies werk maak met individuele lyndepartemente as die implementeringsagente; en beheer die implementering van die provinsiale strategiese plan transversaal regdeur die WKR. Die "Executive Project Dashboard" word as inligtingbestuurwerktuig vir hierdie stelsel gebruik.</p>
	<p>Witskrif oor mensehulpbronbestuur, 1997</p> <p>Fokus op noodsaaklikheid om mensehulpbronkapasiteit te ontwikkel en te transformeer ten einde die oogmerke van doeltreffende dienslewering en 'n getransformeerde staatsdiens te behaal.</p>


## 8. Organisasiestruktuur soos op 31 Maart 2021

Die DVOW se makro-organisatoriese struktuur word op die volgende vyf bladsye van hierdie verslag uiteengesit.




# Organisational Organogram


## Extended Top Management




# Organisational Organogram

## Extended Top Management continued








# Organisational Organogram

## Extended Top Management continued



## 9. Entiteite wat aan die provinsiale minister verslag doen

Alhoewel die departement nie vir enige openbare entiteite verantwoordelik is nie, word SMV as 'n handelsentiteit binne sy administrasie bedryf.

Tabel 8: Entiteite wat aan die Provinciale Minister verslag doen

Naam van entiteit	Wetgewende mandaat	Finansiële verwantskap	Aard van bedrywe
SMV	Hoofstuk 19 van die Tesourieregulasies	SMV word ingevolge Hoofstuk 19 van die Tesourieregulasies as 'n handelsentiteit bedryf. Die RB van die departement is ook die RB van die handelsentiteit. Die RB rapporteer aan die provinsiale minister.	Voorsiening van staatsmotorvoertuie aan kliëntdepartemente vir diensleweringsdoeleindes.



**B**

Prestasie-inligting

# Deel B: Prestasie-inligting

## 1. Ouditeur-generaal se verslag: Voorafbepaalde doelwitte

Die OGSA voer tans sekere ouditprosedures uit op die prestasie-inligting om redelike versekering in die vorm van 'n ouditgevolgtrekking te gee. Die ouditgevolgtrekking oor prestasie gemeet teen voorafbepaalde doelwitte is in die verslag aan die bestuur ingesluit, met enige wesenlike bevindings wat onder die opskrif Voorafbepaalde Doelwitte gerapporteer word in die Verslag oor ander wetlike en regulatoriese vereistes-afdeling van die ouditeursverslag.

Verwys na bladsy 235 vir die Ouditeur-generaal se verslag, wat as Deel E: Finansiële Inligting gepubliseer word.

## 2. Oorsig van departementele prestasie

### 2.1 Diensteweringsomgewing

Die hoofdienste van die Departement is:

Hoofdiens	Sleutelfunksies
Administratiewe Dienste	<ul style="list-style-type: none"><li>• Verskaf strategiese, beleid- en operasionele ondersteuning binne die Departement.</li><li>• Verskaf finansiële bestuur- en voorsieningskanaaldienste binne die Departement.</li><li>• Verleen hulp aan munisipaliteite om geïntegreerde vervoerplanne te ontwikkel.</li><li>• Fasiliteer die ontwikkeling van provinsiale departementele strategieë, beleide en planne.</li><li>• Bestuur die POP om skaarsvaardighede te ontwikkel op die terreine van vervoer, die bou-omgewing en ingenieurswese.</li><li>• Verskaf beurse vir individue wat besig is met studies op die terreine van vervoer, ingenieurswese en die bou-omgewing.</li></ul>
Openbare Werke-infrastruktuurdienste	<ul style="list-style-type: none"><li>• Verkry en vervreem onroerende bates.</li><li>• Verseker optimale benutting van eiendomme in die provinsie se besit.</li><li>• Huur eiendom om akkommodasie te verskaf.</li><li>• Verskaf akkommodasiedienste aan provinsiale departemente en entiteite.</li><li>• Bou en hou gesondheid-, onderwys- en algemene geboufasiliteite in stand.</li><li>• Skep werkgeleenthede en ekonomiese bemagtiging deur die verskaffing van infrastruktuur.</li></ul>
Vervoerinfrastruktuurdienste	<ul style="list-style-type: none"><li>• Bou, rehabiliteer en hou die provinsiale padnetwerk in stand.</li><li>• Bied leerlingskappe en graadopleiding aan.</li><li>• Bied vakleerlingskappe vir dieselderkundiges aan.</li><li>• Verskaf tegniese ondersteuningsdienste.</li><li>• Skep werkgeleenthede en ekonomiese bemagtiging deur die verskaffing van infrastruktuur.</li></ul>

Hoofdiens	Sleutelfunksies
Vervoerbedryfdienste	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bestuur en moniteer gesubsidieerde en gespesialiseerde openbare vervoerdienste.</li> <li>• Koördineer en faciliteer landvervoerveiligheid- en -nakomingsprogramme.</li> <li>• Evalueer, ondersteun en kapasiteer munisipaliteite ten opsigte van landvervoermobiliteit.</li> <li>• Ondersteun die implementering van NGV.</li> </ul>
Vervoerreguleringsdienste	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verskaf motorvoertuigregistrasie- en lisensiéringsdienste deur munisipaliteite.</li> <li>• Verskaf dienste om motorvoertuie se padwaardigheid te toets.</li> <li>• Reik bestuurslisensies en professionele bestuurspermitte uit aan bevoegde bestuurders deur munisipaliteite.</li> <li>• Reik permitte uit vir abnormalevragvoertuie en geleenthede op openbare paaie.</li> <li>• Verskaf oorladingbeheerdienste op nasionale en provinsiale paaie.</li> <li>• Verskaf lisensiéringsdienste aan openbare vervoeroperateurs.</li> <li>• Registreer minibustaxi-operateurs en -verenigings.</li> <li>• Implementeer en koördineer padveiligheidsprogramme.</li> <li>• Verskaf geskilbeslegtingsdienste in die openbarevervoerdomein.</li> <li>• Verskaf wetstoepassing op nasionale en provinsiale openbare paaie.</li> <li>• Voorsien geakkrediteerde sowel as nie-geakkrediteerde verkeersopleiding en ontwikkeling aan die verkeersberoep binne ons provinsie en buite ons grense.</li> <li>• Verskaf padveiligheidsprogramme by skole en wetstoepassingsingrypings.</li> </ul>
Gemeenskapsgebaseerde Programme	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Koördineer die UOWP.</li> <li>• Fasiliteer programme om opkomende kontrakteurs te ontwikkel.</li> <li>• Bied konstruksieverwante vaardigheidsontwikkelinggeleenheide aan, insluitende vakleerlingskappe vir vakmanvaardighede.</li> </ul>

## Vernaamste diensleweringssuitdagings

Gedurende die oorsigjaar het 'n aantal uitdagings 'n negatiewe impak op die DVOW se dienslewering gehad:

- Diensleweringsbetogings het steeds 'n groot impak op vervoerstelsels gehad, insluitend blokkering van paaie en ontwigting van busdienste. Dit het 'n beduidende negatiewe impak op padgebruikers, leerdervervoer en pendeldienste gehad en het 'n kettingreaksie uitwerking op die reeds kwesbare ekonomie gehad. Sulke betogings, wat dikwels die brand van buitebande en ander vorme van vandalisme insluit, het 'n negatiewe impak op die gelokaliseerde toestand van die provinsiale padnetwerk. Daar word nie begroot vir die koste om hierdie beskadigde infrastruktuur te herstel of te vervang nie, wat die herleiding van fondse van roetine-instandhoudingsbegrotings vereis.
- Gemeenskapsonrus op konstruksieterreine wat die lewering van openbare infrastruktuur vertraag het.

- Openbare aandrang dat grond wat in die besit van die WKR grond in sentraal-geleë dele van Kaapstad vir bekostigbare behuisingsdoeleindes gebruik word.
- Bedrog en korruksie in die voertuig-, bestuurs- en operateurslisensiérings-, en voertuigtoetsomgewings het die herleiding van reeds gestrekte menslike hulpbronne nodig om saam met die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), die Valke en die nasionale vervolgingsgesag (NVG) om getuenis teen individue en sindikate wat in hierdie arena aktief is, bymekaar te maak.

Onwettige openbare vervoerbedrywighede is steeds 'n hoofoorsaak van gewelddadige konflik in die minibustaxibedryf. Koördinering- en moniteringstrukture is saam met beplanningsowerhede opgestel en sluit belangrike wetstoepassingsbelanghebbendes in, insluitend die SAPD, die NVG en verkeersowerhede.

Geweld met betrekking tot geskille binne die taxibedryf het 'n negatiewe impak gehad op pendelaars se veiligheid en die doeltreffende funksionering van die openbare vervoerstelsel. Gewelddadige konflik tussen minibustaxioperateurs en -verenigings, hoofsaaklik dié onder Cape Amalgamated Taxi Association (CATA) en die Congress of Democratic Taxi Associations (CODETA) het tot die verlies van baie lewens gelei. Die SAPD het tussen 1 April 2020 en 31 Maart 2021 120 taxi-verwante moorde en 74 pogings tot moord bevestig.

Toenemende verslae van afpersing teister steeds die vervoer- en konstruksiesektore in die provinsie. Die Wes-Kaapse Provinciale Kommissaris van die SAPD het op 17 Maart 2021 'n inter-regeringswerksessie gereël om aandag op hierdie tipe kriminele aktiwiteite te vestig. Daar word berig dat personeel-, leerling- en huurdiensoperateurs gereeld geteiken word deur minibustaxi-“moederliggame” CATA, CODETA en Uncedo, asook plaaslike bendes, wanneer hulle hul passasiers in townships gaan haal of aflaai.

Infrastruktuurkontrakteurs het gevalle aangemeld van plaaslike bendes wat hulle vir geld afpers vir “beskerming” of 'n persentasie van die kontrakwaarde eis en plaaslike leiers wat 'n sê eis oor wie aan projekte in hul gebiede mag werk of nie. Hierdie kriminele aktiwiteite het 'n impak op die koste en tydige voltooiing van infrastruktuurprojekte.

Openbare vervoer sukkel om aan die eise van 'n vinnig groeiende bevolking te voldoen. Ontwrigtende gedrag, dikwels onder die dekmantel van burgerlike onrus, het gelei tot verdere vernietiging van waardevolle vervoerinfrastruktuur, bates en deurlopende voorraad, en wat die afhanklikheid van en gebruik van privaatvoertuie verhoog het. Vandalisme van die spoorstelsel het daartoe gelei dat die helfte van die treinstelle verlore geraak het en ongeveer 400 000 passasiers wegbeweeg het om spoordienste te gebruik. Die direkte koste van skade aan treinstelle word oor die afgelope vyf jaar op R643 miljoen geraam. Lae-inkomste openbare vervoergebruikers in Kaapstad bestee tot 45 persent van hul inkomste aan vervoer, en dit sal waarskynlik styg as gevolg van die ineenstorting van die Sentrale Lyn. Die ruimtelike opset van Suid-Afrikaanse stede en die oorheersing van voertuie wat net een insittende vervoer is die primêre bydraer tot die verkeersuitdaging wat vervoerbeplanning in die gesig staar.

Die koms van COVID-19 en die gepaardgaande nasionale ramptoestand het tot 'n verdere verswakking van die passasierspoordiens in die Kaapse Metro gelei. Gedurende hierdie tydperk was daar glo 'n verhoogde vlak van vandalisme en mense wat in die spoorreservaat gewoon het. Die spoordiens is ook tydens die "stregste" (waarskuwingsvlak 5) COVID-19-inperking opgeskort. Na die streng inperking is spoordienste hervat, insluitend 'n gedeelte van die sentrale lyn. Hierdie lyn, die netwerk se besigste en belangrikste, is egter steeds nie ten volle in werking nie, wat beteken dat mense wat in die Suid-Ooste Metro woon, geen toegang tot 'n spoordiens het nie.

Boonop het die COVID-19 nasionale ramptoestand ernstige ontwrigting van openbare vervoerdienste tot gevolg gehad, weens die oplegging van reis-, bedryfstye en kapasiteitsbeperkings. Dit moes versigtig deur die Vervoerkoördineringskomitee (TCC) wat deur die Departement en die Stad Kaapstad ingestel is, bestuur word. Hierdie beperkings is grotendeels opgehef en openbare vervoer werk meer normaal, met die nodige veiligheids- en higiéneprotokolle in plek.

Die Departement moes die gekontrakteerde busdienste wat hy bestuur om by COVID-19-regulasies aan te pas, wysig. Dit het veranderinge ingesluit aan beide die gesubsidieerde busdiens in die Kaapse Metro, wat deur die Golden Arrow Busdienste (GABS) bedryf word, en aan die Go George-busdiens, wat saam met die Munisipaliteit van George bestuur word.

Die volgehoue druk op die nasionale fiskus het ook 'n impak op befondsing vir openbare vervoer. Die toelae vir die openbare vervoernetwerk (PTNG), waarop die George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk (GIPTN) staatmaak, het onder druk gekom, en die toewysing aan die projek is gedurende die oorsigjaar gesny. Terwyl die Departement stappe neem om die impak van hierdie besnoeiing te versag, bly die bedenklike toestand van die nasionale fiskus 'n risiko vir die PTNG-befondsingstoewysing aan die GIPTN.

### Vernaamste diensleweringsprestasies

Mense het teruggekeer werk toe, toe openbare konstruksieprojekte weer begin het nadat die rampspoedige COVID-19-waarskuwingsvlak 5-maatreëls tot 'n einde gekom het. In ooreenstemming met die Waarskuwingsvlak 4 wat in Mei 2020 in werking getree het, het die Departement werk aan onderwys, gesondheid, algemene infrastruktuur en padprojekte hervat wat tydens Waarskuwingsvlak 5 gestaak moes word. Dit het mense teruggebring na betaalde werk, en besteding aan konstruksiebedryfaktiwiteite moontlik gemaak.

Waarskuwingsvlak 4 het die volgende toegelaat:

- Siviele ingenieurswese vir openbare werke projekte;
- Openbare werke siviele ingenieurswese en konstruksiewerke;
- Pad- en brugprojekte, insluitend plaaslike padherstelwerk; en
- Kritieke instandhouding en herstelwerk.

Die DVOW was aktief in al vier areas van konstruksieverwante aktiwiteite. Daarbenewens is staal, cement, ander konstruksiemateriaal en hardware industrieë toegelaat om in fases op te skaal tot 'n beperking van 50 persent van werknemers, onderhewig aan streng gesondheidsprotokolle.

- In die onderwys is byna 200 projekte hervat, insluitend nuwe en vervangingskole, opraderings en instandhoudingsprojekte. Die waarde van die werke wat vir uitgawes beplan is, was in die orde van R950 miljoen vir die boekjaar en het ongeveer 2 850 mense toegelaat om terug te gaan werk toe.
- In gesondheid het meer as 40 projekte herbegin, insluitend kapitaal- en instandhoudingsprojekte. Die waarde van hierdie projekte was ongeveer R250 miljoen en ongeveer 800 mense het teruggekeer werk toe.
- In algemene infrastruktur is meer as 40 kapitaal-, moderniserings- en instandhoudingsprojekte hervat. Die waarde van hierdie projekte was ongeveer R90 miljoen en ongeveer 600 mense het teruggekeer werk toe.
- In paaie is 17 kapitaalprojekte met 'n waarde van R1,2 miljard tot voltooiing hervat, en roetine-padinstandhoudingskontrakte ter waarde van R158 m per jaar is ook weer begin.

Die Departement het hard gewerk om te verseker dat toegelate projekte so gou moontlik hervat word. 'n Brief is aan alle kontrakteurs gestuur wat hulle versoek het om toegelate werk te hervat en hulle attent gemaak het op deurslaggewende aspekte van die streng nuwe regulatoriese raamwerk waarvolgens die werk uitgevoer moet word, insluitend COVID-19-regulasies vir beroepsgesondheid en -veiligheid. DVOW-amptenare was beskikbaar om kontrakteurs te adviseer en by te staan waar nodig.

Deur die PSTP het die Departement 'n reeks inisiatiewe suksesvol geïmplementeer in reaksie op COVID-19. Dit sluit in die Red Dot-taxidiens in samewerking met SANTACO wat vervoerdienste ter ondersteuning van die stryd teen die pandemie verskaf het. Hierdie vennootskap het dit moontlik gemaak om 'n sterker en meer effektiewe verhouding met die minibusbedryf te smee, wat 'n ongekende geleentheid bied om vorentoe te beweeg met die Departement se bestaande minibustaxiverbeteringswerk om 'n aansporingsprogram daar te stel wat ontwerp is om die diensgehalte en veiligheid van minibustaxidienste regoor die provinsie te verbeter.

#### *Diens: Fasilitaat programme om opkomende kontrakteurs te ontwikkel*

Die kontrakteurontwikkelingsprogram (CDP) het drie hoof opleidingsprogramme geïmplementeer.

- Konstruksie-inligtingsessies (KIS) is vir 43 opkomende kontrakteurs van regoor die Wes-Kaap gehou, in vennootskap met DVOW Voorsieningskanaalbestuur, die Nasionale Departement van Openbare Werke en Infrastruktur, Suid-Afrikaanse Inkomstediens, Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT), die CIDB, die Boubeddingsraad en plaaslike munisipaliteite. Hierdie twee-dag sessies het gefokus op die verskaffing van inligting aan deelnemende kontrakteurs om te verseker dat hul aan alle regeringsreëls en -beleide voldoen.
- Sewe-en-dertig CIDB Graad 1- en 2-kontrakteurs het aan 'n 10-maand gestruktureerde opleidingsprogram deelgeneem wat deur die Konstruksie Onderwys- en Opleidingsowerheid (CETA) geakkrediteer is.
- Gevorderde opleiding en mentorsteun is gedurende die jaar onder oorsig aan 20 Graad 3 tot 5 kontrakteurs verskaf. Twee kontrakteurs het aan die program onttrek,

van wie een buite die Wes-Kaap werk, en die ander het boubedrywighede heeltemal gestaak.

Daarbenewens het 50 kontrakteurs regoor die Wes-Kaap opleiding vir beroeps gesondheid en -veiligheid (OHS) ontvang.

Die NJD se Jeug in Konstruksie-program is 'n nasionale program wat daarop gemik is om die deelname van werklose jeugdiges aan die bou- en konstruksiebedryf te verseker. Jeugdiges word in 'n 12-maand-program geplaas waar hulle vaardighede verwerf in verskillende dissiplines in die konstruksiebedryf, wat hul vermoë om werk te kry óf om vir hulself te werk, verbeter. In Februarie 2020 het 'n nuwe inname van 252 werklose jeugdiges met hul opleiding begin. Weens die nasionale ramptoestand is die ervaringsdeel van die opleidingsprogram met drie maande vertraag. Altesaam 211 werklose jeugdiges het die program teen die einde van April 2021 voltooi.

#### *Diens: Skep werk en ekonomiese bemagtiging deur die verskaffing van infrastruktuur*

Die instrument vir bemagtigingsimpakassessering (EMPIA) lig die ontwerp- en konstruksieproses van spesifieke departementele projekte ter waarde van meer as R5 miljoen in; dit teken ook die werklike impak ten opsigte van histories benadeelde individue (HBI) aan. In die boekjaar onder oorsig, is 12 EMPIAs op beplande departementele infrastruktuurprojekte geïnisieer. Twintig projekte is deur bemagtigingsteiken-implementeringsverslae (ETIRs) gemonitor. Die eenheid het die implementeringsdirektorate en hul kliëntedepartemente by 16 gemeenskapsverbintenisse gedurende die oorsigjaar ondersteun.

#### *Diens: Bied vakleerlingskappe vir vervoerverwante werktuigmindiges aan*

Om gekwalifiseerde ambagsmanne te word, ondergaan vakleerlinge 'n vier-jaar-tydperk van formele en praktiese opleiding, voorgeskrewe eksamens en praktiese assessering deur die sektorale onderwys- en opleidingsowerheid vir vervaardiging-, ingenieurs- en verwante dienste (MERSETA). Vakleerlinge wat deur die DVOW ondersteun is, het opleiding by die meganiese werkswinkel in Bellville ontvang en doen Nasionale Tegniese Sertifikaat-kursusse by 'n tegniese kollege. Agt nuwe meganiese ambagsmanne het hul opleiding in 2020/21 begin.

#### *Diens: Bestuur die graadprogram vir professionele ingenieurs (GPEP) om die behoorlike opleiding en retensie van graduandi in die vervoer- en ingenieursveld te faciliteer*

Ter ondersteuning van infrastruktuurlewering is die Paaie GPEP, met die ondersteuning van mentors om die behoorlike opleiding en retensie van graduandi, gedurende die oorsigjaar voortgesit. Agt gegradeerde het aan die minimum vereistes vir professionele registrasie met die ECSA voldoen. Hiervan het ses teen die einde van die jaar permanente indiensneming in die DVOW aanvaar. Die ander twee sal in die komende jaar vir DVOW-poste aansoek doen en beoog om DVOW te bly indien hul aansoeke suksesvol is.

## **Diens: Bied beurse aan verdienstelike studente deur die Masakh'iSizwe-beursprogram**

Die Masakh'iSizwe-beursprogram is daarop gemik om die tekort aan skaars en kritieke vaardighede in die vervoer-, behoude omgewing- en ingenieurswese-dissiplines, en enige ander dissipline wat die DVOW as krities en skaars identifiseer, aan te spreek deur toegang tot tersiêre onderrig- en opleidingsgeleenthede te bied.

Die Departement het Masakh'iSizwe-beurse aan 74 studente toegeken wat aan drie hoëronderwysinstellings in die Wes-Kaap studeer. Altesaam 183 studente het gedurende die 2020-akademiese jaar ondersteuning ontvang.

Tabel 9: **Masakh'iSizwe-beurse 2020/21**

Dissipline	Getal beurshouers	Geslag		Ras			
		M	V	S	I	B	W
Argitektuur	2	0	2	0	0	2	0
Konstruksie en verwante	5	3	2	3	0	2	0
Siviele Ingenieurswese	95	50	45	39	3	41	12
Elektriese Ingenieurswese	21	13	8	7	1	6	7
Meganiese Ingenieurswese	41	28	13	11	1	15	14
Geomatriek	5	2	3	3	0	2	0
Eiendomstudies	1	0	1	0	0	1	0
Stad- en Streekbeplanning	5	2	3	3	0	2	0
Vervoeringenieurwese	2	1	1	1	0	1	0
Vervoereconomie	4	3	1	1	0	3	0
Volhoubare Energie-Ingenieurswese	1	0	1	1	0	0	0
Ekonomiese	1	0	1	0	0	0	1
<b>Totaal</b>	<b>183</b>	<b>102</b>	<b>81</b>	<b>69</b>	<b>5</b>	<b>75</b>	<b>34</b>

M = manlik; V = vroulik; S = Swart; I = Indiërs; B = Bruin; W = Wit

## **Diens: Voorsien, bou en hou akkommodasie vir provinsiale departemente in stand**

### **Onderwysfasiliteite**

Waarskuwingsvlak 5 van die Nasionale Ramptoestand het alle infrastruktuurwerke aan die onderwysportefeuille van einde Maart tot begin Mei 2020 gesluit. Die DVOW het egter voortgegaan om tot verbeterde opvoedkundige uitkomste in die Wes-Kaap by te dra toe werk onder Waarskuwingsvlak 4 hervat is, ten spyte van streng nuwe COVID-19 beroepsgesondheid- en veiligheidsregulasies, beperkings op die verskaffing van konstruksiemateriaal wat deur die pandemie veroorsaak is, asook algemene wisselvalligheid in die plaaslike konstruksiebedryf gedurende die 2020/21 finansiële jaar. 'n Diverse reeks konstruksie-aktiwiteite om nuwe fasiliteite te bou of bestaande infrastruktuur aan te pas en te onderhou, het plaasgevind en in die loop van die finansiële jaar is 22 kritieke nuwe-, vervangings- en upgraderings en byvoegingsprojekte voltooi. Infrastruktuurlewering vir onderwysfasiliteite word deur Begrotingspos 5: Onderwys

befonds, terwyl voorsiening gemaak word in Begrotingspos 10: DVOW om die funksie van implementeerder namens die WKOD te verrig.

Dit is van kritieke belang om daarop te let dat alhoewel daar 'n duidelike fokus op die bou van nuwe fasilitete is om die groeiende leerderbevolking in die provinsie te akkommodeer, daar ook 'n gesamentlike poging is om bestaande fasilitete wat uit onvanpaste materiaal gebou is met vergrote fasilitete te vervang, asook om die toestand van meer as 1 500 fasilitete regoor die Wes-Kaap te handhaaf.

Die nuwe R65 m Crestway Hoërskool in Retreat, 'n vervangingskool, het in September 2020 praktiese voltooiing bereik. Hierdie fasilitet is so ontwerp dat sy huidige kapasiteit van 1 100 leerders in die toekoms tot 1 480 verhoog kan word.

Laerskool Harmony in Steenberg, ook 'n vervangingsfasilitet, is in Maart 2021 teen 'n konstruksiekoste van R62 miljoen voltooi. Fase 1, wat uit graad R tot intermediêre fase klaskamerblokke, 'n parkeerarea, 'n skoolsaal, 'n mediasentrum en 'n administrasiegebou bestaan het, is in November 2020 voltooi terwyl Fase 2, insluitend die senior fase klaskamers, eksterne werke en landskapsuitleg, is in Maart 2021 voltooi. Die skool het plek vir 930 leerders.

Fase 1 van die R51 miljoen PC Petersen Laerskool in Kylemore (tussen Stellenbosch en Franshoek) het in Oktober 2020 praktiese voltooiing bereik. Hierdie vervangingskool het plek vir 620 leerders en sal die potensiaal hê vir toekomstige uitbreiding indien die behoefté ontstaan. Die saal is ontwerp om 1 240 leerders te akkommodeer, die kapasiteit wat nodig sou wees as die skool tot sy volle omvang uitgebrei sou word. Hierdie fasilitet is so ontwerp dat dit ook vir na-uurse gemeenskapsdoeleindes gebruik kan word. Dit is bereik deur toegang vir na-uurse gemeenskapsgebruik tot die saal, multimediakamer en parkeerarea te verskaf, maar die risiko van ontwigting van onderrig en leer te minimaliseer deur toegang tot onderrigfasilitete soos klaskamers en leerderabslusies te beperk.

COVID-19 het kritieke voorkomende (geskeduleerde) instandhoudingsaktiwiteite op meer as 100 onderwysfasilitete vertraag. Om die impak van verdere vertragings te versag sodra konstruksiewerke toegelaat is om te hervat, is 'n verdere 83 voorkomende instandhoudingsprojekte beplan, en kontrakte is in Oktober 2020 toegeken.

COVID-verwante vertragings vir voorkomende instandhoudingsprojekte wat aan die gang is, het beteken dat daar 'n oorvleueling met nuwe projekte was. Dit het beteken dat die DVOW 'n spits van ongeveer 150 instandhoudingsprojekte terselfdertyd in konstruksie beleef het wat aansienlike druk op beskikbare hulpbronne geplaas het om hierdie werke uit te voer. Hierdie spits is tydelik en sal na verwagting nie in die volgende boekjaar voortduur nie.

## Gesondheidsfasilitete

Gedurende die verslagjaar het DVOW bygedra tot die verbetering van gesondheids- en welstandsresultate in die Wes-Kaap deur gesondheidsinfrastruktuur te verskaf. Fondse vir die lewering van gesondheidsinfrastruktuur word voorsien in pos 6: Gesondheid, terwyl voorsiening gemaak word vir DVOW in Pos 10: DVOW, om die funksie van die implementeringsagent vir die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid te vorm.

Die voltooiing van Fase 1 van 'n projek om die Gansbaai-kliniek uit te brei en sy bestaande fasilitete op te gradeer en op te knap, is weens COVID-19 vertraag en sal na verwagting nou in April 2021 voltooi wees. Dit het 'n impak gehad op die voltooiing van Fase 2 wat nou na verwagting in September 2021 voltooi sal wees. 'n Nuwe vleuel is gebou vir 'n noodbehandelingseenheid en 'n eenheid vir aansteeklike siektes. Ander nuwe kenmerke sluit in 'n ambulansbaai, en mediese afval- en vullisfasilitete. Bykomende werke sluit in parkering, die installering van toerusting vir die opvang van reënwater, en tuinareas op die terrein.

Die projek om 'n nuwe dagkliniek langs die Laingsburg-hospitaal te bou en verbeteringe aan die huidige hospitaal aan te bring om dekantering te hanteer, sou aanvanklik in September 2020 voltooi wees, maar as gevolg van die impak van COVID-19 is die geskeduleerde voltooiingsdatum nou April 2021. Die kliniek het nou 'n apteek en behandelingsfasilitete vir akute toestande, wonde, chroniese siektes, mondgesondheid en vroue- en kindergesondheidsorg. 'n Gekombineerde ingang sal vir die hospitaal en die nuwe kliniek gebou word.

Die konstruksie van die nuwe R281 m Observatory Forensiese Patologie-Instituut by die ingang na Groote Schuur-hospitaal is nou geskedeel om in Mei 2021 voltooi te word. Sodra dit voltooi is, sal hierdie groot, doelgerigte moderne forensiese patologiefasilitet die Forensiese Patologiedienste-laboratorium in Soutriviervervang.

Dit sal vlak 4-forensiese dienste lewer wat daarop gemik is om die integriteit van bewyse vir gebruik deur die komponente van die strafregstelsel uit te haal, te ontleed en te bewaar. Die drie verdieping instituut sal die integrasie van die werk van die provinsiale forensiese patologiediens en die nasionale gesondheidslaboratorium moontlik maak, tesame met fasilitete om die Universiteit van Kaapstad (UK) se akademiese opleiding in die veld te ondersteun.

Die fasilitet het 26 lykskouingstafels – vier disseksie-suites met ses tafels elk, asook twee onderrig- en opleidingsdisseksie-suites. Dit het 360 verkoelde liggaamsruimtes: 180 toegangsyskaste en 180 versending-yskaste. Daarbenewens het die gebou plek vir 100 besoekers aan die rousentrum asook tien wagtende begrafnisondernemers per dag. Die nuwe fasilitet fasiliteer die opleiding van leerlingspesialiste by die UK Mediese Skool en kan 20 studente op 'n slag akkommodeer.

Die ontwerp gebruik natuurlike lig deur geglasuurde lykskouingslokale en 'n binnehof wat natuurlike lig diep in die werkareas toelaat. Die openbare areas is ontwerp om 'n rustige omgewing te skep wat rondom groen ruimtes buite gefokus is. Dit help om 'n rustige omgewing te skep.

Die departement het in Mei 2020 'n projek van R124 miljoen voltooi wat bestaan het uit gefaseerde upgraderings en uitbreidings aan die Vredenburg-hospitaal om aan die groeiende gesondheidsbehoeftes van die Weskusdistrik te voorsien.

Die finale fase van die konstruksieprojek vir die nuwe chirurgiese, pediatriese en dienstekompleks het op **twoe primêre doelwitte** gefokus: 'n natuurlik verligte interieur, en die ontwikkeling van 'n supervorm en 'n subvorm vir die Vredenburg-hospitaal. Supervorm verwys na 'n grootskaalse fisiese raamwerk wat 'n gebou se verhouding met 'n stad, die buite-ruimtelike stelsel en grootskaalse sirkulasie deur die gebou opstel. Die sub-vorm in

hierdie geval is baie interne sellulêre kamers wat sonder 'n wesenlike effek op die super-vorm hergebruik kan word.

Fase 1 van hierdie projek vir die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid het terreinwerke, opgraderings aan bestaande kliniese en ondersteuningsdiensfasiliteite, nuwe personeelverblyf en 'n nuwe administrasiegebou ingesluit. Fase 2 het werk aan die administrasiegebou, teaterkompleks, sterilisasie-eenheid, laboratorium, lykshuis, 'n 12-bed tydelike pediatriese eenheid, asook ondersteuningsdienste (kombuis, skoonmaak, vullis en wasgoed) ingesluit.

Die projek het gebruik gemaak van arbeidsintensieve metodes wat 'n beperkte aantal korttermynwerkgeleenthede en vaardigheidsopleiding aan plaaslike mense verskaf het. Die opgradeerde hospitaal akkommodeer 80 binne-pasiënte.

Namate die COVID-19-pandemie al hoe ernstiger geword het, is die produksiebestuurder van die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid getaak om 'n span te lei om mediese gasretikulasie by twee veldhospitale te ontwerp en te installeer – die Hospitaal van Hoop (862 beddens), en die Brackengate Veldhospitaal (330 beddens).

Die Hospitaal van Hoop, die grootste veldhospitaal in die land, is binne 'n rekord 26 dae in die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum (CTICC) gebou. Brackengate is van 'n pakhuis na 'n intermediêre sorgfasilitet omskep.

As gevolg van die hoë risiko om COVID-19 te versprei, is pasiënte by die CTICC Hospitaal van Hoop nie toegelaat om besoekers te ontvang nie. Kinders wat aan die "Rainbow Initiative" van die Rallim Voorbereidingskool in Sunningdale deelgeneem het, het 'n menslike aanraking aan hierdie veldhospitaal gebring. Elkeen van die 862 beddens in die CTICC het sy eie individueel getekende reënboog ontvang. Die inisiatief het groot glimlagte op die gesigte van pasiënte en personeel gesit, en gehelp om bewusmaking van COVID-19 onder oud en jonk te verhoog. Altesaam 338 nuwe beddens by Brackengate het vroeg in Julie 2020 in bedryf gekom en 'n verdere moontlike 800 tot 1 000 beddens is in veldhospitale in ander dele van die Wes-Kaap beskikbaar gestel.

Die CTICC Hospitaal van Hoop het meer as 1 500 COVID-19-pasiënte behandel voordat dit middel September 2020 gesluit is. Brackengate het sy eerste pasiënt in Julie 2020 opgeneem.

### Algemene geboue

Die DVOW Algemene Infrastruktur Instandhoudingstrategie van 2017 vorm die basis vir die bestuur van algemene provinsiale fasiliteite. Statutêre instandhouding van meganiese en elektriese installasies insluitend verwarming, ventilasie en lugversorgingstelsels, hysbakke, bystand kragopwekkers asook brandopsporing, onderdrukking en alarmstelsels (om 'n paar te noem) word deur middel van meerjarige raamwerkkontrakte onderneem. Hierdie benadering verseker voldoende dekking en voldoening aan statutêre voorskrifte regoor die eiendomsportefeuilje.

'n Huidige sleutelfokusarea is nakoming van gesondheid en veiligheid. Deurlopende assessorings word onderneem om die prioritisering van geskeduleerde instandhoudingsprojekte in te lig. Geskeduleerde instandhoudingsprojekte ten opsigte van hierdie deel van die provinsiale portefeuilje sluit in die verandering van funksionele

Elke program se risiko's word beraadslaag / bespreek tydens die kwartaallikse ERMCO-vergaderings. Programbestuurders word vereis om terugvoering te gee oor vordering met die implementering van aksieplanne om die waarskynlikheid van risiko's te verminder en / of die impak daarvan te versag, indien dit verwesenlik word. ERMCO verwys ook risiko's wat meer omvattend ontleed moet word terug en beveel bykomende versagtings of aksies aan om risiko's te bestuur.

Die Ouditkomitee vir Vervoer en Openbare Werke het onafhanklike toesig oor die Departement se risikobestuurstelsel gelewer. Die Ouditkomitee het kwartaalliks ERM-vorderingsverslae en risikoregisters voorsien om hul onafhanklike toesigrol uit te voer.

## Belangrike risiko's vir die volgende boekjaar

Die belangrikste opkomende risiko wat die Departement in die volgende finansiële jaar moet oorweeg, hou verband met die impak van die COVID-19-pandemie op die begroting met betrekking tot die goedgekeurde Strategiese Plan, sowel as die sielkundige impak van COVID-19 op onder meer personeellede.

Terselfdertyd sal die Departement die impak van komende plaaslike regeringsverkiesings in verband met die stabilitet van diensleveringsaktiwiteite moet evalueer.

## Ter afsluiting

Die komitee vir etiese en ondernemingsrisikobestuur bly 'n belangrike forum binne die DVOW vir bespreking op strategiese vlak oor 'n verskeidenheid aangeleenthede wat 'n risiko vir die werksaamhede van die Departement inhoud kan inhoud. Die verhoogde fokus op etiek binne die ERMCO is in lyn met die leiers- en besturersetos wat binne die Departement geïnkorporeer word en die voortdurende strewe om etiese en moreel korrekte besluite te neem.



---

JT Gooch  
Rekenpligtige Beamppte  
Departement van Vervoer en Openbare Werke  
Datum: 03/09/2021

### 3. Bedrog en korruksie

Bedrog en korruksie verteenwoordig beduidende potensiële risiko's vir die Departement se bates en kan 'n negatiewe impak hê op die doeltreffendheid van dienslewering en die DVOW se reputasie.

Die WKR het 'n teenbedrog en -korruksiestrategie aanvaar wat die provinsiale regering se houding van zeroverdraagsaamheid teenoor bedrog, diefstal en korruksie bekratig. In lyn met hierdie strategie is die DVOW verbind tot zeroverdraagsaamheid ten opsigte van korrupte of bedrieglike aktiwiteite, hetsy intern of ekstern, en vervolg enige partye wat by sulke praktyke betrokke raak of probeer om daarby betrokke te raak aktief by wyse van alle beskikbare regsmiddele.

Die DVOW het 'n goedgekeurde bedrog-en-korruksievoorkomingsplan en 'n bedrogvoorkoming-implementeringsplan wat die voorkomingsplan tot uitvoer bring.

Verskeie kanale vir die rapportering van beweerde bedrog, diefstal en korruksie bestaan en hierdie word in detail in die provinsiale teenbedrog- en korruksiestrategie en die departementele bedrog-en-korruksievoorkomingsplan beskryf. Elke bewering wat deur die PFD-eenheid ontvang word, word in 'n sakebestuurstelsel aangeteken wat as 'n bestuurswerktuig gebruik word om verslag te doen oor vordering met sake wat met die DVOW verband hou en om statistiek vir die WKR en die DVOW voort te bring.

Werkgewers en werknemers wat die fluitjie blaas rakende vermoede bedrog, korruksie en diefstal word beskerm mits die openbaarmaking 'n beskermde openbaarmaking is (d.w.s. aan statutêre vereistes van die Wet op Beskermde Bekendmakings, No. 26 van 2000, voldoen, bv. in goedertrou). Die WKR-fluitjieblaasbeleid bied riglyne aan werknemers en werkers oor hoe om hul kommer uit te spreek met die toepaslike lynbestuur, spesifieke aangewese persone in die WKR of eksterne instellings waar hulle redelike gronde het om te glo dat oortredings of onbehoorlikhede in die WKR gepleeg is of gepleeg word. Die geleentheid om anoniem te bly, word aan persone wat bedrog, diefstal en korruksie wil aanmeld, verleen, en indien hulle dit persoonlik doen, word hul identiteit vertroulik gehou deur die persoon aan wie hulle verslag doen.

Wanneer bedrog, diefstal of korruksie bevestig is nadat 'n ondersoek afgehandel is, word die werknemer wat aan sulke dade deelgeneem het aan 'n dissiplinêre verhoor onderwerp. In alle sodanige gevalle word daar van die WKR-verteenwoordiger wat die dissiplinêre procedures geïnisieer het, verwag om ontslag van die betrokke werknemer aan te beveel. Waar *prima facie* bewyse van kriminele gedrag bespeur word, word 'n kriminele saak by die SAPD aangemeld.

Vir die jaar onder oorsig het die PFD 'n saakbewegingsertifikaat vir die DVOW uitgereik wat die volgende aandui:

Sake	Getal sake
Oop sake soos op 1 April 2020	5
Nuwe sake (2020/21)	5
Sake wat afgehandel is (2020/21)	(8)
Oop sake soos op 31 Maart 2021	2

Die volgende tabel ontleed die afgehandelde gevalle wat hierbo aangedui word, verder:

Aard en ondersoekuitslag van 8 sake wat afgehandel is
Bewerings is in die volgende 3 gevalle gestaaf: <ul style="list-style-type: none"><li>• 1 saak van bedrog/diefstal/vervalsing (die saak is by SAPD aangemeld);</li><li>• 1 saak van bedrog (die saak is by SAPD aangemeld); en</li><li>• 1 geval van nie-nakoming ('n aanbeveling is gemaak om die aangeleentheid by die SAPD aan te meld weens 'n vermoede van korruksie, wat geïmplementeer is).</li></ul>
In 4 gevalle is die ondersoek afgehandel met geen nadelige bevindings nie.
In 1 geval is die ondersoek afgehandel met geen nadelige bevindings nie, maar aanbevelings is gemaak.

#### 4. Minimalisering van botsing van belang

Die DVOW het die volgende prosesse bestuur om botsende belange op die terrein van voorsieningskanaalbestuur te minimaliseer:

- Vereis dat alle werknemers in die Departement se Voorsieningskanaalbestuurkomponente, ingevolge die Staatsdiensregulasies, 2016, hul finansiële belange openbaar en indien hulle enige werk buite hul diens in die staatsdiens verrig, moet hulle om toestemming aansoek doen voordat hulle by sulke aktiwiteite betrokke raak.
- Die inhoud van die nuwe Staatsdiensregulasies wat op 1 Augustus 2016 in werking getree het, is aan amptenare oorgedra waar 'n moontlikheid van nienakoming bestaan.
- Die e-openbaarmaking soos voorgeskryf deur die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DPSA) -platform is geïmplementeer in die voorsieningsketting van die DVOW.
- Verklarings van belang is verlang vanaf almal wat betrokke is by die oorweging, aanbeveling en/of toekenning van tenders;
- Alle voornemende tenderaars moet voldoen aan die vereistes van die Wes-Kaapse tenderdokument (WKBD) 4 (openbaarmaking van belang / verskafferprestasie / verklaring deur werknemers en onafhanklike bodbepaling).
- Daar word van alle DVOW-personeel verlang om aan etiese standarde te voldoen.
- 'n Gedragskode vir VKB-praktisyne is in plek.
- NT se Gedragskode vir bodtoekenningskomitees word nagevolg.
- Implementering van 'n proses vir die bestuur van belangbotsings en die risiko's wat kan ontstaan deur die aanvaarding van vergoeding, gasvryheid en geskenke.
- Daarbenewens is prosesse om tenderaar/werknemerprofiële te verifieer, in plek en behels 'n maandelikse vergelyking van werknemerinligting op die personeelsalarisstelsel (PERSAL) met die WKVD sowel as die NT se SVD se inligting oor verskaffers. Dit dien as beide 'n voorkomende en 'n bespeurende maatreël om amptenare te identifiseer wat sake met die regering doen.
- Implementering van provinsiale tesourieinstruksies wat vereis dat alle verskaffers van voorneme is om met die Wes-Kaapse regering sake te doen om op die Wes-Kaapse verskafferdatabase te registreer. Dit sluit voorvereistes in soos:

- Bevestiging deur die Maatskappye- en Intellektuele-eiendomskommissie van inligting rakende maatskappyregistrasie en -eienaarskap.
- 'n Beëdigde verklaring in die vorm van die WKBD 4 deur alle voornemende tenderaars.
- Die indiening van 'n BBSEB-profiel wat met data vergelyk word in die databasis van die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging (DTIC).
- Implementering van die nasionale tesourieinstruksie 4A van 2016, wat vereis dat alle verskaffers van voorneme is om met die regering sake te doen om op die sentrale verskafferdatabase te registreer. Die volgende sleutelinligting van voornemende verskaffers word op die CSD geverifieer:
  - Sakeregistrasie, insluitend besonderhede van direkteure en lede;
  - Bankrekeninghouer se inligting;
  - Hetsy in diens van die staat, of nie;
  - Belastingnakomingstatus;
  - Identiteitsnommer;
  - Vlak van BBSEB-status;
  - Wanprestasie en beperkings ten opsigte van tenders; en
  - Identifisering en verifikasie van potensiële botsing van belang van werknemers deur die Provinciale Tesourie se Voldoeningsverslag.
- Jaarlikse opleiding en formele werkswinkels oor etiek aangebied.

---

## 5. Gedragskode

---

Die Departement ondersteun die Gedragskode vir die Staatsdiens ten volle volgens die Staatsdiensregulasies wat in 2016 uitgereik is, en daar word van alle werknemers verwag om aan sy standaarde te voldoen. Die Gedragskode vir die Staatsdiens spreek werknemersgedrag in die werkplek aan en dra by tot die Departement se strewe om die hoogste vlakke van etiek te handhaaf, die uitwissing van voorvalle van korupsie en die bevordering van goeie staatsbestuur. Tydens die inlywing word nuwe aangesteldes bewus gemaak van die Gedragskode, en hulle ontvang 'n afskrif van die Kode. Alle nuwe werknemers word verder in hul aanstellingsbriewe ingelig dat die Gedragskode op die WKR-webwerf beskikbaar is.

Daar word kennis geneem dat die primêre doel van die Gedragskode 'n positiewe een is, naamlik om voorbeeldige gedrag te bevorder. Nieteenstaande dit, sal 'n werknemer skuldig wees aan wangedrag en kan dissiplinêre stappe onderhewig wees indien hy of sy enige bepaling van die Gedragskode oortree.

Daar is 'n aantal "beroepspesifieke" gedragskodes, insluitend die Gedragskode vir Voorsieningskanaalbestuurpraktisyns en die betrokke praktisyns/professionele persone moet erken dat hulle by hierdie kodes sal hou.

Verskeie Gedragskodes (m.a.w. die Gedragskode vir die Staatsdiens, die Gedragskode vir Voorsieningskettingpraktisyns, ens.) bepaal norme en standaarde om integriteit te bevorder en werknemers te lei oor wat van hulle in hul gedrag vereis word.

## 6. Gesondheid-, veiligheid- en omgewingskwessies

Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) lê 'n verantwoordelikheid op die Departement om die fisiese beveiliging van sy infrastruktuurpersele te verseker, sowel as om die fisiese gesondheid en veiligheid van die kontrakteur en hul werknekmers te verseker. Met hierdie doel voor oë is die minimumvereistes verwant aan hoe die risiko op infrastruktuurpersele bestuur moet word, gestandaardiseer en opgeneem in die konstruktietenderdokumente wat deur die CIDB voorgeskryf word. Namate dit met vervoerinfrastruktuur verband hou, moet omgewingsimpaktevalueringe uitgevoer word.

Die DVOW het 'n operasionele veiligheid- en sekuriteitskomitee waarop verteenwoordigers van die Departement van Gemeenskapsveiligheid ook dien.

Ter ondersteuning van doeltreffende noodontruiming is 11 ontruimingsplanne in die 2020/21-boekjaar hersien. Dertien ontruimingsplanne kon nie hersien word nie omdat die meeste van die personeel nie op kantoor was tydens die verskillende waarskuwingsvlakke van die Nasionale Ramptoestand nie. Weens die beperking van interaksie met personeel, is geen ontruimingsoefeninge tydens die inperkingstydperk uitgevoer nie.

## 7. Staande en Ad hoc-komitees oor Vervoer en Openbare Werke

### 7.1 Staande Komitee oor Vervoer en Openbare Werke

7.1.1 Die staande komitee se brief met verwysing 11/4/1/2/7 van 20 Mei 2020, en die DVOW se antwoord word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek	DVOW se antwoord
In sy brief van 20 Mei 2020, het die komitee die DVOW gevra om die komitee in te lig oor: <ul style="list-style-type: none"><li>• Die vierde kwartaal prestasieverslag (Januarie 2020 – Maart 2020) van die Departement.</li></ul>	Die DVOW het die Staande Komitee se virtuele vergadering bygewoon wat op 26 Mei 2020 gehou is. Die Departement het die prestasieverslag van die vierde kwartaal aangebied wat die volgende dek: <ul style="list-style-type: none"><li>• Departementele programme en doel;</li><li>• Prestasie-aanwysers en teikens;</li><li>• Prestasiepadkaart 2014/15 – 2019/20;</li><li>• Die prestasie-omgewing;</li><li>• Prestasie-inligting;</li><li>• Algehele prestasiekonteks wat deur twee faktore beïnvloed word: Heersende ekonomiese toestande; en pre-Covid-19 inperking; en</li><li>• Voorlopige 4<sup>de</sup> kwartaal prestasie per program en vir SMV.</li></ul>

7.1.2 Die staande komitee se brief met verwysing 11/4/1/2/7 van 15 Julie 2020, en die DVOW se antwoord word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek	DVOW se antwoord
<p>In sy brief gedateer 15 Julie 2020 het die Komitee 'n uitnodiging gerig aan mnr R Maseko, waarnemende streekbestuurder van Metrorail Kaapstad en mnr B Mpondo, die Administrateur van PRASA om die Komitee oor die volgende in te lig:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die status van die omkeerstrategie vir PRASA in die Wes-Kaap;</li> <li>• Die verkrygingsproses vir die bou van die veiligheidsmuur;</li> <li>• Die status van 'n meer geformaliseerde sekuriteitskontrak om die veiligheid van pendelaars en PRASA-eiendom te verseker; en</li> <li>• Die vul van senior poste.</li> </ul>	<p>Metrorail, Prasa en DTPW het die Staande Komitee se virtuele vergadering bygewoon wat op 21 Julie 2020 gehou is. Die Komitee is deur Metrorail en Prasa ingelig oor die spesifieke kwessies.</p>

7.1.3 Die staande komitee se brief met verwysing 11/4/1/2/7 van 15 Julie 2020, en die DVOW se antwoord word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek	DVOW se antwoord
<p>In sy brief gedateer 15 Julie 2020 het die Komitee 'n uitnodiging aan die Departement gerig om hom in te lig oor:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Beraadslaging oor Begrotingspos 10: Vervoer en Openbare Werke, in die Bylae van die Wes-Kaap Eerste Aanpassings Bewilligingswetsontwerp, 2020.</li> <li>• Oorweging en aanvaarding van die Komiteeverslag oor Begrotingspos 10: Vervoer en Openbare Werke in die Bylae van die Wes-Kaap Eerste Aanpassings Bewilligingswetsontwerp, 2020</li> </ul>	<p>Die DVOW het die Staande Komitee se virtuele vergadering wat op 27 Julie 2020 gehou is, bygewoon en die Komitee oor Bestemming 10: Vervoer en Openbare Werke, in die Bylae van die Wes-Kaap Eerste Aanpassings Bewilligingswetsontwerp, 2020, ingelig.</p>

7.1.4 Die staande komitee se brief met verwysing 11/4/1/2/7 van 18 Augustus 2020, en die DVOW se antwoord word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek	DVOW se antwoord
<p>In sy brief gedateer 18 Augustus 2020 het die Komitee die DVOW genooi om die Komitee in te lig oor die huidige stand van die taxigeweld in die Wes-Kaap en die meganismes wat die Departement ingestel het om die betrokke rolspelers te help om 'n oplossing te vind.</p>	<p>Die DVOW het die Staande Komitee se virtuele vergadering bygewoon wat op 25 Augustus 2020 gehou is. Die DVOW se aanbieding aan die Komitee het die volgende ingesluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die regulatoriese omgewing vir openbare vervoer;</li> <li>• Vervoerregulerende entiteite en beplanningsowerhede;</li> <li>• Statistieke oor taxi-verwante misdade (01 Jan 2018 – 17 Aug 2020);</li> <li>• Huidige minibus-taxi-konflik-brandpunte; en</li> <li>• Grondoorsake en intervensies.</li> </ul>

7.1.5 Die staande komitee se brief met verwysing 11/4/1/2/7 van 31 Augustus 2020, en die DVOW se antwoord word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek	DVOW se antwoord
In sy brief gedateer 31 Augustus 2020 het die Komitee die DVOW genooi om 'n aanbieding en narratief oor die eerste kwartaal prestasieverslag van die Departement aan hom te verskaf en om die Komitee in te lig oor die Conradie Better Living Model Exemplar-projek en die huidige status daarvan.	<p>Die DVOW het die Staande Komitee se virtuele vergadering bygewoon wat op 8 September 2020 gehou is. Die DVOW se voorlegging aan die Komitee het die volgende ingesluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Voorlegging oor die departement se eerste kwartaal prestasieverslag (April 2020 – Junie 2020);</li> <li>• 'n Voorlegging oor die status van die Conradie Better Living Model Exemplar Project (BLMEP) wat die volgende gedek het: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Provinciale Game Changer;</li> <li>• Projekmotivering – objektiewe en gewenste uitkomste;</li> <li>• Bekendstelling van die BLMEP;</li> <li>• Die webwerf;</li> <li>• Die Ontwikkelingskonsep;</li> <li>• LADA doelwitte;</li> <li>• Hoëvlak-aflewerings;</li> <li>• Huidige vordering;</li> <li>• Residensiële eenhede vorderingsopsomming;</li> <li>• WK-regering en Stad Kaapstad-befondsing;</li> <li>• Uitgawes tot op datum, soos aan die einde van Junie 2020;</li> <li>• Projekrisiko's;</li> <li>• Impak van Covid-19 pandemie; en</li> <li>• Lugfoto's van vordering.</li> </ul> </li> </ul>

7.1.6 Die staande komitee se brief met verwysing 11/4/1/2/7 van 6 Oktober 2020, en die DVOW se antwoord word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek	DVOW se antwoord
In sy brief gedateer 6 Oktober 2020 het die Komitee die DVOW genooi om 'n aanbieding aan hom te verskaf oor: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die status van die George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk, vereistes vir die implementering van verdere fases en groot uitdagings; en</li> <li>• Inligting oor die Uitgebreide Openbare Werke-program wat die rol, funksie, suksesse, die bydrae daarvan tot werkskapping en die impak wat Covid-19 op die Program gehad het, beklemtoon.</li> </ul>	<p>Die DVPW het die Staande Komitee se virtuele vergadering bygewoon wat op 20 Oktober 2020 gehou is. Die DVPW se aanbieding aan die Komitee het die volgende ingesluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Huidige status van die GIPTN;</li> <li>• Impak van GIPTN-bedrywighede;</li> <li>• Staat van openbare vervoer voor GIPTN;</li> <li>• Vergoeding aan operateurs tot op datum;</li> <li>• Covid-19 reaksie op dienste;</li> <li>• Status van bedryfsaangeleenthede; en</li> <li>• Fase 4A uitrol.</li> <li>• Die oorsprong van UOWP;</li> <li>• UOWP geïmplementeer in fases;</li> <li>• Agtergrond oor UOWP;</li> <li>• Strategiese voorneme van EPWP as deel van Openbare Indiensnemingsprogramme;</li> <li>• UOWP Fase 4 Fokusareas;</li> <li>• UOWP-oorsig: geïmplementeer deur sektore;</li> <li>• UOWP Fase 4 Werkgeleentheidteikens per sektor;</li> </ul>

Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek	DVOW se antwoord
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Fase 4 Werksgeleenheidteikens per provinsie;</li> <li>• Wes-Kaap UOWP Fase 4-teikens;</li> <li>• UOWP Proviniale Koördinering en Voldoeningsmonitering;</li> <li>• Impak van Covid-19 op UOWP; en</li> <li>• Covid-19-projekte gerapporteer op UOWP-verslagdoeningstelsel.</li> </ul>

7.1.7 Die staande komitee se brief met verwysing 11/4/1/2/7 van 13 November 2020, en die DVOW se antwoord word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek	DVOW se antwoord
<p>In sy brief gedateer 13 November 2020 het die Komitee DVOW na 'n virtuele vergadering genooi om 'n aanbieding oor die volgende te lewer:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Impak van die brandstigtingsaanvalle op GABS, sy werkers en pendelaars;</li> <li>• Effek van hierdie aanvalle op taxi- en treindienste en omgekeerd;</li> <li>• Maatreëls wat geïmplementeer kan word om hierdie aanvalle te voorkom; en</li> <li>• Die impak van hierdie brandstigtingsaanvalle op die Provincie en openbare vervoer.</li> </ul> <p>Tydens die inligtingsessie deur Golden Arrow-busdienste en die DVOW op 23 November 2020 oor die impak van die brandstigtingsaanvalle op GABS, sy werkers en pendelaars, die effek van hierdie aanvalle op taxi- en treindienste en omgekeerd; en die maatreëls wat geïmplementeer kan word om hierdie aanvalle te voorkom, het die Komitee in sy brief van 22 Januarie 2021:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Besluit om op 'n toekomstige datum 'n vergadering te hou met die Departemente van Vervoer en Openbare Werke, Gemeenskapsveiligheid, die Suid-Afrikaanse Polisiediens en Golden Arrow oor die brandstigting van GABS-busse en dat die staande komitee oor Gemeenskapsveiligheid, Kultuursake en Sport ook na die vergadering genooi word; en</li> <li>• Versoek dat die Departement 'n lys vir die tydperk 2018 tot op datum verskaf, van al die brandstigtingsaanvalle op Golden Arrow-busse, en of enige arrestasies gemaak is met betrekking tot sulke aanvalle, en die aantal mense wat vervolg is en indien niemand is vervolg die redes hoekom.</li> </ul> <p>Na aanleiding van die Komitee se brief van 22 Januarie 2021, het die Komitee in sy brief van 1 Maart 2021 DVOW genooi om die komitee in te lig oor:</p>	<p>Die DVOW het die Staande Komitee se virtuele vergadering bygewoon wat op 23 November 2020 gehou is. Die aanbieding aan die Komitee is gedoen deur die HUB van Golden Arrow Busdienste Edms (Bpk) en het die volgende ingesluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Geskiedenis van die maatskappy;</li> <li>• Bekendstelling van die maatskappy;</li> <li>• Bedrywigheede;</li> <li>• Korporatiewe maatskaplike belegging;</li> <li>• Kapitaalbesteding;</li> <li>• Kapitaal bestee;</li> <li>• Bydrae tot die ekonomie;</li> <li>• Passasierstevredenheidstatistieke;</li> <li>• Misdaad gemik op GABS en die samelewing;</li> <li>• Die gevolge van die misdaad;</li> <li>• Misdaadvoorkomingsingrypings;</li> <li>• Bystand benodig deur GABS;</li> <li>• Misdaad gemik op GABS;</li> <li>• Die groter prentjie; en</li> <li>• Rol van die Suid-Afrikaanse Polisiediens.</li> </ul> <p>In reaksie op die GABS-verwante navrae wat deur die Komitee geopper is, is die DVOW se reaksie verskaf in 'n brief gedateer 25 Februarie 2021. Die antwoord het die volgende ingesluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die Departement verwelkom 'n vergadering met alle betrokke partye met betrekking tot die brandstigting aanval op GABS, sy werkers en pendelaars.</li> <li>• Die aantal brandstigtingsaanvalle op Golden Arrow-busse vanaf die 2018/19-boekjaar tot die huidige boekjaar is verskaf.</li> <li>• Tot dusver is geen terugvoering van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) ontvang ten opsigte van arrestasies en vervolgings nie.</li> </ul> <p>Die vergadering geskeduleer vir 11 Maart 2021 is uitgestel na 11 Mei 2021 volgens die brief ontvang vanaf die Komitee gedateer 26 April 2021, verwysing 11/4/1/2/7.</p>

Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek	DVOW se antwoord
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die onlangse ontwikkelings om pendelaarveiligheid te verbeter en die vennootskap tussen GABS, die Provincie en die Stad Kaapstad om stabilitet en veiligheid op die busdiens te verseker. Die rolle, funksies, verantwoordelikhede en uitdagings van die verskillende rolspelers in die vennootskap moet in die aanbieding uitgelig word. Die Stad Kaapstad en GABS is ook na die vergadering genooi.</li> <li>• Inligting deur die Departement oor sy 2de en 3de kwartaallike prestasieverslae (Julie 2020 – September 2020 en Oktober 2020 – Desember 2020)</li> </ul>	

7.1.8 Die staande komitee se brief met verwysing 11/4/1/2/7 van 24 November 2020, en die DVOW se antwoord word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek	DVOW se antwoord
<p>In sy brief gedateer 24 November 2020 het die Komitee DVOW genooi om die Komitee in te lig oor die Jaarverslae van die DVOW en van Staatsmotorvervoer (SMV) vir die 2019/20 finansiële jaar.</p> <p>Na afloop van die vergadering gehou op 7 Desember 2020 en volgens die besluite van die vergadering, het die Komitee, in sy brief van 8 Februarie 2021 verwysing 11/4/1/2/5, die volgende van die DVOW versoek:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Aanbeveel dat die Departement in tabel 3.4.3 van hul Jaarverslag die kategorie "Ondoeltreffendheid" as 'n aanwyser beskou, nie net as 'n behoefte aan dissiplinêre prosesse nie, maar ook om vaardighedsontwikkelingsbehoeftes te identifiseer;</li> <li>• Besluit dat die Departement op 'n toekomstige datum genooi word om die Komitee in te lig oor die aangespoorde Blue Dot-stelsel;</li> <li>• 'n Vorderingsverslag oor die Founders' Garden Kunstekaaprojek;</li> <li>• 'n Afskrif van die Departement se vyfjaarplan vir Gelyke Indiensneming; en</li> <li>• Inligting oor die twee tipe kontrakteurs, naamlik paneelkontrakteurs en raamwerkkontrakteurs.</li> </ul>	<p>Die DVOW het die Staande Komitee se virtuele vergadering wat op 7 Desember 2020 gehou is, bygewoon om die Komitee in te lig oor die jaarverslae van die departement en Staatsmotorvervoer vir die 2019/20 finansiële jaar.</p> <p>In reaksie op die Komitee se besluite en versoek om inligting, is die DVOW se reaksie verskaf in 'n brief gedateer 25 Februarie 2021. Die reaksie het die volgende ingesluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Verduidelikking van die ondoeltreffendheidskategorie vervat in tabel 3.4.3 van die Jaarverslag;</li> <li>• Die departement erken en neem kennis van die uitnodiging vir 'n toekomstige inligtingsessie oor die aangespoorde Blue Dot-stelsel;</li> <li>• Die Departement het 'n vorderingsverslag oor die Founders' Garden Kunstekaaprojek verskaf;</li> <li>• 'n Afskrif van die Departement se vyfjaarplan vir Gelyke Indiensneming is verskaf; en</li> <li>• Inligting met betrekking tot die noodsaaklike elemente van die raamwerkooreenkomste wat met kontrakteurs aangegaan is.</li> </ul>

7.1.9 Die staande komitee se brief met verwysing 11/4/1/2/7 van 11 Maart 2021, en die DVOW se antwoord word hierna getabuleer.

Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek	DVOW se antwoord
<p>In sy brief gedateer 11 Maart 2021 het die Komitee DVOW genooi om die Komitee oor Pos 10: Vervoer en Openbare Werke in te lig in die Bylae tot die Wes-Kaapse Derde Aanpassings Begrotingswetsontwerp (2020/21) en die Wes-Kaapse Begrotingswetsontwerp 2021/22.</p>	<p>Die DVOW het die Staande Komitee se virtuele vergadering bygewoon wat op 18 Maart 2021 gehou is. Die DVOW se aanbieding het die volgende ingesluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 2021/22 MTUR-begrotingoorsig</li> <li>• Pos 10 opsomming</li> <li>• WK-Bewilligingswetsontwerp – kontekstualisering van die Begroting &amp; JPP</li> <li>• MTUR-begroting 2021/22 – Opsomming van ontvangstes</li> <li>• Begroting per program</li> <li>• Begroting per ekonomiese klassifikasie</li> <li>• Geoormerkte befondsing</li> <li>• Derde aanpassingsskatting 2020/21</li> </ul>

## 7.2 Ad hoc-komitee oor COVID-19

Die Ad Hoc-komitee oor Covid-19 se brief van 8 Mei 2020 en die DVOW se reaksie word hieronder getoon.

Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek	DVOW se antwoord
<p>In sy brief gedateer 8 Mei 2020 het die Ad hoc-Komitee oor Covid-19 die DVOW versoek om die komitee by 'n virtuele vergadering op 20 Mei 2020 oor die volgende in te lig:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Inligting oor verkeersbeampte- en padgebruikersveiligheid om infeksie deur die virus te voorkom en om seker te maak dat taxi-, bus- en Uber- en ander e-aanroep-operateurs voldoen aan veiligheidsmaatreëls van ontsmetting en die dra van veiligheidstoerusting wanneer hulle met passasiers omgaan, insluitend die ontsmetting van taxistaanplekke, en die frekwensie daarvan;</li> <li>• Maatreëls ingestel om te verseker dat diegene wat openbare en private vervoer in die Provincie gebruik, voldoen aan die regulasies ingevolge die Wet op Nasionale Rampbestuur;</li> <li>• Bygewerkte inligting oor die vordering van kwarantynterreine binne die Provincie per distrik;</li> <li>• DVOW se ondersteuning aan die konstruksiebedryf en inligtingsdeling tydens inperking en risiko-aangepaste strategie;</li> <li>• Inligting oor enige assessering wat gemaak is op beplande infrastruktuurprojekte, insluitend dié wat moontlik in die 2019/20 finansiële jaar vertraag is en die impak wat die pandemie op hierdie projekte gehad het; en</li> </ul>	<p>Die DVOW het die virtuele vergadering van die Ad hoc-komitee oor Covid-19 op 20 Mei 2020 bygewoon. Die DVOW se aanbieding het die volgende ingesluit:</p> <p>Provinciale verkeersreaksie:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Institusionele mandate</li> <li>- Institusionele voorskrifte</li> <li>- Operasionele ontplooiing</li> </ul> <p>Openbare vervoer reaksie:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Institusionele organisasie</li> <li>- Nakomingsmonitering</li> </ul> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Fisiese afstandbewustheid: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Openbare vervoerfasiliteite</li> </ul> </li> <li>• Fisiese afstand afbakening: <ul style="list-style-type: none"> <li>- MyCiti-stasies</li> <li>- Minibus Taxistaanplekke</li> </ul> </li> <li>• USSD-monitering en verslagdoening <ul style="list-style-type: none"> <li>- Wat is USSD?</li> <li>- Oorsig van USSD</li> </ul> </li> <li>• Kommunikasie: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Die verskillende kanale waarin inligting en leiding aan die publiek en aan openbare vervoeroperateurs gekommunikeer is;</li> </ul> </li> <li>• Kapasiteitsbeperkings</li> <li>• Higiëne en veiligheid</li> </ul>

Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek	DVOW se antwoord
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Of onbestede oordragte en subsidies hertoegewys kan word om Covid-19 finansiële behoeftes aan te spreek.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Sanitasie en skoonmaak van MyCiti busse en fasiliteite</li> <li>- Diep skoonmaak van openbare vervoerasiliteite</li> <li>- Ontsmetting van openbare vervoerasiliteite</li> </ul> <p><i>Openbare Vervoerregulasies:</i></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Veiligheids- en higiëne-aanwysings</li> </ul> <p><i>Kwarantyn- en isolasiefasiliteite:</i></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Algemene Strategie</li> <li>- Determinante van K&amp;I-doeltreffendheid</li> <li>- Fasiliteitvereistes</li> <li>- K &amp; I koste-analise</li> <li>- Distrikdekking</li> </ul> <p><i>Ondersteuning aan die konstruksiebedryf</i></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Covid-19 en die sektor vir openbare werke</li> <li>- Kommunikasie met kontrakteurs</li> <li>- Konstruksiewerk word toegelaat tydens Covid-19vlak 4 waarskuwing</li> <li>- Kwalifiserende kriteria vir toelaatbare projekte</li> <li>- Bouterreine: grade van risiko</li> <li>- Huidige infrastruktuur konstruksie projekte</li> <li>- Huidige gesondheidsinfrastruktuur konstruksieprojekte in beplanning en tenderstadium</li> <li>- Gesondheidsprojekte in konstruksie</li> <li>- Conradie Park-opdatering</li> <li>- Impak van Covid-19 oordragte en subsidies</li> <li>- Risiko's gegewe die DVOW-konteks</li> </ul>

Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek	DVOW se antwoord
<p>Na afloop van die vergadering gehou op 20 Mei 2020 en 'n vergadering gehou op 22 Mei 2020 tussen die Komitee en Provinciale Tesourie, het die Ad-hoc Komitee in sy brief van 29 Mei 2020 antwoorde op die volgende van die DVOW versoek:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die minimum spesifikasies vir kwarantyn- en isolasiefasiliteite en dienste wat by hierdie fasiliteite aangebied moet word vir mense wat deur die Covid-19-pandemie geraak word?</li> <li>• Is selfsorg-instansies waar mense in kwarantyn of self-isolasie van kruideniersware, ens. voorsien word, 'n opsie wat vir die Departement beskikbaar is?</li> <li>• Het die Departement enige formele samesprekings met georganiseerde toerisme of die gasvryheidsbedryf gevoer om laer bed per nag kostes vir private kwarantyn- of selfisolasiefasiliteite te beding? Indien wel, wat is die besonderhede van hierdie verbintenis?</li> <li>• Hoe moet rolspelers in die gasvryheidsveld wat glo dat hulle in staat is om kostedoeltreffende fasiliteite en dienste vir kwarantyn- of selfisolasiegevalle aan te bied, versoek om by die databasis van sulke fasiliteite gevoeg te word?</li> <li>• 'n Verslag en lys van kwarantyn- en isolasiefasiliteitvennootskappe.</li> </ul>	<p>In reaksie op die kwessies wat deur die Ad-hoc-komitee geopper is, het die DVOW in sy briewe van 24 Julie 2020, waarna verwys word op 11/1/2/2, soos volg gereageer:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die minimum spesifikasies en dienste is vervat in die Suid-Afrikaanse Riglyne vir Kwarantyn- en Isolasiefasiliteite – Bylae B: Gedetailleerde kontrolelys vir die vestiging van 'n kwarantynfasiliteit. 'n Afskrif is aan die komitee voorgele.</li> <li>• Die Departement is verantwoordelik vir die verskaffing van openbare en nie-private kwarantyn- en isolasiefasiliteite nie.</li> <li>• Die Departement huur lokale teen tariewe wat óf gelyk is aan óf laer is as die FEDHASA-tariewe soos aan die Nasionale Departement van Toerisme gekommunikeer.</li> <li>• Rolspelers is welkom om hul fasiliteite by die departement in te dien (e-pos: Covid19QI@westerncape.gov.za)</li> <li>• 'n Lys van kwarantyn- en isolasiefasiliteite per munisipale gebied is aan die komitee verskaf.</li> </ul>

Die Ad Hoc-komitee oor Covid-19 se brief van 24 Junie 2020 en die DVOW se reaksie word hieronder getoon.

Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek	DVOW se antwoord
<p>In sy brief gedateer 24 Junie 2020 het die Ad hoc-Komitee oor Covid-19 die DVOW versoek om inligting te verskaf oor die volgende versoekte en vrae wat deur Lede ingedien is:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die Stad Kaapstad het 'n versoek van belang aan Bed en Ontbyt-instellings (B&amp;Be) in die stad gestuur vir ekstra bedkapasiteit, verskaf asseblief die lys van B&amp;Be wat gekontrakteer is, en hoeveel in die Kaapse Vlakte geleë, en is hierdie ondernemings in BBSEB besit?</li> <li>• Met die omskepping van die Andile Msizi-gemeenskapsaal in 'n kwarantynfasiliteit, is die gemeenskap van Site B en die onmiddellike families langs die saal geraadpleeg, indien wel, verskaf asseblief bewys hiervan. Wat is die implikasies daarvan om 'n kwarantynfasiliteit in die middel van 'n woongebied te hê, veral in 'n gebied wat oorvol is soos in Terrein C? Vir hoe lank sal hierdie gemeenskapsaal 'n kwarantynfasiliteit bly, en wat gebeur met die aktiwiteite van hierdie instansie gedurende so 'n tydperk as en wanneer inperkingsregulasies verder oopgestel word vir die normale gebruik daarvan?</li> </ul>	<p>Die DVOW het op die vrae gereageer in 'n brief met verwysing referenced TPW11/1/2/2/STANDING COMMITTEE ON TRANSPORT AND PUBLIC WORKS. Die reaksie het die volgende ingesluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Skedule van ondernemings in Privaat Eienaarskap wat deur die WKR as K&amp;I-fasiliteite gebruik word, is verskaf.</li> <li>• Sekere van die SME, EME inligting is nie beskikbaar nie en word as sodanig op die skedule van inrigtings aangedui.</li> <li>• 'n EME kwalifiseer vir 'n outomatiese Vlak 4 BBSEB, maar die meeste van die gastehuise is nie daarvan bewus nie en het nie hul vlak op CSD aangedui nie. Dit is as nul op die skedule van inrigtings aangedui.</li> <li>• Die DVOW het nog nie die Stad se reaksie ontvang ten tyde van die reaksie op die Komitee nie.</li> </ul>

### 7.3 Staande Komitee oor Onderwys

Die Staande Komitee vir Onderwys se brief van 29 September 2020 en die DVOW se reaksie word hieronder getoon.

Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek	DVOW se antwoord
<p>In sy brief gedateer 29 September 2020 het die Staande Komitee vir Onderwys die DVOW versoek om die komitee by 'n virtuele vergadering op 13 Oktober 2020 oor die volgende in te lig:</p> <ul style="list-style-type: none"><li>• Alle skole wat geskeduleer is vir vervanging vir die finansiële jaar 2020/2021;</li><li>• Alle skole wat uitgestel is vir instandhouding en/of vervanging weens COVID-19-epidemie;</li><li>• Begroting toegeken aan Openbare Werke vir vervanging en instandhouding van skole vir die finansiële jaar 2020/2021; en</li><li>• Enige bykomende inligting met betrekking tot infrastruktuur van skole uiteengesit vir die finansiële jare 2020/2021 tot 2021/2022.</li></ul>	<p>Die DVOW het die virtuele vergadering van die Staande Komitee vir Onderwys op 13 Oktober 2020 bygewoon. Die DVOW se aanbieding het die volgende ingesluit:</p> <ul style="list-style-type: none"><li>• Impak van Covid-19 op die infrastruktuur van skole in die Wes-Kaap;</li><li>• Konstruksiewerke vertraag weens toesluit;</li><li>• Vervangingskoleprojek beplan vir voltooiing in 2020/21;</li><li>• Projekte bereik;</li><li>• Begrottingsimplikasies;</li><li>• Oorkomende instandhoudingsprojekte beplan vir konstruksie in 2020/21;</li><li>• Risiko's vorentoe.</li></ul>

## 8. Staande Komitee oor Openbare Rekening (KOR) Besluite

### 8.1 Antwoord oor die verslag van die PAC oor die 2019/20-jaarverslag gedateer 23 April 2021

“Die Komitee het kennis geneem van die auditmening van die OGSA ten opsigte van die finansiële state van die DVOW vir die 2019/20-boekjaar, nadat 'n skoon auditverslag sonder bevindings verkry is. Die auditmening bly onveranderd vanaf die 2018/19-boekjaar.

#### Ouditmening

Die OGSA het geen bevindinge met die Departement geopper oor die nakoming van wette en regulasies, voorafbepaalde doelstellings óf tekortkominge in die interne beheermaatreëls nie.

#### Finansiële bestuur

Aan die einde van die 2019/20-boekjaar het die Departement gerapporteer dat hy R8,547 miljard van 'n bewilligde begroting van R8,557 miljard bestee het, wat gelei het tot 'n onderbesteding van R10,469 miljoen (99,8% begrottingsbesteding). Gedurende die 2018/2019 finansiële jaar het die Departement van Vervoer en Openbare Werke R7,854 miljard van 'n begroting van R7,869 miljard bestee, wat gelei het tot 'n algehele onderbesteding van R14,713 miljoen (99,8% begrottingsbesteding).

Boonop is die totale geraamde departementele inkomstebegroting van R1,727 miljard met R240,683 miljoen te veel ingevorder, wat geleei het tot 'n departementele ontvangs van R1,968 miljard.

Die inkomste-oorinvordering het plaasgevind onder die volgende lynitems

- Motorvoertuiglisensies (R186 miljoen);
- Verkoop van goedere en dienste anders as kapitaalbates (R42,6 miljoen);
- Rente, dividende en huur op grond (R281 000);
- Boetes, strawwe en verbeurings (R3,537 miljoen);
- Verkoop van die departementele kapitaalbates (R29 000); en
- Finansiële transaksies in bates en laste (R7,266 miljoen).

Die Departement het onreëlmatige uitgawes van R117 881,84 aangegaan as gevolg van nie-nakoming van regulasie 8(5) van die Voorkeurverkrygingsregulasies (PPR), 2017 in terme van Plaaslike Inhoud. Die Departement het 'n voorsieningskettingbestuursinstruksie aan sy werknemers uitgereik en versprei om 'n toekomstige herhaling van 'n soortgelyke voorval te voorkom. Die Departement het geen ongemagtigde, vrugtelose en verkwestende uitgawes gedurende die 2019/20 finansiële jaar aangegaan nie."

Die standpunte en besluite van die Komitee word in die tabel hieronder uiteengesit.

Resolusie-nommer	Onderwerp	Besonderhede	Departement se antwoord	Opgelos?
4.1	Paragraaf 4 (Transversale departemente resolusies) - Bladsy 199 (Breébasis-swart ekonomiese bemagtiging)	Sommige departemente en entiteite, waaronder die ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA), sal versoek word om die komitee in te lig oor die status van hul BBSEB-nakoming gedurende die boekjaar 2019/20 en 2020/2021.	Kennis geneem. 'n Brief in die verband is op 26 April 2021 aan die Adjunk-Direkteur-Generaal: Finansies en die Hoofdirekteur: Staatsmotorvervoer gestuur.	Ja.
13.3.1	Paragraaf 13.3 (Departemente resolusie) - Bladsy 209 (Voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates)	Dat die Departement die Komitee vir Openbare Rekeninge inlig oor die meganisme wat in plek is om die voorwaardelike aanspreeklikhede wat vir die finansiële jaar onder oorsig aangeteken is, te monitor en te bestuur, insluitend die aard van die eise daarteen.	Kennis geneem. 'n Brief in hierdie verband is op 26 April 2021 aan die Adjunk-direkteur-generaal: Finansies gestuur.	Ja.

## 8.2 Lys van inligting verlang

Dat die DVOW die komitee van die volgende voorsien:

- 8.2.1 'n Verslag wat die wyse beklemtoon waarop die Departement nuwe werknemers sal lok en bestaande kritieke vaardigheidswerknemers sal behou, verwys na Aantekening 3 op bladsy 303 van die Jaarverslag.  
(Die inligting is aan die Komiteekoördineerder verskaf).
- 8.2.2 'n Verslag oor die totale aantal aktiewe en afgeskryfde skuld van die Departement, soos verwys na Aantekening 6 op bladsy 306 van die Jaarverslag.  
(Die inligting is aan die Komiteekoördineerder verskaf).

---

## 9. Vorige wysigings aan auditverslae

---

Daar was geen wysigings aan die auditverslae nie.

## 10. Interne Beheer-eenhede

### 10.1 Hoofdirektoraat: Finansiële Bestuur, Direktoraat: Finansiële Bestuurstoesig

Die doel van die Direktoraat: Finansiële Bestuurstoesig is om gesonde finansiële bestuurspraktyke te verseker. In die loop van die finansiële oorsigjaar was die fokus op die verifiëring van voldoening aan goedgekeurde delegasies, nakomingstoetsing van uitgawebewyse, bespeuring en voorkoming van onreëlmataige, vrugtelose en verwistende uitgawes, uitvoering van voorafbepaalde finansiële inspeksies soos aangetoon in die bedryfsplan, *ad hoc* ondersoeke, en die voorsiening van doeltreffende en doelmatige bedrog- en verliesbeheerbestuursdienste.

Aangeleenthede	Werk verrig
FG-kommentaar	Lewer kommentaar op die volgende instruksies /raamwerk: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Werkswinkel gehou met die Nasionale Tesourie oor die konsep Nasionale Tesourie-reisbeleidsraamwerk.</li> <li>• Verskaf insette in die Transversale Interne Ouditverslag oor Onreëlmataige Besteding.</li> </ul>
Finansiële delegasies	PFMA Rekenpligtige Beampete se delegasies sal in totaliteit hersien word gedurende die 2021-22 finansiële jaar.
Die ontwikkeling, hersiening en wysiging van standaardbedryfsprosedures en -beleide om finansiële bestuurstoesig te verbeter	<ul style="list-style-type: none"> <li>• ERMCO-bepalings 2020-2021 – Finansieringsinstruksie 01 van 2020 uitgereik op 14 Julie 2020.</li> <li>• Jaarlikse hersiening van verblyf- en kampeertoelaes: Finansieringsinstruksie 05 van 2019 (wysiging 01 van 2020) uitgereik op 22 Julie 2020.</li> <li>• Standaard bedryfsprosedures met betrekking tot die verspreiding van salarisadvies en die sertifisering van betaalstate – Finansieringsinstruksie 01 van 2021 uitgereik op 22 Februarie 2021.</li> <li>• Tertafellegging van statutêre publikasies en belyning van verslae in terme van die Openbare Rekening Komitee Besluite – Finansies Instruksie 02 van 2021.</li> </ul>
PFD-verslae	Hanteer die aanbevelings van die drie verslae wat ontvang is. Die aanbevelings van een verslag is gefinaliseer en die aanbevelings van die ander 2 verslae is besig om aandag te kry.
Eksterne auditproses	Ten einde kontinuitet met die vorige jaar se oudituitslag te verseker, is noodsaaklike voorbereidingswerk voor die aanvang van die nuwe ouditsiklus in Januarie 2021 uitgevoer.
Interne auditproses	Op 31 Maart 2021 is 7 nuwe sowel as 7 opvolgverslae ontvang. Implementering van die aanbevelings word bestuur deur die Departementele Korporatiewe Bestuursverbeteringsplan (DCGIP).
Behoud van finansiële inligting	Gedurende die 2020–2021 finansiële jaar is 23 953 BAS-betelingsbewyse, 5 639 BAS-joernale en 14 344 ontvangste teen die maandelikse dokumentbeheerverslae geverifieer om volledigheid en beveiliging van finansiële inligting te verseker.
Verslagdoening	
• KOR (Resolusies)	Jaarliks
• Staatsdienskommissie (finansiële wangedrag)	Kwartaalliks en jaarliks
• DPSA (korupsie en bedrog)	Kwartaalliks

Aangeleenthede	Werk verrig
• Topbestuur (DCGIP)	Maandeliks
• Auditkomitee (DCGIP)	Kwartaalliks
• Topbestuur (onreëelmatige, vrugtelose en verkwestende uitgawes)	Maandeliks
• ERMCO (implementeringsplan vir bedrogvoorkomingstrategie en bedrogrisikoregisters)	Kwartaalliks
• IYM (onreëelmatige, vrugtelose en verkwestende uitgawes)	Maandeliks
DCGIP	DCGIP word bygewerk met bevindinge vanuit die OGSA se bestuursverslag, interne auditverslae, provinsiale tesourie se GAP-analise, PFD se verslae en die KOR se resolusies. Teen jaareinde is 13 projekte in hierdie verband gemoniteer.
Finansiële handleiding oor die bestuurstelsel vir elektroniese inhoud	Instandhouding van die stelsel en die laai van bestuursdokumente geskied op 'n deurlopende basis.
Finansiële inspeksies	Getal nakomingsinspeksies en ad-hoc-inspeksies uitgevoer: 3 Na-ouditinspeksies is op 7 749 BAS-betaaalbewyse gedoen. As deel van die inspektoraat se bedryfsplan word alle opgeloopte bedrae vir die boekjaar vir geldigheid, akkuraatheid en volledigheid geverifieer voordat dit by die finansiële jaarstate ingevoer word. Alle LOGIS- en BAS-betalings word in die maande voor en na die jaareinde om te verseker dat die bedrag redelik vermeld word.
Sakelêers vir verliesbeheer: Sake hou verband met eise teen die staat, skade aan staatsmotorvoertuie en verlies aan roerende bates.	Beginsaldo 1 April 2020 (649) Nuwe sake geregistreer (238) Sake afgehandel 31 Maart 2021 (322) Balans soos op 31 Maart 2021 (565)
Sakelêers rakende onreëelmatige, vrugtelose en verkwestende uitgawes	Beginsaldo 1 April 2020 (1) Nuwe sake geregistreer (3) Totale sake ondersoek (4) Sake afgehandel (2) Balans soos op 31 Maart 2021 (2)

## 10.2 Hoofdirektoraat Voorsieningskanaalbestuur: Direktoraat Bestuurtoesig en Aanvraagbestuur

Die direktoraat bestuurtoesig en aanvraagbestuur se doel is om 'n diens te lewer ten opsigte van beplanning, nakomings-, prestasiebestuur, kapasiteitsbou en aanvraagbestuur. In die loop van die finansiële oorsigjaar was die direktoraat hoofsaaklik betrokke by die implementering en toepassing van die rekenpligtige beampete se VKB-stelsel wat prosesse versterk het deur die ontwikkeling, hersiening en wysiging van procedures ten einde werk te maak van tekortkominge in interne beheer. Die direktoraat was ook verantwoordelik vir die bestuur van opleidingsprogramme.

Aangeleenthede	Werk verrig
VKB-kommentaar	<p>Kommentaar gelewer op die volgende instruksies (Gekonsolideerde kommentaar wat via die Proviniale Tesourie gelewer is):</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Konsep Nasionale Tesourie-instruksie - Voorsieningskanaalbestuur: Drempelwaardes vir die verkryging van goedere, werke en dienste deur middel van kleingeld, geskrewe pryskwotasies of mededingende bod.</li> <li>• Proviniale Tesourie Konsep Rekenpligtige Beamptestelsel (AOS).</li> </ul>
Komitee vir Openbare Rekeninge:	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die VKB-eenheid het voorbereidingswerk, hulp en aanbiedings vir die Staande Komitee bestuur en uitgevoer.</li> </ul>
Die uitreiking, ontwikkeling, hersiening en wysiging van standaardbedryfsprosedures en -beleide om voorsieningskanaalbestuur te verbeter:	<ul style="list-style-type: none"> <li>• VKB-instruksie 1 van 2020/21: Openbaarmaking van finansiële belang vir VKB-praktisyne sowel as diegene wat VKB-funksies verrig wanneer hulle delegerende bevoegdhede uitoefen vir die 2020/2021-boekjaar.</li> <li>• VKB-instruksie 2 van 2020/21: Deel 1 – Herroeping van NTI No. 5 van 2020-21 Noodverkryging in 'n nasionale ramptoestand.</li> <li>• VKB-instruksie 3 van 2020/21: Tussentydse metode vir reis- en verblyfverkryging.</li> <li>• VKB-instruksie 4 van 2020/21: Staatsvoertuigbestuurder-identifikasieetikette "oranje bestuurderetikette".</li> <li>• VKB-instruksie 5 van 2020/21: 2020-jaareind-advertensiedatums.</li> <li>• VKB-instruksie 6 van 2020/21: Verkrygingsplan vir 2021/22 finansiële jaar ten opsigte van die verkryging van goedere en dienste van meer as R100 000 en alle kapitaal- en instandhoudingswerk van meer as R500 000 (Alle toepaslike belasting ingesluit).</li> <li>• VKB-instruksie 7 van 2020/21: Openbaarmaking van finansiële belang vir VKB-praktisyne sowel as diegene wat VKB-funksies verrig wanneer hulle delegerende bevoegdhede uitoefen vir die 2020/2021-boekjaar.</li> <li>• VKB-instruksie 8 van 2020/21: Einde van finansiële sluiting 2020/21: Samestelling van LOGIS-verslae vir die samestelling van die insette vir die openbaarmakingsaantekeninge 42 &amp; 43 van die Finansiële Jaarstate.</li> </ul>

## Kapasiteitsbou- en vaardigheidsprogramme geïmplementeer

Die volgende opleidingsintervensies is gedurende die jaar bygewoon:

Datum	Beskrywing	Tipe opleiding	Get. bywoners
14-18 September 2020	ACFE 13de Jaarlikse Virtuele Konferensie	Eksterne	10
28–29 September 2020	Etiek en risikobestuur (Georg-verkeer)	Eksterne	17
12–13 Oktober 2020	Etiek en risikobestuur (Metropole)	Eksterne	14
19–20 Oktober 2020	Etiek en risikobestuur (Eden Distrik)	Eksterne	16
26–27 Oktober 2020	Etiek en risikobestuur (Eden Distrik)	Eksterne	15
16–17 November 2020	Etiek en risikobestuur (Eden Distrik)	Eksterne	15
19–20 November 2020	Etiek en risikobestuur (Eden Distrik)	Eksterne	13
24–25 November 2020	Smart Procurement World 14de Beraad	Konferensie	15
4 Desember 2020	Ontbytseminaar teen bedrog 2020	Zoom Webinar	29
18 – 19 Februarie 2021	Etiek en risikobestuur	MS Teams	10
24 Februarie 2021	Slim verkrygingswerkswinkels-kontrakbestuur	Virtuele werkswinkel	39
24 Februarie 2021	Slim verkrygingswerkswinkels - Internasionale Leiers Meesterklas	Virtuele werkswinkel	7
25 Februarie 2021	Smart Procurement World - Verkryging van SMMEs	Virtuele werkswinkel	7
25 Februarie 2021	Smart Procurement World - Strategiese verkryging	Virtuele werkswinkel	15
2021	Gevorderde program in verkryging en VKB	Afstandsonderrig	15
2021	Program in Openbare Verkryging	Afstandsonderrig	4
09 – 10 Maart 2021	Etiek en risikobestuur	MS Teams	11
15 – 16 Maart 2021	Etiek en risikobestuur	MS Teams	14
23 – 24 Maart 2021	Etiek en risikobestuur	MS Teams	13
24 Maart 2021	Smart Procurement World - Openbare sektor	Virtuele werkswinkel	6

Aangeleenthede	Werk verrig						
Samewerkende inisiatiewe met lynfunksie	Tweeweeklikse skakeling met die lynfunksie oor die implementering van die Rekenpligtige Beamppte se Voorsieningskanaalbestuurstelsel. Tweeweeklikse skakeling met die lynfunksie rakende die levering van die Voorsieningskanaalbestuursprogram. Kwartaallikse verbintenisse met die DotP-sentrum vir e-innovasie oor die visualisering van die voorsieningskettingbestuurstelsel.						
Verslagdoening <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verkrygingstatistieke                             <ul style="list-style-type: none"> <li>◦ Hoof van die Departement</li> <li>◦ Hoof Finansiëlebeampte</li> <li>◦ Provinciale Tesourie</li> <li>◦ Nasionale Tesourie</li> <li>◦ Ouditeur-generaal</li> </ul> </li> <li>• Monitering van die verkrygingsplan</li> <li>• Toegekende kontrakte                             <ul style="list-style-type: none"> <li>◦ CIDB-register van kontrakte (I-Tender)</li> </ul> </li> <li>• Departementele Korporatiewe Bestuur verbeteringsplan</li> <li>• Topbestuur</li> <li>• Komitee oor die Bestuur van Infrastruktuurlewering</li> <li>• KOR</li> <li>• Ouditkomitee</li> <li>• Staande Komitee oor Vervoer en Openbare Werke</li> <li>• Etiek</li> </ul>	Maandeliks Maandeliks Maandeliks Maandeliks Maandeliks Maandeliks  Maandeliks Maandeliks Maandeliks Soos verlang Soos verlang Soos verlang Soos verlang Kwartaalliks						
Verkryging deur tenderprosesse	Formele tenders: <table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr> <td colspan="2" style="text-align: center; padding: 5px;">2020-2021-boekjaar</td> </tr> <tr> <td style="padding: 5px;">Getal kontrakte toegeken</td> <td style="padding: 5px;">3 030</td> </tr> <tr> <td style="padding: 5px;">Waarde van kontrakte toegeken</td> <td style="padding: 5px;">R2 531 281 087</td> </tr> </table> <p>* Raamwerkpakkette ingesluit in die belangrikste fokus op die verkryging van konstruksie.</p>	2020-2021-boekjaar		Getal kontrakte toegeken	3 030	Waarde van kontrakte toegeken	R2 531 281 087
2020-2021-boekjaar							
Getal kontrakte toegeken	3 030						
Waarde van kontrakte toegeken	R2 531 281 087						

Aangeleenthede	Werk verrig																																								
	Waarde per BBSEB-bydraer: <table border="1"> <thead> <tr> <th>BBSEB Vlak bydraer</th> <th>Kontrakwaarde</th> <th>Aantal rekords</th> </tr> </thead> <tbody> <tr><td>0</td><td>R117 291 094</td><td>302</td></tr> <tr><td>1</td><td>R1 844 574 801</td><td>2197</td></tr> <tr><td>2</td><td>R419 993 033</td><td>182</td></tr> <tr><td>3</td><td>R30 612 104</td><td>14</td></tr> <tr><td>4</td><td>R76 367 844</td><td>289</td></tr> <tr><td>5</td><td>R7 773 553</td><td>6</td></tr> <tr><td>6</td><td>R31 483 569</td><td>36</td></tr> <tr><td>7</td><td>0</td><td>0</td></tr> <tr><td>8</td><td>R3 185 089</td><td>4</td></tr> <tr> <td>Totaal</td><td>R2 531 281 087</td><td>3030</td></tr> </tbody> </table> Informele tenders: <table border="1"> <tbody> <tr><td>2020-2021-boekjaar</td></tr> <tr><td>Getal kontrakte toegeken</td><td>311</td></tr> <tr><td>Waarde van kontrakte toegeken (R)</td><td>R26 119 581</td></tr> </tbody> </table>			BBSEB Vlak bydraer	Kontrakwaarde	Aantal rekords	0	R117 291 094	302	1	R1 844 574 801	2197	2	R419 993 033	182	3	R30 612 104	14	4	R76 367 844	289	5	R7 773 553	6	6	R31 483 569	36	7	0	0	8	R3 185 089	4	Totaal	R2 531 281 087	3030	2020-2021-boekjaar	Getal kontrakte toegeken	311	Waarde van kontrakte toegeken (R)	R26 119 581
BBSEB Vlak bydraer	Kontrakwaarde	Aantal rekords																																							
0	R117 291 094	302																																							
1	R1 844 574 801	2197																																							
2	R419 993 033	182																																							
3	R30 612 104	14																																							
4	R76 367 844	289																																							
5	R7 773 553	6																																							
6	R31 483 569	36																																							
7	0	0																																							
8	R3 185 089	4																																							
Totaal	R2 531 281 087	3030																																							
2020-2021-boekjaar																																									
Getal kontrakte toegeken	311																																								
Waarde van kontrakte toegeken (R)	R26 119 581																																								
VKB-nakomingsinspeksies	Nakomingsinspeksies met die doel om nakoming te verbeter en hulp te verleen met die implementering van wysigings aan die rekenpligtige beampete se VKB-stelsel en meegaande delegasies:  (3 nakomingsevaluerings is gedurende die oorsigjaar uitgevoer) Formele assessering met gedefinieerde metodologie. <ul style="list-style-type: none"> <li>• Beplan</li> <li>• Raak betrokke</li> <li>• Berei voor</li> <li>• Evalueer</li> </ul>																																								

Aangeleenthede	Werk verrig
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Doen verslag</li> <li>• Moniteer en evalueer</li> <li>• Identifiseer tekortkominge</li> <li>• Kom wedersyds ooreen oor hoe om tekortkominge uit die weg te ruim</li> <li>• Bied deurentyd een-tot-een-begeleiding aan</li> <li>• Verifieer bates</li> </ul>
Voorsieningskanaalbestuur-klagte-meganisme	Ondersoek klagtes en rapporteer alle gevalle waar die moontlikheid van bedrog, korruksie en tender-bedrog duidelik blyk (20 voorvalle ondersoek)
Verifikasie van tenderaar en personeel	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Maandelikse nakomingsverslag komende van provinsiale tesourie om werknemers se potensiële botsende belang te identifiseer en te verifieer.</li> <li>• VKB-instruksie 5 van 2013/14 - SBP om tenderaar en personeel te verifieer wat dit moontlik maak om profiele op te stel van potensiële en huidige diensverskaffers sowel as VKB-praktisyens namate dit verband hou met private belang en die moontlikheid van botsende belang tussen private belang en hul verpligting ten opsigte van hul openbare amp.</li> <li>• WCBD4 - gekombineerde SBD 4, 8 en 9 - Verklaring van belang, tenderaars se vorige VKB-praktekye en bepaling van onafhanklike tender</li> <li>• Verklaring van belang deur VKB-praktisyens word nagekom en die VKB-gedragkode word toegepas.</li> <li>• Verklaring van belang deur lede van die tenderkomitee.</li> </ul>
Verpligte registrasie op die Nasionale Tesourie Sentrale Verskaffersdatabasis, sowel as die Wes-Kaapse Verskaffersbewysbank – wat dien as 'n sentrale bewaarder van alle bestuurstoesigdokumente vir die Wes-Kaapse Regering, asook registrasie op die Nasionale Tesourie Sentrale Verskaffersdatabasis.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Deurlopende fasilitering van die registrasie van verskaffers op die WCSEB en CSD deur deelname aan die program vir kontrakteursontwikkeling met die UOWP tydens konstruksie-inligtingsessies sowel as verskafferontwikkelingsessies (in samewerking met die departement van ekonomiese ontwikkeling en toerisme sowel as verskeie munisipaliteite); mini-werksessies met verskaffers, nagaan van registrasiedokumente vir volledigheid en opvolging van die status van dokumente wat vir registrasie ingedien is.</li> <li>• Monitoring van die WCSEB en CSD om seker te maak dat verskaffers steeds aktief is.</li> <li>• Kontrolelyste wat nakoming van verpligte registrasie informeer en afdwing.</li> </ul>

Aangeleenthede	Werk verrig
DCGIP	Behartig bevindings voortspruitend uit OGSA se bestuursverslag, interne auditverslae, provinsiale tesourie se GAP-analise en SKOOR-resolusies ten opsigte van VKB ten einde gapings te oorbrug, tekortkominge in die proses uit die weg te ruim, vaardighede waar nodig oor te dra en enige ander gevolge te bestuur.

## 11. Interne Oudit en Ouditkomitees

Interne audit voorsien bestuur van onafhanklike, objektiewe versekering en raadplegende dienste wat ontwerp is om waarde tot die deurlopende verbetering van die DVOW se bedrywighede te voeg. Dit help die DVOW om sy doelwitte te behaal deur 'n sistematiese, gedissiplineerde benadering tot die evaluering en verbetering van die doeltreffendheid van bestuurstoesig, risikobestuur en beheerprosesse daar te stel.

Die volgende vername aktiwiteite is in hierdie verband verrig:

- Evaluering en maak van gepaste aanbevelings vir verbetering van die bestuurstoesigprosesse ten einde die DVOW se doelwitte te behaal;
- Evaluering van die toereikendheid en doeltreffendheid van en lewering van 'n bydrae tot die verbetering van die risikobestuursproses; en
- Hulpverlening aan die RB om die doeltreffendheid en doelmatigheid van beheermaatreëls te handhaaf deur daardie beheermaatreëls te evaluateer ten einde hulle doeltreffendheid en doelmatigheid te bepaal en aanbevelings ter versterking en verbetering te ontwikkel.

Interne auditwerk wat gedurende die verslagjaar vir die Departement voltooi is, het sewe versekeringsopdragte (insluitend een transversale verbintenis) en twee konsultasieopdrag (transversaal) ingesluit. Besonderhede van hierdie opdragte is in die verslag van die Ouditkomitee vervat.

Die Ouditkomitee is as 'n oorsigliggaam daargestel en verskaf onafhanklike oorsig oor bestuursbeheer, risikobestuur en beheerprosesse in die departement waarby oorsig en verantwoordelikhede verwant aan die volgende ingesluit is:

- Interne-ouditfunksie;
- Eksterne-ouditfunksie OGSA;
- Departementele boekhouding en rapportering;
- Departementele rekeningkundige beleide;
- Hersiening van OGSA se bestuur- en ouditverslag;
- Hersiening van departementele in-jaar-monitering;
- Departementele risikobestuur;
- Interne beheer;
- Voorafbepaalde doelwitte;
- Etiek; en
- Forensiese ondersoeke.

Die tabel hieronder verskaf inligting oor die auditkomiteelede.

Naam	Kwalifikasies	Intern of eksterne	Indien intern, pos in die departement	Datum aangestel	Datum bedank	Getal vergaderings bygewoon
Me Judy Gunther (Voorsitter)	BCompt; M-graad in Kosteberekening; CRMA; CIA; AGA	Eksterne	n.v.t.	01 Januarie 2016  2 <sup>de</sup> termyn (as voorsitter)	n.v.t.	7
Mnr Johannes Kleyn	Finansies en sakestelsels, risikobestuur en nakoming.	Eksterne	n.v.t.	01 Januarie 2015 (2 <sup>de</sup> termyn) 2 <sup>de</sup> termyn eindig - 31 Desember 2020	n.v.t.	5
Mnr Mervyn Burton	B Compt; B Compt (Hons.); GR(SA)	Eksterne	n.v.t.	01 Januarie 2018 (2 <sup>de</sup> termyn)	n.v.t.	7
Mnr Ebrahim Abrahams	BCom (Rekeningkunde)	Eksterne	n.v.t.	01 Januarie 2019 (1 <sup>ste</sup> Termyn)	n.v.t.	7
Mnr Tsepo Lesihla	ND IT en Meester van Tegnologie in IT	Eksterne	n.v.t.	01 Januarie 2021 (1 <sup>ste</sup> Termyn)	n.v.t.	1

## 12. Auditkomitees

### 12.1 Verslag van die Auditkomitee

Ons lê met genoëé ons verslag vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2021 voor.

#### Auditkomitee se verantwoordelikhede

Die Auditkomitee rapporteer dat dit sy verantwoordelikhede voortspruitend uit artikel 38(1)(a)(ii) van die PFMA en Tesourieregulasie 3.1.13 ten volle nagekom het. Die Auditkomitee rapporteer voorts dat dit gepaste formele opdragte as sy auditkomiteehandves aanvaar het, sy sake in nakoming van hierdie handves gereguleer het en al sy verantwoordelikhede uitgevoer het soos daarin vervat.

## Die doeltreffendheid van interne beheer

Daar word van die Departement vereis om stelsels van interne beheer te ontwikkel en in stand te hou wat die waarskynlikheid van die bereiking van sy doelwitte sal verbeter, om aan te pas by veranderinge in die omgewing waarin dit werkzaam is en om doeltreffendheid en effektiwiteit aan bedrywighede te bevorder, ondersteun betroubare verslagdoening en voldoening aan wette en regulasies. Die WKR het 'n gekombineerde versekeringsraamwerk aanvaar wat versekeringsverskaffers identifiseer en integreer. Die eerste vlak van versekering is bestuursversekering, wat van lynbestuur vereis om doeltreffende interne beheermaatreëls te handhaaf en daardie procedures op 'n dag-tot-dag-basis uit te voer deur middel van toesighoudende beheermaatreëls en om regstellende stappe te neem waar nodig. Die tweede vlak van versekering is interne versekering wat verskaf word deur funksies apart van direkte lynbestuur, wat toevertrou is met die beoordeling van nakoming van beleide, procedures, norme, standaarde en raamwerke. Die derde vlak van versekering is onafhanklike versekeringsverskaffers wat gelei word deur professionele standaarde wat die hoogste vlakke van onafhanklikheid vereis.

'n Risiko-gebaseerde Gekombineerde Versekeringsplan is vir die Departement ontwikkel, gefasilitateer deur Interne Oudit, wat ook 'n onafhanklike gerusstellingverskaffer is. Interne Oudit bied die Ouditkomitee en Bestuur redelike versekering dat die interne beheermaatreëls voldoende en doeltreffend is. Dit word bereik deur 'n goedgekeurde risiko-gebaseerde interne auditplan, Interne Oudit wat die toereikendheid van beheermaatreëls beoordeel wat die risiko's versag en die Ouditkomitee wat die implementering van regstellende aksies monitor.

Die volgende interne ouditaanstellings is gedurende die oorsigjaar deur die auditkomitee goedgekeur en deur die interne audit voltooi:

### Versekeringsbetrokkenheid

- Bateinligtingbestuurstelsel – Huurmodule
- Bateinligtingbestuurstelsel – Verkryging en Vervreemdingsmodule
- Bateinligtingbestuurstelsel – Projekbeheerstelsel (PBS) Module
- Bateinligtingbestuurstelsel – Instandhoudingsbestuur (IB) Module
- Provinsiale Vervoerregulasie – Operateurslisensie en -Permitte
- Oordragbetalings
- COVID-19 – Voorsieningskanaalbestuur (Transversale projek)

### Raadgewende betrokkenheid

- Wes-Kaapse Regering – Meesterkantoor-akkommodasieplan
- Waterrisiko: Watersekuriteitsbestuur (Transversale projek)

Die interne auditplan is vir die jaar voltooi. Die gebiede vir verbeterings, soos opgemerk deur interne audit tydens die uitvoering van hul werk, is deur die bestuur ingestem. Die Ouditkomitee gaan voort om die aksies op 'n kwartaallikse basis te monitor.

## In-jaar-bestuur en maandelikse/kwartaallikse verslae

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van kwartaallikse in-jaar-bestuurs- en -prestasieverslae wat ooreenkomsdig die NT-regulasies en die Wet op die Verdeling van Inkomste tydens die oorsigjaar deur die departement se Rekenpligtige Beampte voorberei en uitgereik is.

## Evaluering van finansiële state

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde finansiële jaarstate wat by die jaarverslag ingesluit moet word, hersien en met die OGSA en die rekenpligtige beampte bespreek;
- die OGSA se bestuursverslag en bestuur se reaksie daarop hersien;
- veranderings aan rekeningkundige beleide en praktyke, soos in die finansiële jaarstate gerapporteer, hersien; en
- wesenlike aansuiwerings voortspruitend uit die departement se oudit hersien.

## Voldoening

Die Ouditkomitee het die departement se prosesse ter nakoming van wetlike en regulerende bepalings hersien.

## Prestasie-inligting

Die Ouditkomitee het die inligting oor voorafbepaalde doelwitte, soos in die jaarverslag gerapporteer, hersien.

## Verslag van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika


Die Auditkomitee het:

- Het die OGSA se Bestuursverslag en Bestuur se antwoorde daarop nagegaan;
- Met die OGSA vergader om onopgeloste kwessies te bespreek wat uit die regulatoriese audit voortgespruit het.

Korrektiewe optrede rakende die gedetailleerde bevindinge wat deur die OGSA geopper is, word op 'n kwartaallikse basis deur die Auditkomitee gemoniteer.

Die Auditkomitee stem saam met en aanvaar die OGSA se mening rakende die finansiële jaarstate en stel voor dat die geouditeerde finansiële jaarstate aanvaar en saam met hul verslag gelees word.

Die Auditkomitee betuig sy lof teenoor die departement vir die handhawing van 'n ongekwalifiseerde auditmening sonder enige wesentlike bevindinge.



---

Me Judy Gunther

Voorsitter van die Auditkomitee

Departement van Vervoer en Openbare Werke

Datum: 01 Oktober 2021

## 13. BBSEB-voldoening prestasie inligting

Die volgende tabel is voltooi in ooreenstemming met die voldoening aan die BBSEB-vereistes van die BBSEB-wet van 2013 en soos bepaal deur die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging.

Het die Departement/openbare entiteit enige relevante Kode van Goeie Praktyk (B-BSEB Sertifikaatvlak 1 – 8) toegepas met betrekking tot die volgende:		
Kriteria	Antwoord Ja/Nee	Bespreking (sluit 'n bespreking oor jou antwoord in en dui aan watter maatreëls getref is om daaraan te voldoen)
Bepaling van kwalifikasiekriteria vir die uitreiking van lisensies, toegewings of ander magtiging ten opsigte van ekonomiese aktiwiteit ingevolge enige wet.	n.v.t.	Geen lisensies, toegewings of ander magtiging ten opsigte van ekonomiese aktiwiteit ingevolge enige wet.
Die ontwikkeling en implementering van 'n voorkeurverkrygingsbeleid?	Ja	<p>1. Toe die 2017-regulasies uitgevaardig is, het die Provinciale Tesourie die implementeringsuitdagings aan die kabinet voorgelê, wat onder meer die verhoging van die drempel van die 80/20-puntestelsel van 'n drempel van R1 miljoen tot R50 miljoen insluit, sal 'n premieverhoging vir voorkeur tot gevolg hê; instelling van voorafkwalifikasiekriteria; die instel van 'n onderhandelingsproses en die oordrag van voorsiening as 'n regstellende maatreël vir die verkryging van entiteite om die moontlike verwringing van markverwante pryse te hanteer as gevolg van die instelling van voorafkwalifikasiekriteria; teenstrydigheid in terme van waar dit spreek tot "indien haalbaar [eie klem] om 'n kontrak van meer as R30 miljoen te onderrontrakteer, moet 'n staatsorgaan [eie klem] subkontraktering toepas om aangewese groepe te bevorder" en plaaslike produksie- en inhoudsuitdagings.</p> <p>2. Die Kabinet het die strategie vir WKR goedgekeur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>2.1 Die uitreiking van 'n tussentydse strategie om die vereistes van die PPR'e te hanteer, sowel as bestuursvereistes vir die voorsieningskettingbestuur.</li> <li>2.2 Die ontwikkeling en implementering van 'n ekonomiese verkrygingsbeleid, in vennootskap met die Departemente van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme en die Departement van die Premier.</li> <li>2.3 Die ontwikkeling en implementering van 'n breër ekonomiese transformasiebeleid.</li> <li>2.4 Spesifieke kommoditeitsgerigte strategieë wat ekonomiese transformasie teiken.</li> <li>2.5 Die gebruik van die skaalbesparingsbeginsel deur projekte in langtermynkontrakte te verpak.</li> </ul>

Het die Departement/openbare entiteit enige relevante Kode van Goeie Praktyk (B-BSEB Sertifikaatvlak 1 – 8) toegepas met betrekking tot die volgende:		
Kriteria	Antwoord Ja/Nee	Bespreking (sluit 'n bespreking oor jou antwoord in en duï aan watter maatreëls getref is om daaraan te voldoen)
		2.6 Die inwerkingstelling van die raamwerkooreenkomssmodel vir goedere en dienste en ondersoek van kontrakteurontwikkeling in die konteks van goedere en dienste. Verwys na Deel C, afdeling 10.2 (Voorsieningskettingbestuur: Staatsbestuur) van die jaarverslag vir die waarde en aantal kontrakte wat per BBSEB-vlakbydraer vir formele aanbiedings toegeken is.
Bepaling van kwalifikasiekriteria vir die verkoop van staatsondernemings?	n.v.t.	Dit is nie van toepassing nie, aangesien daar nie so 'n verkoop was nie.
Ontwikkel kriteria om vennootskappe met die private sektor aan te gaan?	n.v.t.	Geen vennootskappe met die private sektor aangegaan nie.
Bepaling van kriteria vir die toekenning van aansporings, toelaes en beleggingskemas ter ondersteuning van breëbasis-swart ekonomiese bemagtiging?	n.v.t.	Geen aansporings en beleggingskemas ter ondersteuning van breëbasis-swart ekonomiese bemagtiging nie.

### Bestuursbeheerelement

Verwys na Deel D: Menslike Hulpbronbestuur – Tabel 3.5.1

### Vaardigheidsontwikkelingselement

Verwys na Deel D: Menslike Hulpbronbestuur – Tabel 3.5.7


### Ondernemings- en verskafferontwikkelingselement

Verwys na Deel C: VKB Bestuur en Vraagbestuur – Verkryging deur bodprosesse vir die verkrygigsbesteding aan alle verskaffers.

Verwys na Deel B: Prestasie-inligting, Tabel 40 vir verskaffer- en ondernemingsontwikkeling.

### Sosio-ekonomiese ontwikkelingselement

Verwys na Deel B: Prestasie-inligting, Tabel 32 – Subprogramme 3.4 Konstruksie: Benutting van die onroerende bateportefeuille om die Regering se sosio-ekonomiese doelwitte te ondersteun.



D

Mensehulpbronbestuur

# Deel D: Mensehulpbronbestuur

## 1. Inleiding

---

Ons unieke bydrae tot die werk van die WKR is grotendeels toe te skryf aan die volhardende, en dikwels onbaatsugtige, pogings van die mense binne die DVOW.

Om konsekwent verbeterde dienste aan die inwoners van die Wes-Kaap te lewer, hou sy eie uitdagings in. Die moderne mensebestuurlandskap het in die onlangse jare aansienlik verskuif en verg komplekse navigasie tussen 'n reeks kompeterende veranderlikes.

Benewens die feit dat hierdie veranderlikes onderling afhanklik en onderling verwant is, word hulle beheer deur streng reëls en regulasies wat probleme veroorsaak wanneer retensie- en attraksie-inisiatiewe verken word.

Hierby ingesluit is die balansering van diensleveringsnoodsaaklikeheid, die attraksie en retensie van kritieke en skaarsvaardighede, werkmagbemagtiging, loopbaanbestuur, opvolgbeplanning, diensbillikheid en die skep van 'n bemagtigende omgewing waarin werknekmers kan floreer. Voorts word daar van die departement verwag om binne 'n streng omgewing te funksioneer wat vereis dat bestuurders die impak van "om meer met minder te doen" oorweeg.

Dit ten spyte die veranderende patronen en verhoogde eise wat 'n impak op die moderne werkplek het, het die konsekwente harde werk van ons mense tot gevolg gehad dat merkwaardige prestasies en diensleveringsverbeterings gedurende die oorsigjaar behaal is.

## 2. Stand van mensebestuur by die Departement

---

### 2.1 Departementele werkmagbeplanning

Die rol van werkmagbeplanning is belangrik om te verseker dat die DVOW die vereiste aantal mense het met die nodige vaardighede, kennis en houdings om die werk te verrig. Deur hierdie proses, evalueer die DVOW jaarliks sy werkmag-profiel teenoor huidige en toekomstige organisatoriese behoeftes.

Die doel van die evaluasie is om te bepaal tot watter mate die huidige werkmag-profiel die hoof mensebestuuruitkomstes aanspreek wat die kontinuïteit en waarde van diens sal waarborg.

Die werkmagplan 2020-2025, is dus in lyn met die visie en missie van DVOW se strategiese plan, asook die mensebestuurstrategie.

Die aannames waarop hierdie werkmagplan ontwikkel is, is steeds geldig en die aksieplan is hersien om te verseker dat strategieë (soos per die vermelde prioriteite) sy uitkomste bereik:

- Leiers wat voorbeeld is van die gedrag wat met die organisasie se waardes geassosieer word;

- Hoogs betrokke mense;
- 'n Prestasiekultuur;
- Bekwame mense in die regte getalle op die regte plek op die regte tyd met die regte gesindheid;
- Jeug wat aan eerste werkservaring blootgestel is en wat in staat gestel word om in die arbeidsmark te kompeteer;
- Innoverende mensepraktyke;
- Verbeterde werknemerwaarde-aanbod;
- Talentbestuur waardeketting uitnemendheid;
- Skep van 'n talentpoel vir kritieke en skaars beroepe;
- 'n Talentpoel wat ontwikkel en benut word;
- Volgehoue vordering met die bereiking van EE-doelwitte; en
- 'n Geoptimaliseerde en belynde departementele ontwerp.

Die werkmagplan is hersien om te verseker dat die werkmagstrategie en vername aktiwiteite steeds geldig en toepaslik vir die 2020/21-boekjaar is.

## 2.2 Bestuur van werknemerprestasie

Die doel van prestasiebestuur is om prestasie te verhoog deur individuele toewyding, aanspreeklikheid en motivering aan te moedig.

Alle werknemers moet elke jaar voor 31 Mei 'n prestasie-ooreenkoms voltooi. Die ooreenkoms is in wese 'n kontrak tussen die werkgewer en die werknemer wat die projekte, programme, aktiwiteite, verwagtinge en standaarde vir die vereiste lewering bevat. Ten einde 'n gestandaardiseerde administrasieproses te faciliteer, het die WKG 'n elektroniese stelsel ontwerp, naamlik Prestasiebestuursinligtingstelsel (PERMIS), wat toelaat dat die hele prestasiebestuursproses vasgelê, gemonitor en bestuur word.

Die prestasiebestuursproses vereis dat 'n halfjaarlikse oorsig en jaarlikse evaluasie gedoen word, maar dat die bedryfsteikens en -prestasies wat met die prestasie-ooreenkoms verband hou, deurlopend gemonitor en gekommunikeer word. In gevalle waar teikens of prestasieverwagtings nie nagekom word nie, word die gapings deur die bestuur van swak prestasie aangespreek. In hierdie konteks is 'n prestasie-konsultasie-eenheid in die KDS (Hoofdirektoraat: Mensebestuurpraktyke) gevestig om lynbestuurders (mensebestuurders) met die hantering van swak prestasie by te staan. Hierdie is 'n ontwikkelingsproses, maar in gevalle waar individue ingevolge die wetgewende raamwerk as swak presteerders geïdentifiseer is, word hulle verplig om hulself aan 'n ontwikkelingsplan of alternatief tot dissiplinêre optrede onderworpe te wees.

## 2.3 Werknemerwelstand

Die WKR se transversale program vir werknemergesondheid en -welstand (WGW) volg 'n holistiese benadering tot werknemergesondheid en is grootliks voorkomend van aard wat beide primêre en sekondêre dienste bied.

Die Departement moniteer die WGW-program by wyse van maandelikse verslae oor die benutting van primêre dienste (24/7/365 telefoniese beradingsdiens, aanlyn e-Sorg-diens

en rapportering) en sekondêre dienste (persoonlike berading, trauma en kritieke insidente, opleiding en geteikende intervensie, uitvoerende afrigting, bepleiting).

'n Kwartaallikse verslag word deur die Direktoraat: Organisatoriese Gedrag binne die Sentrum vir Korporatiewe Dienste voorberei wat tendense ten opsigte van benutting ontleed, risiko's identifiseer en die impak daarvan op produktiwiteit aandui. Voorts is deurlopende verslagdoening aan die DPSA 'n vereiste en sodanige rapportering fokus op vier areas, naamlik, MIV/VIGS, gesondheid en produktiwiteit, welstandbestuur en SHEQ (veiligheid, gesondheid, omgewing, en gehalte).

## 2.4 Mensebestuurmonitering

Die DVOW, in samewerking met die CSC, moniteer die implementering van 'n reeks mensebestuur-nakomingsaanwysers. Die maandelikse Barometer Feite Léer wat deur die Hoofdirektoraat: Mensebestuurspraktyke binne die CSC ontwikkel word, voorsien die DVOW met gereelde opdaterings oor die werkmagprofiel en ander toepaslike mensebestuurdata om besluitneming in staat te stel. Die aanwysers sluit onder andere diensstaat inligting, koptelling, projeksies oor mense uitgawes, patronen van siekverlof, die monetêre waarde van jaarlikse verlofkrediete, dissiplinêre sake, vakaturesyfers, personeelbeweging en indiensnemingsgelykheid in.

## 3. Oorsigtelike statistiek verwant aan mensebestuur

### 3.1 Personeelverwante besteding

Die volgende tabelle bied 'n opsomming van die finale geouditeerde besteding per programme (Tabel 3.1.1) en per salarisbande (Tabel 3.1.2).

Die syfers in Tabel 3.1.1 is ontleen van die BAS en die syfers in Tabel 3.1.2 is ontleen van die personeelsalarissstelsel PERSAL. Die twee stelsels is nie gesinkroniseer vir salaristerugbetaalings ten opsigte van personeelaanstellings en bedankings en/of oorplasings na en van ander departemente nie. Dit beteken dat daar 'n verskil kan wees in totale besteding wat op hierdie stelsels weerspieël word.

Die sleutel in die tabel hieronder is 'n beskrywing van die programme binne die DVOW. Voortaan sal daar na programme per hul nommer verwys word.

Program	Programbenaming
1	Administrasie
2	Openbare werke infrastruktuur
3	Vervoerinfrastruktuur
4	Vervoerbedrywe
5	Vervoerregulering
6	Gemeenskapsgebaseerde programme

Tabel 3.1.1: Personeelbesteding per program, 2020/21

Program	Totale besteding (R'000)	Personeel-besteding (R'000)	Opleiding-besteding (R'000)	Goedere en dienste (R'000)	Personeel-besteding as 'n % van totale besteding	Gemiddelde personeel-besteding per werknemer (R'000)	Getal werknemers
1	361 187	143 988	6 927	196 889	39.9	467	309
2	2 309 446	259 863	46	1 177 704	11.3	464	568
3	3 071 149	218 834	185	804 777	7.1	289	806
4	1 704 253	24 255	-	357 245	1.4	564	43
5	945 643	311 474	-	540 382	32.9	381	820
6	51 519	34 144	5 476	16 540	66.3	579	60
Totaal	8 443 197	992 558	12 634	3 093 537	11.8	390	2 606

Let wel: Die getal werknemers verwys na alle individue wat tydens die verslagtydperk vergoed is, met insluiting van interns (Premier se Bevordering van die Jeug [PAY], matriek, gegradsueerde ens) maar met uitsluiting van die provinsiale minister. Die getal werknemers is akkumulatief en weerspieël nie oorsigtelike getalle soos op 'n spesifieke datum nie.

Tabel 3.1.2: Personeelbesteding per salarisband, 2020/21

Salarisbande	Personeelbesteding (R'000)	% van totale personeelbesteding	Gemiddelde personeelbesteding per werknemer (R'000)	Getal werknemers
Interns	423	0,0	9	46
Laergeskoold (Vlake 1-2)	55 165	5,6	152	364
Geskoold (Vlake 3-5)	143 413	14,4	232	617
Hoogsgeskoold produksie (Vlake 6-8)	411 535	41,4	386	1 066
Hoogsgeskoold toesighouding (Vlake 9-12)	315 970	31,8	690	458
Senior bestuur (Vlake 13-16)	67 020	6,7	1 219	55
Totaal	993 527	100,0	381	2 606

Let wel: Die getal werknemers verwys na alle individue wat tydens die verslagtydperk vergoed is, met insluiting van interns (Premier se Bevordering van die Jeug [PAY], matriek, gegradsueerde ens) maar met uitsluiting van die provinsiale minister. Die getal werknemers is akkumulatief en weerspieël nie oorsigtelike getalle soos op 'n spesifieke datum nie.

Tabel 3.1.3: Salarisse, oortyd, behuisingsstoelae en mediese hulp per program, 2020/21

Programme	Salarisse		Oortyd		Behuisingsstoelae		Mediese hulp	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as 'n % van personeel- besteding	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeel- besteding	Bedrag (R'000)	Behuisings- stoelae as 'n % van personeel- besteding	Bedrag (R'000)	Mediese hulp as 'n % van personeelbeste- ding
1	102 112	10,3	130	0,0	3 388	0,3	7 342	0,7
2	185 290	18,6	233	0,0	4 682	0,5	9 428	0,9
3	148 249	14,9	554	0,1	9 480	1,0	16 466	1,7
4	16 834	1,7	927	0,1	342	0,0	814	0,1
5	213 045	21,4	7 577	0,8	9 931	1,0	21 503	2,2
6	19 771	2,0	-	-	628	0,1	1 470	0,1
Totaal	685 300	69,0	9 421	0,9	28 450	2,9	57 023	5,7

Note: Let wel: Die tabel hierbo maak nie voorsiening vir ander uitgawes soos pensioene, prestasiebonusse en ander toelaes wat deeluitmaak van die totale personeelbesteding nie. Bogenoemde uitgawes weerspieël vir alle individue wat gedurende die verslagtydperk vergoed word, insluiting van interns (Premier se Bevordering van die Jeug [PAY], matriek, gegradsueerde ens.) maar met uitsluiting van die provinsiale minister.

Tabel 3.1.4: Salarisse, oortyd, behuisingsstoelae en mediese hulp per salarisband, 2020/21

Salarisbande	Salarisse		Oortyd		Behuisingsstoelae		Mediese hulp	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as 'n % van personeel- besteding	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeel- besteding	Bedrag (R'000)	Salarisse as 'n % van personeel- besteding	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeel- besteding
Interns	379	0,0	-	-	-	-	-	-
Laergeskoold (Vlakte 1-2)	35 254	3,5	203	0,0	4 479	0,5	7 515	0,8
Geskoold (Vlakte 3-5)	96 476	9,7	1 204	0,1	7 297	0,7	13 667	1,4
Hoogsgeskoold produksie (Vlakte 6-8)	286 764	28,9	7 298	0,7	13 490	1,4	28 293	2,8
Hoogsgeskoold toesighouding (Vlakte 9-12)	222 029	22,3	716	0,1	2 938	0,3	7 139	0,7
Senior bestuur (Vlakte 13-16)	44 399	4,5	-	-	245	0,0	408	0,0
Totaal	685 300	69,0	9 421	0,9	28 450	2,9	57 023	5,7

### 3.2 Indiensneming en vakatures

Die volgende tabel is 'n opsomming van die getal aktiewe poste op die diensstaat, die getal werknemers (uitgesonder interns en die minister) en die persentasie aktiewe vakante poste soos aan die einde van die boekjaar. Hierdie inligting word aangebied ooreenkomsdig drie veranderlikes, naamlik: Program (Tabel 3.2.1), salarisband (Tabel 3.2.2) en kritieke beroepe (Tabel 3.2.3). Alle inligting in hierdie gedeelte word as 'n oorsig aan die einde van die finansiële oorsigjaar verskaf.

Tabel 3.2.1: Indiensneming en vakatures per program soos op 31 Maart 2021

Programme	Getal befondsde poste	Getal poste gevul	Vakturekoers %
1	294	288	2,0
2	534	518	3,0
3	770	747	3,0
4	42	42	-
5	793	767	3,3
6	55	55	-
Totaal	2 488	2 417	2,9

Tabel 3.2.2: Indiensneming en vakatures per salarisbande, soos op 31 Maart 2021

Salarisband	Getal befondsde poste	Getal poste gevul	Vakturekoers %
Laergeskoold (Vlakke 1-2)	466	466	-
Geskoold (Vlakke 3-5)	441	435	1,4
Hoogsgeskoold produksie (Vlakke 6-8)	1 096	1 062	3,1
Hoogsgeskoold toesighouding (Vlakke 9-12)	429	403	6,1
Senior bestuur (Vlakke 13-16)	56	51	8,9
Totaal	2 488	2 417	2,9

Tabel 3.2.3: Indiensneming en vakatures per kritieke beroep, soos op 31 Maart 2021

Kritieke beroepe	Getal befondsde poste	Getal poste gevul	Vakturekoers %
Argitek	45	41	8,9
Argitektuurtegnikus	4	4	-
Argitektuurtegnoloog	14	14	-
Konstruksieprojekbestuurder	2	2	-
Ingenieur	68	63	7,4
Ingenieurtegnikus	32	28	12,5
Ingenieurtegnoloog	6	3	50,0
GISc-Tegnoloog	1	1	-
GISc-Tegnikus	2	2	-
Bourekenaar	29	28	3,4
Bourekenaartegnikus	3	3	-
Stads- en Streekbeplanner	1	1	-
Totaal	207	190	8,2

Let wel: Kritieke beroepe verwys na beroepe van kritieke belang vir dienslewing is. As hierdie beroepe nie in die departement teenwoordig is nie, sal funksionering/dienste in due stort.

### 3.3 Posevaluering

Posevaluering is bekendgestel as 'n manier om te verseker dat werk van gelyke waarde gelyk vergoed word. Binne 'n raamwerk wat nasionaal neergelê is, word daar van uitvoerende gesagspersone verwag om elke nuwe pos op hul diensstate te evalueer of om enige pos te herevalueer waar die mandaat of inhoud beduidend verander het. Hierdie posevaluatingsproses bepaal die gradering en salarisvlak van 'n pos. Hier is dit belangrik om te begryp dat personeellede se posevaluering en prestasiebestuur verskil in die sin dat posevaluering verwys na die waarde/gewig wat toegeken word aan die

aktiwiteite wat met 'n pos verband hou en dat prestasiebestuur verband hou met 'n aanslag van individuele prestasie.

Tabel 3.3.1 verskaf 'n opsomming van die getal poste wat in die oorsigjaar geëvalueer is. Die tabel verskaf ook statistiek oor die getal poste wat op- of afgegradeer is.

Tabel 3.3.1: Posevaluering, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Salarisband	Totale aantal befondsde poste soos op 31 Maart 2021	Getal poste geëvalueer	% poste geëvalueer	Poste opgegradeer		Poste afgegradeer	
				Getal	Opgegradeerde poste as 'n % van totale poste	Getal	Afgegradeerde poste as 'n % van totale poste
Laergeskoold (Vlakke 1-2)	466	0	0,0	0	0,0	0	0,0
Geskoold (Vlakke 3-5)	441	0	0,0	1	0,0	0	0,0
Hoogsgeskoold produksie (Vlakke 6-8)	1 096	0	0,0	0	0,0	0	0,0
Hoogsgeskoold toesighouding (Vlakke 9-12)	429	1	0,0	5	0,2	0	0,0
Senior bestuur Diensband A (Vlak 13)	38	2	0,1	0	0,0	0	0,0
Senior bestuur Diensband B (Vlak 14)	13	0	0,0	3	0,1	0	0,0
Senior bestuur Diensband C (Vlak 15)	4	0	0,0	0	0,0	0	0,0
Senior bestuur Diensband D (Vlak 16)	1	0	0,0	0	0,0	0	0,0
Totaal	2 488	3	0,1	9	0,4	0	0,0

Let wel: Die "Aantal poste geëvalueer" per salarisband weerspieël die finale goedkeurde posvlak na posevaluering.

Poste is in hierdie boekjaar opgegradeer of afgegradeer as gevolg van nasionale standarde en werksevalueringsprosesse wat gedurende die oorsigtydperk plaasgevind het.

Tabel 3.3.2: Profiel van werknemers wie se salarisposisies opgegradeer is weens die feit dat hul poste opgegradeer is, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Begunstigdes	Swart	Indier	Bruin	Wit	Totaal
Vroulik	0	4	0	1	5
Manlik	0	2	0	2	4
Totaal	0	6	0	3	9
Werknemers met gestremdhede					0

Let wel: Tabel 3.3.2 verskaf 'n uiteensetting van daardie poste wat volgens tabel 3.3.1 opgegradeer is.

Tabel 3.3.3 verskaf 'n opsomming van die aantal gevalle waar salarisvlakke die graad oorskry wat deur posevaluering bepaal is of waar hoër kerwe binne 'n spesifieke graad aan werknemers toegestaan is. Redes vir die afwyking word in alle gevalle verskaf.

Tabel 3.3.3: Werknemers per vername beroep aan wie hoër salarissoe toegestaan is anders as dié wat deur posevaluering bepaal is, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Vernam beroep	Getal werknemers	Posevalueringvlak	Vergoeding op 'n hoër salarisvlak	Vergoeding op 'n hoër kerf van dieselfde salarisvlak	Rede vir afwyking
Geen					

Tabel 3.3.4: Werknemers aan wie hoër salarissoe toegestaan is anders as daardie wat deur posevaluering bepaal is, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Begunstigdes	Swart	Indiër	Bruin	Wit	Totaal
Geen					

Let wel: Tabel 3.3.4 is 'n uiteensetting van tabel 3.3.3 per ras en geslag.

### 3.4 Veranderings in indiensneming

Omsetkoerse gee 'n aanduiding van die tendense in die DVOW se indiensnemingsprofiel tydens die oorsigjaar. Die volgende tabelle verskaf 'n opsomming van die omsetkoers per salarisband (Tabel 3.4.1) en per kritieke beroepe (Tabel 3.4.2). Hierdie gedeelte sluit nie inligting oor interns in nie.

Tabel 3.4.1: Jaarlikse omsetkoerse per salarisband, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Salarisband	Getal werknemers soos op 31 Maart 2020	Omset- koers 2019/20 %	Aan- stellings in die departe- ment	Ver- plasings na die departe- ment	Be- ëindigings uit departe- ment	Verpla- sings uit die departe- ment	Omsetkoers 2020/21 %
Laergeskoold (Vlakte 1-2)	451	2,6	54	0	9	1	2,2
Geskoold (Vlakte 3-5)	433	11,9	29	0	52	1	12,2
Hoogsgeskoold produksie (Vlakte 6-8)	1 098	6,6	24	2	51	5	5,1
Hoogsgeskoold toesighouding (Vlakte 9-12)	400	9,9	27	0	32	1	8,3
Senior bestuur Diensband A (Vlak 13)	40	2,7	0	0	2	0	5,0
Senior bestuur Diensband B (Vlak 14)	10	25,0	0	0	2	0	20,0
Senior bestuur Diensband C (Vlak 15)	4	0,0	0	0	0	0	0,0
Senior bestuur Diensband D (Vlak 16)	1	0,0	0	0	0	0	0,0
Totaal	2 437	7,4	134	2	148	8	6,4

Let wel: Verplaasings verwys na die laterale beweging van werknemers vanaf een staatsdiensdepartement na 'n ander. Die omsetkoers word bepaal deur die totale getal diensverlatings as 'n persentasie van die basislyn

(getal werknemers soos op 31 Maart 2020) te bereken. Interne oorplasings tussen die Departement en sy handelsonderneming SMV, is ook weerspieël in terme van aanstellings en beëindigings binne en buite die Departement.

Tabel 3.4.2: Jaarlikse omsetkoers per kritieke beroep, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Kritieke beroep	Getal werknemers soos op 31 Maart 2020	Omsetkoers 2019/20 %	Oorplasings na die departement	Verplasings na die departement	Beëindigings uit departement	Verplasings uit die departement	Omsetkoers 2020/2021 %
Argitek	44	11,4	1	0	4	1	11,4
Argitektuurtegnikus	4	0,0	0	0	0	0	0,0
Argitektuurtegno loog	14	42,9	1	0	1	0	7,1
Konstruksieprojek bestuurder	1	100,0	1	0	0	0	0,0
Ingenieur	59	10,3	9	0	4	0	6,8
Ingenieurtegnikus	30	7,1	1	0	3	0	10,0
Ingenieurtegnoloog	1	50,0	2	0	0	0	0,0
GISc-Tegnoloog	2	0,0	0	0	0	0	0,0
GISc-Tegnikus	1	0,0	0	0	0	0	0,0
Bourekenaar	29	0,0	0	0	1	0	3,4
Bourekenaar tegnikus	3	40,0	0	0	0	0	0,0
Stads- en Streekbeplanner	1	0,0	0	0	0	0	0,0
<b>Totaal</b>	<b>189</b>	<b>12,9</b>	<b>15</b>	<b>0</b>	<b>13</b>	<b>1</b>	<b>7,4</b>

Let wel: Die omsetkoers word bepaal deur die totale getal diensverlatings as 'n persentasie van die basislyn (getal werknemers soos op 31 Maart 2020) te bereken.

Tabel 3.4.3: Personeel wat die DVOW se diens verlaat, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Kategorie van uittrede	Getal	% van totale uittredes	Getal uittredes as 'n % van totale aantal werknemers soos op 31 Maart 2020
Afsterwe	18	11,5	0,7
Bedanking *	52	33,3	2,1
Verstryking van kontrak	22	14,1	0,9
Ontslag – operasionele veranderings	0	0,0	0,0
Ontslag – wangedrag**	11	7,1	0,5
Ontslag – ondoeltreffendheid	0	0,0	0,0
Ontslag weens swak gesondheid	1	0,6	0,0
Aftrede	44	28,2	1,8
Werknemer het 'n skeidingspakket geïnisieer	0	0,0	0,0
Oorplasings na statutêre liggaam	0	0,0	0,0
Verplasing na ander staatsdiensdepartemente	4	2,6	0,2

Kategorie van uittrede	Getal	% van totale uittredes	Getal uittredes as % van totale aantal werknelers soos op 31 Maart 2020
Bevordering na 'n ander WKR-Departement	4	2,6	0,2
Totaal	156	100,0	6,4

Let wel: Tabel 3.4.3 identifiseer die verskillende kategorieë van uittrede vir daardie personeellede wat die departement se diens verlaat het.

\* Bedankings word verder in tabelle 3.4.4 en 3.4.5 toegelig.

\*\* Ontslag-wangedrag sluit 5 afwesighede in.

Tabel 3.4.4: Redes waarom personeel bedank het, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Redes vir bedanking	Getal	% van totale bedankings
Ander beroep	1	1,9
Voltydse studies	1	1,9
Geen rede verskaf nie	22	42,3
Behoefté aan loopbaanverandering	7	13,5
Ontvredeheid met voordele	3	5,8
Huidige vergoeding	2	3,8
Persoonlike gesondheid	5	9,6
Werk/lewe balans	4	7,7
Gesin/persoonlike omstandighede (bv. Verplasing van man/vrou/ lewensmaat)	3	5,8
Begin eie besigheid	2	3,8
Gebrek aan bevorderingsgeleentheid	2	3,8
Totaal	52	100,0

Tabel 3.4.5: Verskillende ouderdomsgroepe van personeel wat bedank het, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Ouderdomsgroep	Getal	% van totale bedankings
Ouderdom <19	0	0,0
Ouderdom 20 tot 24	0	0,0
Ouderdom 25 tot 29	8	15,4
Ouderdom 30 tot 34	14	26,9
Ouderdom 35 tot 39	7	13,5
Ouderdom 40 tot 44	2	3,8
Ouderdom 45 tot 49	6	11,5
Ouderdom 50 tot 54	6	11,5
Ouderdom 55 tot 59	4	7,7
Ouderdom 60 tot 64	5	9,6
Ouderdom 65 >	0	0,0
Totaal	52	100,0

Tabel 3.4.6: Werknemergeïnisieerde skeidingspakkette

Totale getal werknemergeïnisieerde skeidingspakkette in 2020/ 2021	Geen
--	------

Tabel 3.4.7: Bevorderings volgens salarisgroep, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Salarisband	Werknemers soos op 31 Maart 2020	Bevorderings na 'n ander salarisband	Bevorderings <b>as 'n % van totale werknemers</b>	<b>Progressie na 'n ander kerf binne 'n salarisband</b>	<b>Kerfprogressies as 'n % van totale werknemers binne 'n salarisband</b>
Laergeskoold (Vlakke 1-2)	451	0	0,0	105	23,3
Geskoold (Vlakke 3-5)	433	8	1,8	243	56,1
Hoogsgeskoold produksie (Vlakke 6-8)	1 098	68	6,2	521	47,4
Hoogsgeskoold toesighouding (Vlakke 9-12)	400	8	2,0	223	55,8
Senior bestuur (Vlakke 13-16)	55	0	0,0	34	61,8
<b>Totaal</b>	<b>2 437</b>	<b>84</b>	<b>3,4</b>	<b>1 126</b>	<b>46,2</b>

Let wel: Werknemers wat nie vir kerfprogressies kwalifiseer nie, is nie ingesluit nie. Promosies verwys na die totale aantal werknemers wat tot 'n hoër posvlak binne die DVOW gevorder het deur aansoek te doen en suksesvol te wees vir 'n geadverteerde pos deur middel van die werwings- en keuringsproses.

Tabel 3.4.8: Bevorderings per kritieke beroep, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Kritieke beroep	Werknemers soos op 31 Maart 2020	Bevorderings na 'n ander salarisband	Bevorderings <b>as 'n % van totale werknemers in kritieke beroep</b>	<b>Progressie na 'n ander kerf binne 'n kritieke beroep</b>	<b>Kerfprogressies as 'n % van totale werknemers binne 'n kritieke beroep</b>
Argitek	44	2	4,5	19	43,2
Argitektuurtegnikus	4	0	0,0	3	75,0
Argitektuurtegnoloog	14	0	0,0	2	14,3
Konstruksieprojekbestuurder	1	0	0,0	0	0,0
Ingenieur	59	4	6,8	22	37,3
Ingenieurtegnikus	30	0	0,0	16	53,3
Ingenieurtegnoloog	1	0	0,0	1	100,0
GISc- Tegnoloog	2	0	0,0	0	0,0
GISc-Tegnikus	1	0	0,0	1	100,0
Bourekenaar	29	0	0,0	6	20,7
Bourekenaartegnikus	3	0	0,0	3	100,0
Stads- en Streekbeplanner	1	0	0,0	1	100,0
<b>Totaal</b>	<b>189</b>	<b>6</b>	<b>3,2</b>	<b>74</b>	<b>39,2</b>

Let wel: Werknemers wat nie vir kerfprogressies kwalifiseer nie, is nie ingesluit nie. Promosies verwys na die totale aantal werknemers wat tot 'n hoër posvlak binne die DVOW gevorder het deur aansoek te doen en suksesvol te wees vir 'n geadverteerde pos deur middel van die werwings- en keuringsproses.

### 3.5 Diensbillikheid

Tabel 3.5.1: Totale aantal werknemers (ingeslote werknemers met gestremdhede) in elk van die volgende beroepsvlakke, soos op 31 Maart 2021

Beroepsvlakke	Manlik				Vroulik				Buitelandse burgers		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Topbestuur (Vlake 15-16)	0	1	0	2	0	1	0	1	0	0	5
Senior bestuur (Vlake 13-14)	2	16	3	9	3	5	0	8	0	0	46
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlake 9-12)	27	135	13	94	36	67	6	43	4	5	430
Bedreve tegnies- en akademies-gekwalifiseerde werkers, junior bestuurders, toesighouers, voormanne en superintendente (Vlake 6-8)	146	315	4	69	140	282	2	60	2	1	1 021
Halfgeskooldes en diskresionére besluitnemers (Vlake 3-5)	122	228	1	22	58	125	1	6	0	0	563
